

Kerkregering - Lesings 1977/3

DIE KERKORDE VAN DIE GEREFORMEERDE KERK IN S.A.

DEEL I

1. Inleiding
2. Oor die Dienste

Prof. G.P.L. v.d. Linde

Die Kerkorde van die Gereformeerde Kerk in S.A.

Inleiding

Die wordingsgeskiedenis van die D.K.O., wat met wysiginge aanvaar is as die K.O. van die Gereformeerde Kerk in S.A., word nie hier behandel nie. Ek verwys na die diktaat van wyle prof. van der Vyver hieroor sowel as die kladiktaat, Kerkreg I en II 1977.

Nadat ds. D. Postma, ooreenkomstig die grondwet van die Z.A.R., deur die Algemene Kerkvergadering van die Hervormde Kerk in die Z.A.R. op 10 Januarie 1859 ondersoek is om vas te stel of hy suiwer in leer en lewe is, skryf die praeses van die vergadering op 11 Januarie 1859 aan hom o.a. dat "wij Ueerwaarde hebben leeren kennen als een Herder en Leraar, met wiens prediking van het Evangelie wij nie alleen volkomen te vreden zijn, maar openhartig betuigen dat uwe troosrijke Evangelie taal onze harten geheel in liefde voor uw persoon heeft ingenomen".

Hy word gevra om hom in "onze Kerk" beroepbaar te stel, maar daar word onder sy aandag gebring: "Die Kerkelijke inrichting, maar ook niets meer, wenscht de Vergadering bovengenoemd dat hier zal in-stand blijven". En hulle begeer dat hy "onze kerk" sal dien "zoo-als die thans bestaat".

Op dieselfde dag antwoord ds. Postma dat hy hom nie beroepbaar kan stel nie. "Ik acht, dat ik gisteren dit genoeg uit Gods Woord en de Gereformeerde Kerkregeering heb aangetoond,.....".

Verder skryf hy dat vyftien broeders dit onmoontlik gevind het "om onder zulk een overheerschend Kerkbestuur langer in die kerkelijke Gemeenschap te blijven.....". Hulle kom dan blykens hulle verklaring aan die Algemene Vergadering, sonder dat hy hulle enigszins raad gegee het, tot die besluit om "te bestaan als eene Vrije Gereformeerde Kerk, overeenkomstig de leer, tucht en dienst der vaderen zooals die zich te Dordrecht, in de jaren 1618 en 1619 hebben geopenbaard in hunne Nationale Synode, de Kerkorde gewijzigd naar dat onze tegenwoordige omstandigheden het verorderen". (Alle aanhalings soos gevind en die oorspronklike dokumente, afgedruk by: D. Postma : Geschiedenis Der Gereformeerde Kerk. Paarl 1905 pp. 122-124).

Die wysiginge waarvan sprake is, is aangebring deur ds. D. Postma. Die Sinode van Reddersburg 1862, stel die gewysigde KO van Postma egter ter syde en aanvaar die D.KO netso, behalwe dat die regte wat aan die owerheid in sekere artikels gegee is weggelaat is. Voorts sou die KO (veral wat die instelling van meerdere vergaderings) sover moontlik nageleef word onder die landsomstandighede.

Na 1862 is daar ooreenkomstig art. 86, deur verskillende sinodes wysiginge aangebring. Die Sinode te Potchefstroom 1964 het n deurtastende hersiening goedgekeur; terwyl veral met die oog op die konstituering van n Algemene Sinode verdere wysiginge deur die daaropvolgende Sinodes gemaak is.

In die algemeen kan gesê word dat daar geen prinsipiële afwyking van die D.KO in die KO van die Geref. Kerk in SA voorkom nie. Die wysiginge waar dit ingrypend van aard was, sal bespreek word by elke artikel, waar dit nodig is.

2. Verklaring van die Kerkorde

ARTIKEL 1

Artikel 1 het n inleidende karakter en sluit aan by die inleiding tot die Weselse Artikels, waarin die karakter van die KO kernagtig weer-gegee is in die stelling : Praecipit Apostolus Paulus ut in ecclesia Dei omnia fiant ordine et decenter : Quo non modo unanimis ecclesiae in doctrina, verum etiam in ipso ordine et politica ministerii gubernatione constet ac habeatur consensus":

Die Kerkorde het n skriftuurlike grondslag en is daarom ook in die belydenis (art. 30-32) gewortel. Omdat die kerke een is in belydenis moet hulle ook as soveel openbaringe van die een liggaam van Christus (die Universele kerk) één wees in kerkregering. Die kerkorde is vrug van die belydenis en word deur die kerke, saam in Sinode, gesamentlik vasgestel. Dit is dus nie so dat daar eers n Kerkorde is en daarna n sinode wat op gesag van die KO saamgeroep is nie. Die KO sou in so n geval akkoord van gemeenskap wees.

Die kerke wat een in belydenis is het in die Nederlande en SA 1859 egter byeengekom en ooreenkomstig die belydenis n kerkorde opgestel.

Die kerkorde is nie naas die belydenis n akkoord van kerklike gemeenskap nie. Dit is wel vrug van die belydenis en in beginsel in

die belydenis vervat. Joh. Jansen soos meeste Gereformeerde Kerkregtelikes - benadruk dit dat die KO nodig is vir die welwese en nie vir die wese van die kerk nie. Daarteenoor moet gestel word dat die wese van die kerk as liggaam van Christus, wat ook die gemeenskap van die burgers van die koninkryk van die hemele is, die kerkorde noodsaak. n Liggaam wat sonder n hoof is leef nie, en n koninkryk sonder n koning of n koning wat nie regeer nie laat die ryk disintegreer in n anargie. Kerk en kerkorde hoort kragtens die wese van die kerk bymekaar. Die een kan nie sonder die ander wees nie. Die kerkorde dien dus nie om die kerk beter kerk te laat wees nie. Dit dien om die kerk kerk te laat wees. Liggaam van Christus, gemeenskap van die burgers van die koninkryk van die hemele wat hulle verlustig in die wet van die koning en blymoedig daarna jaag om dit te gehoorsaam. Sonder kerkorde kan die kerk nie bestaan nie. Deur die kerkorde leef die kerk uit sy Hoof.

Daarom word in artikel 1 voorop gestel dat die kerk aan Christus behoort. En "om goeie orde in die kerk van Christus te onderhou" veronderstel vanselfsprekend dat Hy as die Enige en Enigste Hoof en Koning, daarvan erken moet word. Daar is geen plek vir n menslike hoof nie. Die kerk is sy liggaam (Ef. 1:22,23; 1 Kor. 12:12 evv.); Sy bruid (Openb. 19:7 e.v.); Sy gebou en sy Tempel (1 Kor. 3:9-23), (vgl. oor die Hoofskap van Christus en die beelde om die verhouding tussen Christus en die kerk uit te druk veral J.J.v.d. Walt : Christus as Hoof van die Kerk en die Presbiteriale Kerkregering. Potchefstroom 1976).

Hoewel Christus koning is van die kerk sorg Hy ook dat sy kerk aan Hom gehoorsaam kan wees. Daarom dien die uitdrukking "Kerk van Christus" ook om die geestelike karakter van die KO te benadruk teenoor die juridies-dwingende. Christus eis in die kerkorde van sy kerk wat Hy ook aan hulle skenk : gehoorsaamheid. Hy het die kerk duur gekoop. Met sy bloed. Die skape luister daarom na die stem van die Goeie Herder. Hulle volg Hom gewillig en met vreugde (Joh. 10). Hier is geen sprake van dwang nie. Die nuwe mensheid in Christus word juis gekenmerk deur die: spreek Here U dienskneg hoor!

Daar kan as Christus die Hoof en Koning van sy kerk is, alleen van

"goeie orde" in die kerk sprake wees as dit regeer word ooreenkomstig sy wil; soos Hy dit in sy Woord geopenbaar het. Die woordjie "orde" hou in dat alles in die kerk gedoen moet word ooreenkomstig die voorskrifte van Christus. Alles moet in die kerk eerbaar en fatsoenlik geskied, d.w.s. in ooreenstemming met die eise vir die gedrag wat Hy voorskryf vir die gemeenskap van gelowiges (vgl. 1 Kor. 14:40.

wat die wortelbetekenis het van goeie uiterlike gedrag; n gedrag wat in ooreenstemming is met wat voorgeskryf is vir die betrokke gemeenskap. van : om vas te stel, die orde vas te stel; die wet voor te lê; te bepaal; vas te stel wat goed of sleg is).

Daar moet ook op gelet word soos prof. v.d. Vyver tereg eis - dat die Heilige Gees deur die apostel Paulus Orde en Vrede onlosmaaklik aan mekaar koppel in 1 Kor. 14:33. Orde stig vrede en vrede het die orde as vrug. Orde en Vrede vloei beide uit die Middelaarswerk van Christus voort. Orde : die gemeenskap met God en mekaar is herstel; die gedrag teenoor God en mekaar is reg; die Wet van Christus word weggejaag en omdat ons in Christus nuwe skepsels is en ons gedrag in Hom reg is, heers daar vrede; het ons die ware gemeenskap met God en mekaar (vgl. ook 1 Joh. 1). (Lees hierby Calvyn Institusie Deel III Boek IV, Hfs. X).

Die kerk kan nie as kerk bestaan as Christus nie as Hoof erken word en die regering daarvan nie ooreenkomstig Sy Woord is nie.

In die regering van die kerk bedien Christus Hom van mense (vgl. Klasdiktate Kerkreg I & II 1976 en 1977). Hy dra sy gesag nie aan hulle oor nie; Hy bedien Hom van mense terwyl Hy sy gesag uitoefen (vgl. Grondbeginsels 1965; en "Christus as Hoof....." 1976).

Om hierdie waarheid tuis te bring het die Vaders - nog sterk onder die indruk van hoe Rome Christus deur die Pous uit sy kerk verdring het - die NT begrip diens () in artikel 1 op die voorgrond gestel.

Die mense deur wie Christus regeer is maar geroepe diensknegte. Hulle moet net deurgee wat Hy beveel in sy Woord. Hulle is gesante (), Koningsbodes, engele (vgl. Openbaringe 1 en 2). Die Heilige Gees noem hulle ook steeds deur die apostels in hulle briewe : diensknegte, slawe (). Hulle het geen

waardigheid of gesag in hulle self nie. Hulle waardigheid het hulle van die diens aan hulle opgedra en hulle gesag van die Woord wat hulle bedien.

Die Kerkorde reël van art. 2-28 alles wat noodsaaklik is met betrekking tot die dienste - die werk wat gedoen moet word en die persone wat die werk moet doen om die regering van Christus in sy kerk te verwerklik. Dit gaan dus in die deel oor die amp die werk wat opgedra is aan besondere, daartoe aangewese en gemagtigde persone. Daarom word hulle ampsdraers genoem.

Nadat die Hoofskap van Christus uitgelig is en die dienskarakter van die amp beklemtoon is, stel art. 1 dat aandag in die KO gegee sal word aan hoe die dienswerk verrig moet word (art. 29-52). Dit geskied in die afdeling oor die samekomste of kerklike vergaderinge. Diegene wat deur Christus gebruik word in die regering van sy kerk moet hulle taak gesamentlik - in oorleg met mekaar - volbring. Hoewel elkeen sy taak persoonlik moet volbring en daarvoor verantwoordelik is, (vgl. o.a. Esegël 3:16 v.v. en 1 Kor. 3:9 v.v.) tree hulle tog nie onafhanklik van mekaar op nie. Die profete moet die profete beoordeel. 1 Korintheërs 14:29 kan ook op die ampsdraers van toepassing gemaak word as gelet word op die normatiewe voorbeelde in die NT vgl. Handeling 13:2 en 3; Handeling 15 en 20:28 en 22:18. Die NT briewe benadruk ook dat die diensknegte gesamentlik hulle dienswerk doen. Die samekomste of kerklike vergaderinge is ingeweef in die patroon waarvolgens Christus sy kerk regeer deur die diens van mense (vgl. o.a. Fil. 1:1; 1 Tim. 5:17; 1 Petr. 5:1,2 en 1 Tim. 4:14. Die ouderlinge was verplig om in gemeenskap met ander ouderlinge saam te werk.

Nadat gestel is dat Christus regeer en deur wie Hy regeer, kondig artikel 1 vervolgens aan waarvoor in die regering gesorg word (Art. 53-86).

Daar word nl. gesorg dat die leer gehandhaaf word - dat net geleer word wat Christus geleer het (vgl. o.a. 1 Korinthe 3:9 v.v.; Matth. 4:17; 10:7) en die leer moet gehandhaaf word. Die kerk is n pilaar en grondslag van die waarheid (1 Tim. 3:15). Die Woord moet suiwer bedien word (vgl. Gal. 1:8 en 9; en Romeine 10:15; 1 Kor. 12:28) sowel as die sakramente (vgl. 1 Kor. 11:17 e.v.; Matth. 28:19

en Handeling 2:38 en 8:35-38); terwyl die tug ooreenkomstig die bevel van Christus (Matth. 16:19 en Matth. 18:15-20) gebruik word om die sondaars te straf (vgl. NGB Art. XXIX en Heidelbergse Kateg. Sondag XXXI).

ARTIKEL 2

Met artikel 2 begin die afdeling oor die dienste. Oor die term dienste is reeds gehandel by die verklaring van art. 1. Die wortelbetekenis is dat elke diens die uitvoering van die opdragte is deur besondere persone. Christus bly Hoof van sy kerk. Hy dra sy gesag aan geen mens oor nie. Hy gee opdragte en dit moet uitgevoer word. Wie die opdrag uitvoer dien Hom sowel as die kerk. Christus gee sy opdragte immers ten behoeve van sy kerk (Kol. 1:25).

Met hierdie beklemtoning van die dienskarakter van die amp word in art. 2 enersyds vasgehou aan die absolute koningskap van Christus oor sy kerk. Andersyds word die waardigheid sowel as die verantwoordelikheid van die wat Hy tot die diens roep ingeskerp. Hulle moet altyd onthou hulle tree met gesag op in die Naam van Christus; hulle is ampsdraers. Hulle moet in hulle gesagvolle optrede ook onthou dat hulle geen waardigheid of gesag in hulleself het nie. Sowel hulle waardigheid as gesag het hulle te danke aan die diens wat hulle lewer in die uitvoering van hulle opdrag. Dit is nie hulle wat regeer nie maar Christus deur sy Gees en Woord wat hulle bedien. Daarom lê in artikel 2 ook die gedagte van onderworpenheid aan die ampsdraers opgesluit. Daar moet na hulle geluister word omdat en vir sover hulle die Woord van Christus aan sy kerk deurgee. Hier is geen sprake van "ampshoogheid" nie; eerder van die "diensheerlikheid" - aan die dienskneg moet eer betoon word terwille van sy Here. Hoe getrouer die dienskneg, hoe meer kan hy hom ook koester in die heerlikheid van sy Here.

"Wie julle ontvang, ontvang My; en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het" Matth. 10:40; vgl. I Thess. 5:12 en 13.

Maar ook die teenoorgestelde is waar: "n Leerling is nie bo die meester nie, en n dienskneg nie bo sy heer nie. Dit is vir die leerling genoeg dat hy soos sy meester word en die dienskneg soos sy heer. As hulle die heer van die huis Beëlsebul genoem het, hoeveel te meer

sy huisgenote!" Matth. 10:24 en 25. In die diensheerlikheid is ook lyde opgesluit.

Die grootste heerlikheid lê vir die ampsdraer juis in die feit dat hy niks is nie (vgl. 1 Kor. 3:5-9); dat hy altyd minder en die Here altyd meer word deur sy arbeid.

Die oomblik wat die ampsdraer sy diensknegsgestalte aflê en self Koning wil speel, asof die Here sy mag aan hom oorgedra het, word oor die erfdeel van die Here geheers met verwoestende gevolge.

"Daar is vier soorte dienste....." Aanvanklik het Christus sy kerk versorg en regeer deur die volle diens aan een groep van persone op te dra : die Apostels. Spoedig het dit egter geblyk dat die volle omvang van die diens nie deur een persoon gedra kan word nie. Daar is verskillende persone nodig om in die kerk die dienste te lewer wat Christus daarvoor nodig ag (vgl. hieroor verder oor die ontstaan van die ampte Diktaat, Kerkreg I en II 1976 en Diktaat 1977).

Die dienste wat Christus as die Ampsdraer in Homself verenig het en wat reeds in die OT afgebeeld is onder Israel deur die Profete, Priesters en Konings, en aanvanklik aan die Apostels opgedra is, is nou verdeel onder verskillende persone. Mens verwag dan drie groepe ampsdraers wat die Profetiese, Priesterlike en Koninklike amp uit-oefen.

In de eerste publÿcke kerckenordeningh ende Liturgie der Nederlantscher kercken naamlik "De Christliche Ordinanciën der Nederlantscher Ghemeinten te Londen (1554)" noem Marten Micron "de onveranderlicke outoriteit der Scriften volghende " " twee sonderlicke ordenen der dienaren", die ouderlinge en diakens. By nadere ondersoek blyk dit egter dat Micron tog drie ampte onderskei as hy dadelik verklaar: "in de eerste orden der Ouderlinghen sÿnder, de welcke in d'wort ende leeringe arbeiden : ende dese werden inde Schrift geheeten. Bisschoppen Herders ende Leeraers" (Cap. 1) (vgl. Kerkhistorische Studiën. Onder redactie van dr. J. Lindeboom, Dr. M. van Rhÿn, Dr. J.N. Bakhuizen van den Brink. Deel VII. Marten Micron : De Christliche Ordinancien der Nederlantscher Ghemeinten te Londen (1554) door Dr. W.F. Dankbaar 'S-Gravenhage 1956 pp. 1 en 41).

Die vierde diens, die van die doktore of professore kom nog nie direk by Micron na vore nie. Dit lê verskuil onder die profesieë

wat gehou is. Ook die NGB maak net van drie ampte melding in art. XXX. Prof. dr. J.D. du Toit verklaar dat die NGB dit net het oor die kerkregering, waarvoor net drie dienste nodig is.

Calvyn aanvaar vier ampte (vgl. Institusie Boek IV Deel III. Sizoo, Hoofstuk III, veral pp. 54-71) op grond van Efesiërs 4:11. Die Dordtse Vaders, op voetspoor van 'S-Gravenhage 1586, volg Calvyn hierin na maar beperk die doktore amp, anders as Calvyn, in art. 18 tot "Professoren inder Theologie". Calvyn het die professore ook onder die doktore gereken maar daar was ook doktore wat nie professore was nie. Hulle moes die Skrif uitleë en die leer verdedig het.

Die Dordtse redaksie van 1618/19 is aanvanklik netso oorgeneem in art. 2 van ons KO. Met die revisie van 1964 is die doktore met "professore aan die Teologiese Skool" vervang.

Die gerevideerde artikel noem nog vier dienste, maar uit art. 16,23, 25 en 18 blyk dit dat die vier dienste verdeel is onder drie ampte: nl. bedienaar van die Woord, ouderling en diaken.

In die motivering vir die wysiging van art. 2 word die aandag daarop gevestig dat "dienste" in art. 2 n ruimer betekenis het as wat gewoonlik onder ampte verstaan word. Die opvatting word gedra deur die feit dat die Latynse uitgawe van die D.KO twee verskillende terme gebruik vir die begrip diens nl. "functio" in art. 2 en "officium" in art. 16,23 en 25.

Functio sou dan die ruimer betekenis van diens en officium die engere betekenis van amp hê.

Hoewel ons hier te doen kry met die probleem van die doktore amp as n vierde kerklike amp (sommige noem dit n "skool amp") sowel as die vraag of daar wel in breër en engere sin van dienste sprake is, moet eerstens gekonkludeer word dat dit op geen prinsipiële verskil tussen die opvattinge oor die amp dui nie. Of daar nou van 4 dienste en daarmee 4 ampte of van 4 dienste en 3 ampte sprake is, gaan dit nog altyd oor die uitoefening van dit wat eie is aan die drie ampte van Christus deur sy gemeente. Die Bedienaars van die Woord en doktore of Teologiese professore oefen die profetiese, die ouderlinge die koninklike en die diakens die priesterlike amp uit. Die professore van die Teologiese Skool van die Geref. Kerk in S.A. is bedienaars

van die Woord wat afgesonder is deur die kerke vir die opleiding van toekomstige bedienaars van die Woord. Hier word nie ingegaan op die vraag of die opleiding van predikante n kerklike of Universiteits taak is nie. Die amp van die professore - ons gaan uit van die standpunt op grond van 2 Tim. 2:30 dat opleiding van predikante wel n kerklike taak is - is dan n verdere differensiasie uit die van die bedienaar van die Woord uit die oorspronklike één ouderling-amp, sonder om dié wesenlike van dié amp prys te gee. Prof. J.J. v.d. Walt huldig dan tereg die standpunt dat amp en diens as sinonieme gebruik moet word omdat die karakter van die kerklike amp bediening is, en sy taak is dienswerk onder opdrag van Christus aan sy kerk (Christus as Hoof van die kerk p. 149). Hy aanvaar egter nie dat daar 4 ampte is nie, maar wil die diens van die professore bly koppel aan die amp van die bedienaar van die Woord.

Ek is egter van oortuiging dat die werklikheid eis dat die ontwikkeling van n vierde amp uit dié van die bedienaar van die woord, noodwendig aanvaar moet word, sodat ons van die 4 ampte in die kerk moet spreek waardeur Christus Hom bedien vir die versorging en regering van sy kerk op aarde.

Behalwe die "vier soorte dienste" is daar ook nog hulpdienste wat nie kerklike ampte is nie. So het Calvyn die sg. diakonesse vir die verpleging van siekes erken; gedurende die 16e en 17e eeu is op groot skaal deur die V.O.I.C. van sieketroosters gebruik gemaak. In die negentiende eeu weer het die oefenaar op die toneel verskyn in Nederland. In die Geref. Kerk van S.A. tot onlangs nog gebruik gemaak van oefenaars veral op die sendingveld.

Hoewel die gebruik van hulpdienste geoorloof is, moet daar tog in die verband met groot versigtigheid opgetree word. Daar moet altyd in gedagte gehou word dat Christus as reël wat Hy in sy kerk wil doen, doen deur die wettige ampsdraers.

ARTIKEL 3

In Artikel 1 kom die beginsel dat Christus sy kerk deur die diens van mense regeer na vore. Die diens word opgedra aan vier groepe persone volgens art. 2 wat elk n besondere deel van die diens behartig.

Vanaf art. 3 word nou van die algemene na die besondere bepalinge, eers rakende die eerste soort diens oorgegaan. Dit het betrekking op die wyse waarop die eerste groep ampsdraers : die wat "arbei in Woord en leer", in die diens gestel word.

Die negatiewe of verbiedende formulering van art. 3 is opmerklik. Dit kan toegeskryf word aan die wanpraktyke wat geheers het gedurende die sestiende eeu toe die kerke van die reformasie nog nie behoorlik georganiseer was nie. Daar was monnike, gewese priesters, sowel as persone wat die woord, sommige ook met die oog op wins, wou verkondig. Daarbenewens het uit die Anabaptistiese kringe die sogenaamde Charismatiese persone, wat net aan n inwendige verligting deur die Heilige Gees waarde geheg het, hulleself opgewerp as boodskappers van die Here. Die persone het van plek tot plek gegaan en oral waar hulle mense byeen kon kry gepreek op grond van n eie reg. Hulle is lopers genoem. Hulle was ook aan niemand verantwoording verskuldig nie. Op die manier het die suiwerheid van die leer ook in gedrang gekom. Vandaar : "Dit sal vir niemand geoorloof wees om die diens van die Woord en die Sakramente uit te oefen sonder dat hy wettig daartoe beroep en toegelaat is nie".

Ons het vandag in Geref. Kringe nog probleme met "lopers" - net op n ander manier. Dit is dié wat die roeping tot die diens van die Woord gehad het, maar dit ingeruil het vir n ander en tog nog rondgaan om, waar hulle nie wettig mag preek nie, sg. leesdienste te hou. Daar word dan geredeneer dat diegenes so begaafd en geleerd is en "soveel beter" as predikante kan preek dat dit net tot skade van die kerke is as hulle belet word om te preek.

By hierdie verskynsel kom ook die moderne vraag : op watter gronde kan n begaafde lidmaat nie toegelaat word om die Woord by geleentheid te bedien nie? Immers dit is tog die Heilige Gees wat die boodskap en die drang om dit deur te gee, in die hart lê. En die Heilige Gees is aan die kerk gegee en nie net aan n paar nie.

Teenoor hierdie soort van argumente, wat nie nuut is nie maar al vanaf die apostoliese tyd (vgl. Handeling 8:17 e.v.; II Kor. 2:17) deur die na-apostoliese tyd heen by die Montaniste en by die Anabaptiste tydens die reformatie gehoor word, staan menigeen vandag verleë. Dit sou nie die geval gewees het as daar maar net gelet was op art. 3 nie. In art. 3 word hierdie probleem ^{deur} die negatiewe formulering doelbewus op die voorgrond gestoot om dan tot 'n kort en duidelike prinsipiële antwoord te kom. Hierdie antwoord dien tege-lyk as 'n voorskrif vir die enigste manier waarop iemand tot die diens van die Woord kan kom.

Dit gaan nie eerstens om geleerdheid, gewildheid of uiterlike be-gaafdheid nie. Dit gaan in die dienste, ook die diens van die Woord, in die eerste en laaste plek om die roeping. Die OT profete sowel as die NT Apostels stel elke keer hulle roeping tot die amp op die voorgrond. Vandaar dat die Gereformeerde kerke in art. 3 die roeping as absolute voorwaarde ook vir die diens van die Woord stel, (vgl. II Kor. 2:14-17; 5:19 en 20; Matth. 4:19; Romeine 10:13-14; Matth. 28:18-20; Joh. 20:21; Hebr. 5:4). Die NGB (art. 31) stel die eis ook kernagtig : "So moet elkeen dan daarvoor oppas om nie deur onbe-hoorlike middele homself in te dring nie, maar hy moet die tyd af wag dat hy deur God geroep word, sodat hy getuigenis kan hê van sy beroe-ping om daarvan seker en gewis te wees dat dit van die Here kom".

Die roeping val uiteen in twee dele : die in- en uitwendige roeping.

Die inwendige roeping is die volhardende en standvastige innerlike drang, deur die Heilige Gees gewek, tot die diens van die Woord. Die amp word eerstens begeer (1 Tim. 3:1) al gaan dit ook dikwels ge-paard met huiwering (vgl. II Kor. 2:16; 4:7) en selfs verset (vgl. Ex. 3:10-4:17; Jeremia 1:6; Jona 1:3). By die begeerte tot die amp kom ook die gawes van verstand; van liggaamskragte; alles wat nodig is vir die diens.

Die inwendige roeping lei dan tot die suksesvolle, voorbereidende studie om die gawes te ontwikkel tot bekwaamheid vir die diens (vgl. o.a. 2 Tim. 2:2; Galasiërs 1:15-17).

Hierdie inwendige roeping wat lei tot die voorbereidende studie, moet egter bevestig word deur die uitwendige deur die kerk in die Naam van Christus. Daaroor handel artikel 4.

Die oorspronklike Dordtse artikel 3 wat lees : "Het zal niemant, al-hoe-wel hy een Doctor, Ouderlingh ofte Diaken is, geoorloft zyn..", is deur die Sinode van 1964 so gewysig dat net in die algemeen bepaal word : "Dit sal vir niemand....." Klaarblyklik is die betrokke deel weggelaat omdat die doktore ens. tog opgesluit is in die "niemand". Agterna beskou, is dit jammer dat die woorde weggelaat is. Die oorspronklike artikel het met die "al-hoe-wel hy een Doctor, Ouderlingh ofte Diaken is", doelbewus gewaak teen die indringing in die diens van n ander. Vir elke afsonderlike diens geld n afsonderlike roeping. En die roeping tot die een diens gee nie die reg tot die uitoefening van n ander diens nie. n Ouderling of Diaken mag nie preek nie. Ook nie sakramente bedien of in die reël ander ampsdraers bevestig nie. In buitengewone omstandighede wanneer daar nie n dienaar van die Woord is en die Klassis nie hulp kan bied nie, mag n ouderling of diaken of selfs n lidmaat hulpdiens lewer deur voorlesing van die Skrif en n predikasie geskryf deur n bedienaar van die woord. In uitsonderlike gevalle, as die predikante-nood hoog is, is n begaafde ouderling of lidmaat wel deur die kerkraad gemagtig om as oefenaar n stigtelike Woord te spreek - dit is dan n Woord van n broeder teenoor die broeders en geen gesagvolle bediening van die Woord nie (vgl. Rutgers "Kerklike Adviezen"). Die hulpdiens is egter deur die kerkraad en Klassis tydens die Afskeiding (1834) streng beperk, sodat wel aan n behoefte tot die diens van die Woord voldoen kon word sonder dat onwettig in die diens ingedring word. Die hulpdiens word dan altyd gedek deur wat dr. J.D. du Toit, n tydelike of enigsinds n roeping noem.

Die doelbewuste verbod op diensoorskreiding was seker ook gemik teen sommige sieketroosters wat die sakramente bedien het.

Artikel 3 het so oorspronklik doelbewus en duidelik die beginsel neergelê dat geen doktor, ouderling of diaken enigiets wat by die amp van die dienaar van die Woord hoort, mag doen nie. Dit geld nie net Woord- en Sakramentsbediening nie, maar ook bevestiging van ampsdraers en huweliksbevestigings. Met n beroep op ampsgelykheid wil sommige vandag die reg tot die uitspraak van die seën, bevestiging van ampsdraers en selfs die kerklike bevestiging van huwelike aan ouderlinge gee. Die argumentasie verloor uit die oog dat hoewel die ampte gelyk is, is hulle tog te onderskei van mekaar. Dit bly

verskillende opdragte wat uitgevoer word. Wat aan die dienaar van die Woord opgedra is mag die ouderling of die diaken nie doen nie. Prof. Rutgers gee in sy Kerkelyke Adviezen ook aandag aan die optrede van proponente en teologiese kandidate. Hulle kan 'n soort hulpdiens lewer, maar nooit amptelike werk doen nie. Met goedkeuring van die kerkraad oefen die proponente hulle preekgawes met die oog op 'n beroep; terwyl die optrede van Kandidate nog deel van hulle studie is.

Op 'n vraag of 'n proponent nie tot ouderling verkies kan word om so amptelike werk te doen nie, het Rutgers negatief geantwoord om twee redes : die proponent vertoef gewoonlik nie lank genoeg in 'n gemeente om vir verkiesing in aanmerking te kom nie en omdat dit "niet in overeenstemming zijn met de omstandigheid, dat een proponent daarvoor nog rijkelyk jong is ... eigenlyk nog niet aanstonds voor ouderling in aanmerking komt....".

Tenslotte sou dit ook nog nie sy hulpdiens 'n amptelike karakter kan gee nie omdat hy in die diens van die Woord hulpdiens lewer en ook as ouderling in dieselfde posisie bly dat hy nie die amptelike werk van 'n bedienaar van die Woord kan doen nie.

Die gerevideerde KO (1964) het ook die slot van artikel 3 (D.KO) weggelaat wat handel oor die verklaring tot 'n skeurmaker van iemand wat volhardend indring in die diens van die Woord. Dit is seker weggelaat omdat dit vanselfsprekend is dat so iemand onder die tug moet kom.

ARTIKEL 4

Sonder roeping kan niemand, hoe geleerd, voortreflik of gewild ookal, die Woord en Sakramente bedien nie (Art. 3). Daarenteen moet na die stotteraar (Moses) of die onindrukwekkende (Paulus) geluister word as hy geroep is, want "Ons tree dan op as gesante om Christus wil, asof God deur ons vermaan" (II Kor. 5:20).

1. Hoe word so iemand geroep vir die eerste keer? (Iemand wat nie tevore in die diens gestaan het nie). In die Skrif word profete dikwels meestal direk deur God; Konings direk deur Hom en deur bemiddeling van mense en die Apostels deur Christus persoonlik geroep

tot die diens waarvoor hulle bestem was. Die opvolgers van die apostels word deur bemiddeling van die kerk gekies.

1.1 In artikel 4 word nou gespreek van "die wettige beroeping....."; dit wil sê van die wyse wat die Hoof van die kerk voorgeskryf het waarop die bedienaars van die Woord geroep moet word. Hy roep dus nie weer persoonlik of direk nie, maar deur bemiddeling van sy kerk.

Die roeping moet ooreenkomstig die wet of die voorskrif van Christus geskied. Daarom wettig.

1.2 Onder roeping of beroeping word dan in artikel 4 verstaan die hele uitwendige kerklike handeling vanaf die voorbereiding vir die roeping en die verkiesing tot die bevestiging wat die verkiesing effektief maak (vgl. Joh. Hansen 1917). Deur die handeling moet die een wat beroep is tot die diens van die Woord, met vrymoedigheid kan sê : ek is waarlik van die Here geroep. Hy en niemand anders nie, het op my beslag gelê. Daarom kan en moet ek met gesag die Woord bedien en kan en moet die gemeente na my luister. Ek is seker die Goeie Herder laat Sy stem deur my hoor.

1.3 Daar moet eerstens gekies word, vgl. o.a. Handeling 1:23; 6:3 en 13:2. Egter nie willekeurig nie; die bedienaars van die Woord moet aan sekere vereistes voldoen, (vgl. Hand. 6:3; 1 Tim. 3:1 v.v. Titus 1:5 v.v. en II Tim. 2:2).

Die uitwendige roeping sluit aan by die inwendige roeping.

Die inwendige roeping dring tot voorbereiding en loop uit op die eksaminasie, waardeur bepaal word of die een wat die amp begeer die nodige gawes daartoe het en of die gawes so ontwikkel is dat die diens vervul kan word.

Die inwendige roeping moet allereers bevestig word deur die vasstelbare gawes; waaronder die nodige kennis van die Woord en die bekwaamheid om die Woord uit te lê en toe te pas, vooropstaan.

Die charismatiese bewegings lê tereg nadruk op die inwendige roeping. Hulle doen dit eensydig, sodat die oordeel oor die egtheid van die roeping net subjektief is : Daar word verklaar : ek is geroep, en daarmee is dit afgehandel. Prakties is die optrede in "kringe" waar die Skrif deur 'n leier of leidster uitgelê word, op dieselfde vlak.

n Eis tot voorbereiding en n toets of eksamen om bekwaamheid vas te stel sou dan ongeoorloof wees. As die Heilige Gees roep kan geen mens die geroepene verhinder om sy opdrag uit te voer nie. Intussen het die praktyk egter uitgewys dat hierdie eensydige opvatting nie te handhaaf is nie en moes die apostoliese groepe - om chaos te voorkom - ook maar terugval op die eis van voorbereiding en eksaminering voor beroepbaarstelling.

Die eis tot opleiding vir die diens van die Woord lê implisiet in art. 4 KO; dit word eintlik as vanselfsprekend geneem dat daar opleiding voor eksaminering en beroepbaarstelling moet wees.

1.3.1 Wie moet oplei?

Hieroor was daar en is daar nie altyd eenstemmigheid nie. Die oorspronklike Dordtse Artikel het nog so gelees dat dit duidelik was dat eintlik gereken is dat die opleiding buite die kerklike verantwoordelikheid gelê het. Die kerk moes alleen vasstel of die wat hulle aanmeld wel geskik is. Die opleiding sou n wetenskaplike aangeleentheid wees wat by die skole en Universiteite tuis-hoort. Die Kandidaatseksamen en praeparatoireksamen deur die Universiteit afgeneem en dan het die Kandidate hulle by die kerke aangebied; geproponeer. Eers nadat daar n beroep uitgebring is, so het die oorspronklike artikel bepaal, moes daar deur die Klassis n eksamen, die peremptoir afgeneem word om vas te stel of die beroepene die gewes het en suiwer in leer en lewe was.

Calvyn maak egter besondere erns met die opleiding. Die akademie te Geneve gaan egter uit van die owerheid; die intieme band tussen kerk en owerheid te Geneve maak dit moeilik om te sê dat die opleiding by Calvyn los van die kerk was. Calvyn en die konsistorie het wel deeglik die hand aan die opleiding te Geneve gehou.

Die eerste doelbewuste opleiding van dienaars van die Woord in Nederland het geskied aan die Universiteit te Leiden in die tweede helfte van die sestiende eeu. Ook hier gaan die opleiding uit van die owerheid maar nie los van die kerk nie. (Vgl. die stryd rondom die benoeming van Arminius, Episcopius en Vorstius). Hierdie stryd het die kerke genoodsaak om die praeparatoireksamen deur die kerke in te stel na die verkiesing om seker te maak dat die leer suiwer bly.

Ook die Vrye Universiteit van Amsterdam (1880) behartig die opleiding

van bedienaars van die Woord vir die Gereformeerde Kerke as selfstandige inrigting kragtens n ooreenkoms.

Sedert die Afskeiding van 1834 het die gedagte dat die opleiding van bedienaars van die Woord die volle verantwoordelikheid van die kerk is, op die voorgrond gekom. Eers is die opleiding in opdrag van die kerke, deur individuele predikante behartig en daarna deur die kerke van die Afskeiding gesamentlik, toe die teologiese skool te Kampen opgerig is.

Die Gereformeerde Kerk in SA het van die begin af aangesluit by die opvatting van die Afskeiding dat die opleiding van dienaars van die Woord die taak van die kerk is. Vandaar die ywer van die begin af onder die leiding van ds. Postma vir die opleiding en die oprigting van die Teologiese Skool te Burgersdorp, pas tien jaar na die stigting van die Gereformeerde Kerk.

En tereg ook. Blykens o.a. 2 Tim. 2:2 en die normatiewe handeling van Jesus self wat sy dissipels apart geneem en opgelei het sodat hulle die gelowiges kon leer om te onderhou wat Hy hulle beveel het (vgl. Matt. 4:19 en 28:19) en ook met die apostel Paulus wat in 2 jaar blykens Galasiërs 1:17 en 18 in die woestyn voorberei is vir die diens, is dit n voorskrif van Christus self dat die opleiding amptelik moet geskied. En die amp funksioneer nie los van of buite die kerk om nie, vgl. hier ook Ef. 4:11 en 12 en Kol. 1:25.

1.3.2 Die Eksaminasie

Die opleiding loop uit op die eksaminasie.

1.3.2.1 Wie eksamineer?

Volgens artikel 4 die Klassis waarin die een, wat hom geroepe voel tot die diens van die Woord, woonagtig is.

In die Geref. Kerk in SA is die bepaling deur die jare op verskillende maniere nagekom. Eers is die voorbereidende of preparatoir-eksamen deur die kuratore van die Teologiese Skool afgeneem. Die beswaar teen die reëling was dat deputate nie kan doen wat as regeerdaad alleen tuishoort by n kerklike vergadering nie.

Sedert 1964 is besluit dat die bepaling van art. 4 nagekom moes word.

Die klassis moet die eksamen afneem.

Dit het egter geblyk dat die aantal kerke wat in baie klassisse byeen is te gering is en dat daar weens n te kort aan kragte, die eksamen nie in alle gevalle tot sy reg kan kom nie.

Die Sinode 1970 het daarop n beskrywingspunt aanvaar waarin gevra is dat (1) die preparatoireksamen deur die Part. Sinode afgeneem sou word waaruit die kandidaat oorspronklik afkomstig is, en (2) dat die preparatoir en peremptoir met mekaar verbind sal word. (Art. 62 p. 122). Die besluit is geneem op grond daarvan dat in die partikuliere Sinodes meer kerke verteenwoordig is.

Die beginsel dat n kerklike vergadering moet eksamineer is gehandhaaf, maar die toepassing is verander sonder om die artikel te verander (vgl. rapport komm. p 127 acta 1970).

n Kandidaat moet aan die vergadering voorlê n bewys dat hy die Kandidaatseksamen aan die Teologiese Skool met sukses afgelê het en n attestaat van sy kerkraad.

1.3.2.2 Waarin word geëksamineer?

Die vereistes het in die opsig ook deur die jare gevarieer. Die beginsel was egter altyd dat wat die preparatoireksamen betref, toespits moes word op die kennis wat nodig is vir die diens van die Woord. Die Sinode van 1970 het dit gestel op : Dogmatiek, Kerkreg, Homiletiek, Kategetiek, Pastoraal, Liturgiek, Hermeneutiek en Etiek. Die kandidaat moet ook n preek lewer terwyl hy die vergadering moet bevredig insake die redes waarom hy die amp begeer.

1.3.2.3 Kandidate wat opgelei is deur kerke (Teologiese Skole) met wie ons in Korrespondensie staan word ook ooreenkomstig art. 4 geëksamineer, indien hulle opleiding aan die vereiste standaard voldoen.

1.3.2.4 Proponente wat deur sodanige kerke reeds preparatoir geëksamineer is moet hulle eers aan n colloquium doctum onderwerp voordat hulle beroepbaar is.

1.3.2.5 Waarom die Part. Sinode?(of Klassis)

Die kerkraad sou ook die eksamen kan afneem. Maar omdat die bedienaar van die Woord ook in ander kerke diens lewer, het al die kerke wat in verband met mekaar leef, kragtens die eenheid in belydenis,

belang by sy beroeping.

1.4 Nadat die Partikuliere Sinode nou vasgestel het dat die kandidaat wel bekwaam is vir die diens van die Woord, word aan die kerke kennis gegee dat hy beroepbaar is. Dan kan die kandidaat proponeer - onder toesig van kerkrade wat hom nooi nadat hy die Formulier vir proponent voor die Part. Sinode onderteken het, voorgaan in die diens van die Woord met die oog op 'n beroep.

2. Die beroeping en toelating

2.1 Die verkiesing

Die finale stadium van die uitwendige roeping begin met die verkiesing na voorafgaande gebede.

Opmerklik dat in die vlugteling-kerke te Londen voor die verkiesing 'n vas- en bededag afgekondig is. Op die dag moes in die diens van die Woord 'n uitleg gegee word van wat die amp behels. In die Ordinansiën van Micron (1554) is 'n noukeurige voorskrif van wat alles aangaande die predikantsamp voorgehou moes word, te vind. Hierdie voorskrifte aangaande die predikantsamp (ook die i.v.m. die ander twee ampte) vorm nog die kerninhoud van ons huidige bevestigingsformuliere. In die vlugtelingkerke is die hoë roeping en die erns daarvan voor die verkiesing aan die gemeente wat moes kies, voorgehou terwyl dit by ons aan sowel die geroepe dienaar as die gemeente eers tydens die bevestiging voorgehou word.

Die gebed is nodig omdat die wat kies - een aanwys om die diens van die Woord in die kerk te behartig - optree in die Naam van die Here: Handeling 1:21-26; 6:2-6; veral Handeling 13:2.

Die verkiesing geskied volgens die reëling wat daarvoor plaaslik in gebruik is. (Daar kan bv. gestem word tussen 'n 2,3 of 4-tal. Die getal wat deur die kerkraad aan die gemeente voorgelê word kan weer gekies wees uit 'n groslys wat saamgestel is nadat die gemeentelede geleentheid gekry het om die aandag op persone te vestig).

2.1.1 Wie kies?

Die bepaling dat die verkiesing deur "die kerkraad en die diakens" geskied, lewer probleme as dit saam gelees word met art. 22 :

"Die ouderlinge word deur die gemeente onder leiding van die kerkraad verkies".

Vanwaar die verskil?

H. Bouwman I 1928, p. 378, wys op die oorspronklike apostoliese gebruik dat die gemeente gekies het wat nog in die eerste eeue gehandhaaf is. Die Sinode van Laodicea (4e eeu) besluit egter dat dit nie meer aan die (die groot hoop of menigte) oorgelaat kan word om 'n biskop te kies nie, vanweë die onreëlmatighede wat deur persoonlike, familie of politieke of ander invloede by verkiesings ingesluip het.

Ook Jansen 1917 vestig die aandag daarop dat die geestelike lewe van die gemeentes nie altyd op so 'n peil was dat die verkiesing in hulle hande gelaat kan word nie. Tydens die reformasie en veral met die bevryding van die Nederlande waar die massas met die reformasie meegegaan het, moes hulle onkunde ook in ag geneem word. Vandaar dat die kiesreg finaal aan die kerkraad en diakens as Kieskollege gegee is. Die kiesreg van die gemeente is dan verder in ag geneem veral deur die approbasie.

Calvyn wil waak teen die tirannie van die opsieners sowel as die losbandigheid van die gemeente. Die gemeente (of liever : die wat bekwaam gevind is in die gemeente) kies onder leiding van die kerkraad. Dit wil sê 'n tweërlei teuel dien om die gemeente te bedwing, (1) die kiesreg word nie aan alle belydende manslidmate gegee nie, maar net aan die bo 23 jaar (vgl. o.a. Bouwman), (2) die kerkraad moet toesien dat alleen ooreenkomstig Gods Woord gekies word uit 'n groslys wat aan die vereistes vir ampsdraers voldoen (vgl. Institusie IV 3).

In die praktyk is dit die weg wat gevolg word by ons. Die gemeente - belydende manslede - kies onder die leiding van die kerkraad.

Prinsipieel is dit ook die suiwerste weg : vgl. HGB artikel 31;

Handelinge 1:21 v.v; 6:2 vgl. J.D. du Toit, J.J. v.d. Walt 1976; e.a.

Die formele beroep - die opstel, ondertekening en versending van die beroepsbrief geskied dan wel deur die kerkraad. Maar dit is die gemeente wat beroep. Daarom moet die gedagte dat die keuse van die gemeente eers deur die kerkraad goedgekeur moet word - die kerkraad dus finaliter beroep - afgewys word (vgl. ook J.J. v.d. Walt 1976

p. 153 e.v.).

Eweeens dat die gemeente absoluut ongebonde kan kies. Dit is weer independentisties.

Art. 4, soos dit tans geformuleer is in soverre dit die verkiesing aangaan is nie duidelik genoeg nie en moet dus weer aandag kry.

Die skriftuurlike beginsel kom nie tot sy reg daarin nie.

2.1.2 Wie het Kiesreg?

By ons het alle mondige, d.w.s. alle belydende manslidmate die reg om deel te neem aan die verkiesing. Bouwman I 1928, meen egter saam met andere dat dit te breed gestel is. Jongmense van 16 jaar en selfs jonger kan reeds belydenis van hulle geloof doen, maar hulle is nóg nie bevoeg om aan die verkiesing deel te neem nie. Daarom is dit nodig om 'n leeftydsgrens - bv. 23 jaar, te stel. Die vraag is egter of hierdie redenasie die toets van die Skrif kan deurstaan. Om die geloof te bely is immers, gradueel gesien, 'n veel gewigtiger saak as om te stem. Vroue is uitgesluit by 'n verkiesing van ampsdraers omdat dit deel is van die kerkregering vgl. hieroor Bouwman I 1928 p. 388, en Rutgers Kerkelyke Adviezen : Dit raak die hele posisie van die vrou in die kerk ooreenkomstig die Skrif en veral 1 Kor. 11:2-16 en 1 Kor. 14:34-40. Drs. L.G. Zwanenburg 1971 (Leer, Ambt en Leven) wys die standpunt dat die vrou deel het aan die Kerkregering as onskriftuurlik af. Die feit dat die vrou tot die amp toegelaat is in die Herv. Kerk in Nederland laat die vraag ontstaan of dit nie vanweë die geestelike armoede in die kerk is nie (pp. 55 e.v.).

2.1.3 Die verkiesing geskied op 'n vergadering van die gemeente onder leiding van die kerkraad. Dit is nie 'n openbare kerkraadsvergadering nie, maar wel 'n vergadering van die gemeente met 'n eie doel, naamlik die verkiesing van 'n bedienaar van die Woord (en/of ouderlinge en diakens).

Die bedienaar van die Woord, kragtens sy profetiese amp, moet ook die vergadering lei. Vandaar dat, waar daar net één bedienaar van die Woord is in 'n gemeente, die leiding by die konsulent berus.

Die klassis bied dan hulp by ontstentenis aan 'n bedienaar van die Woord. Die advies is nodig : die kerk wat beroep is verplig om daarmee rekening te hou. Die kerkraad moet toesien dat die verkiesing ordelik verloop.

2.2 Art. 4 bepaal dat na die beroeping n tweede eksamen moet plaasvind. Histories was dit die belangrikste eksamen omdat die praeparatoir nie in hande van die kerke was nie.

Die art. is so behou deur die Sinode Potchefstroom, 1970 maar word net anders toegepas.

1. In gevalle waar die beroep spoedig op die preparatoireksamen volg, word die peremtoireksamen gelyktydig daarmee afgeneem.
2. Wanneer n proponent langer as nege maande vir n beroep wag moet die Part. Sinode oordeel of die peremptoir wel weer ooreenkomstig art. 4 afgeneem moet word. (Kyk Acta 1970, p. 128).

In die peremtoireksamen gaan dit veral oor die leer en lewe van die een wat beroep is, vgl. o.a. I Tim. 3:10; I Tim. 5:22 (vgl. vir inhoud van die eksamen Acta 1964 en 1967).

Vanweë die belang wat die kerke, wat die verbond, kragtens die een belydenis met mekaar beleef het by die beroep word dit afgeneem deur die Partikuliere Sinode (1970) of deur die Klassis met advies van die deputate van die Part. Sinode (art. 4).

2.3 Approbasie

Alhoewel die beroep deur die gemeente uitgebring is, word daar na die beroep tog nog geleentheid gegee om besware daarteen in te bring. Vroeër was dit die feitelike deel van die gemeente aan die verkiesing. Tans is dit n nadere kontrole deur die gemeente. Daar kon onreëlmatighede - tenspyte van die toesig deur die kerkraad - met die beroep plaasgevind het of daar kon iets oor die leer of lewe of selfs die ampsgawes, aan die lig kom na die beroep, wat dit noodsaaklik maak om dit te heroorweeg. Daar word egter net n beperkte tyd nl. 3 Sondae of 14 dae bepaal. Indien iemand iets het wat n heroorweging noodsaak moet hy dit alleen voor die kerkraad en nie voor die gemeente lê nie. Dit is n tugaksie wat by die kerkraad tuis hoort.

2.4 Die bevestiging

Dit is die openlike diensaanvaarding deur die beroepene sowel as die openlike aanvaarding en ontvangs van die beroepene as dienskneg van die Here deur die gemeente. Daarom is die bevestiging voor die gemeente en die Klassikale deputate. Die Klassis moet toesien dat alles ordelik verloop en dat die ooreenkoms tussen die predikant

en die kerk in orde is. Dit geskied op 'n vergadering van die deputate saam met die kerkraad, voor die bevestiging.

Rutgers wil dat die approbasie op 'n volle Klassisvergadering moet geskied. Dit is miskien onprakties, veral by ons. Wat nodig is, is dat daar meer erns met die goedkeuring van die stukke deur die kerk met deputate gemaak word. Die gewoonte dat die kerkraad 'n uur of halfuur voor die bevestiging byeenkom is af te keur. Op 'n behoorlike vergadering, liefs 'n dag te vore, moet al die stukke (veral beroepsbrief met byvoegsel) behoorlik nagegaan word. Dit kan ook baie misverstande tussen die predikant en die kerkraad voorkom.

Die formele bevestiging kan desnoods nagelaat word, soos dit in die gevaarvolle tye (gedurende die 16e eeu in Nederland wel gebeur het). Die besondere wyse waarop ds. D. Postma in 1859 beroep is het ook 'n gewone formele bevestiging uitgesluit.

2.5 Die handoplegging

Iemand wat te vore nog nie in die diens was nie, word met oplegging van hande deur die dienaar wat voorgaan (en ook ander wat teenwoordig is) bevestig. Dit is 'n seremonie wat dui op die openlike, afsondering tot die diens van die Woord en die erkenning van die gawes wat deur die Heilige Gees verleen is en word vir die diens. Calvin wou die seremonie liefs nalaat omdat daar nog so maklik die Roomse bygeloof aangaande die ampsoordrag aan kan kleef.

Vroeër het die ouderlinge ook deel gehad aan die handoplegging. S.G. Huh maak die stelling (IV) dat die handoplegging deur een dienaar van die Woord moet geskied namens die presbiterium (kerkraad). (Presbyter in volle Rechten 1972).

Die bevestigde bedienaar van die Woord moet ook die formulier vir bedienaars van die Woord tydens die bevestigingsplegtigheid, voor die gemeente teken.

Artikel 4 handel oor "Die wettige beroeping en toelating van iemand wat nie tevore in die diens van die Woord gestaan het nie en wat deur die Klassis geëksamineer is."

1. Die beroep na n ander kerk

Artikel vier het reeds die beginsel neergelê dat iemand wat in n plaaslike kerk as bedienaar van die Woord staan, ook assodanig deur ander kerke erken word. Vandaar dat die Klassis eksamineer en dat die Klassis by die verkiesing en bevestiging betrek word.

Hoewel n bedienaar van die Woord in die plaaslike kerk, kan so n geroepe en bevestigde dienaar ook op versoek in ander kerke, wat in kerkverband met mekaar saam lewe in die diens van die Woord optree (vgl. Art. 15).

Art. 5 trek die praktiese implikasie van hierdie beginsel verder deur in die reëling van die beroep van n bedienaar van die Woord uit een kerk na n ander. Hoewel dit die uitgangspunt is dat n predikant deur sy beroeping lewenslank aan die kerk wat hom beroep het verbonde is terwyl hy ander kerke tot hulp kan wees, erken art. 5 en 10 tog ook die moontlikheid dat n bedienaar van die Woord "van een kerk na n ander binne die kerkverband beroep (kan) word."

Die moontlikheid kom in die Skrif duidelik na vore veral in die handelwyse van die Apostel Paulus, onder die leiding van die Heilige Gees. Alhoewel die Apostel in die sendingsituasie enersyds nie in dieselfde posisie verkeer as n hedendaagse predikant nie, was sy posisie tog weer andersyds dieselfde na die instituering van die kerke (as vrug van die sendingwerk) waaraan hy dan as "bedienaar van die Woord" verbonde was. Hy bly bv. vir n jaar en ses maande verbonde aan die Korinthise kerk onder die direkte aanwysing van die Here. (Hand. 18:9 en 10). Daarna moet hy ook onder die voorsieninge bestel van die Here vertrek uit die kerk (vgl. Hand. 12 e.v.). Dit gebeur in verskillende kerke. Hieruit kan ons aflei dat as dit die Here van die Kerk behaag laat Hy n besondere dienaar van die Woord vir n tyd=lank in n plaaslike kerk werk om dan die sorg van n ander kerk aan hom op te dra (vgl. Handeling 20:17-24).

2. Die eenheid in leer, diens en tug is die grondslag vir die beroeping van een kerk na 'n ander

Dit spreek vanself dat so 'n beroeping alleen moontlik is kragtens die eenheid tussen die plaaslike kerke; 'n eenheid wat metterdaad in 'n kerklike organisasie beleef word.

Vandaar dat die artikel praat van die algemene ordinansies vir die beroepbaarheid" Die kerke aanvaar dieselfde voorwaardes vir beroepbaarheid vgl. art. 4 en stel ook gesamentlik vas óf en hoe iemand "wat buite die Geref. Kerk in S.A. gedien het" in 'n Geref. Kerk beroepbaar is.

Die kerke is één in leer, diens en tug en daarom hoef 'n predikant wat in die Geref. Kerk A dien en deur die Geref. Kerk B beroep word, nie weer geëksamineer te word nie. Dit het reeds gebeur toe hy die eerste keer in diens gestel is.

Dieselfde geld ook vir predikante uit kerke wat in engere korrespondensie met die Geref. Kerk in S.A. leef. In so 'n geval word hoogstens 'n samespreking met die beroepene gehou om seker te maak dat daar geen misverstande t.o.v. die eenheid in leer en diens en tug is nie.

Predikante uit kerke met wie daar geen korrespondensie is nie, moet eers ooreenkomstig art. 4 beroepbaar gestel word. Vgl. ook art. 9.

3. Die erns van die roeping

Omdat dit in die beroeping om die eer van God en die heil van die kerk gaan, moet hier nougeset gewaak word teen ligvaardigheid. (vgl. F.L. Bos: 1950, De Orde der Kerk, p.33). Wanneer 'n predikant van die een kerk na 'n ander beroep word moet dit tot eer van God en die heil van beide kerke wees. Daarom mag geen predikant daarop uit wees om terwille van homself "beroepe te jag nie!" Die Sinode van Zwalle waarsku dat iemand wat in 'n vakante kerk preek nie die indruk moet skep dat hy graag van standplaas sal verander nie. 'n Sing na "groter eer" in 'n "belangriker gemeente", of na 'n groter traktement, mag nooit die dryfveer wees tot die "soek" en aanname van 'n beroep na elders nie.

Wettige redes om na 'n ander kerk te gaan sou wees dat 'n jong man na 'n paar jaar in 'n kleinkerk genoegsame ondervinding opgedoen het om 'n groter kerk onder moeiliker omstandighede te kan dien. Andersom sou 'n ouer predikant in 'n groter kerk vanweë afnemende kragte nie meer met soveel vrug kan dien nie, maar 'n kleiner kerk wel. (Vgl. J. Jansen in voorbeelde van wettige redes waarom 'n predikant van een kerk na die ander beroep kan word).

As reël is dit ook nie in belang van 'n kerk as sy bedienaar van die Woord spoedig 'n verandering maak nie. Dit is dan ook reeds vroeg in die Geref. Kerke teengegaan. In S.A. het die Sinode van 1879 'n spoedige verandering reeds ontmoedig deur te bepaal dat die koste wat 'n kerk aan die oorkoms van 'n predikant gehad het, deur die roepende kerk vergoed moes word indien die predikant binne 'n jaar beroep is. (Art. 133). In 1945 spreek die Sinode uit dat "dit nie wenslik is dat 'n leraar wat nog geen twee jaar in sy gemeente werksaam is nie, beroep sal word, aangesien die kort bediening in stryd is met die belange van die gemeente (art. 89a).

Dit gebeur ook dat dieselfde predikant vir 'n tweede keer, tydens dieselfde vakature, beroep word.

In die verband kan maklik misbruike insluip. 'n Kerkraad kan so onbehoorlike druk op 'n predikant uitoefen om 'n beroep op te volg. Dit kan ook gebeur dat 'n predikant 'n tweede beroep uitlok deur in sy brief van bedanking te sinspeel op 'n vir hom meer gunstige geleentheid'of gunstiger voorwaardes soos o.a. 'n hoër traktement.

Om dergelike misbruike te voorkom het die Sinode van Hertogenbosch reeds in 1875 bepaal: "Geen gemeente mag in dezelfde vacature meer dan eenmaal denzelfden persoon beroepen, tenzij de Classis waaronder de vacante gemeente ressorteert, de gronden heeft beoordeeld, waarop de herhaalde beroeping zou berusten." Vgl. ook Dordrecht, 1893. (Dit sal goed wees as daar so 'n besluit by ons kan kom).

Daar moet op allerlei maniere probeer word om die heilige karakter van 'n beroep te beskerm, dit moet altyd in gedagte gehou word dat dit God die Here is wat deur Sy Gees die kerke lei in die beroepingswerk en dit is ook Hy wat in sy voorsienigheid dit so beskik dat 'n predikant die diens in die een kerk verlaat vir die in 'n ander. Daarom moet daar altyd nadruk gelê word op die bepaling in die begin van die artikel dat die verkiesing geskied "na voorafgaande gebede...".

4. Die verkiesing en goedkeuring deur die gemeente geskied ook in hierdie geval op die manier wat reeds in art. 4 neergelê is.
5. Die kontrolering deur die kerkraad saam met die klassikale deputate

Oorspronklik was hier sprake van die goedkeuring of approbasie deur die Klassis. Dit is seker nog wat bedoel word in die "ten derde".

Daar is seker kontrole oor amptelike stukke nodig voordat die Klassis tot die goedkeuring van 'n beroep kan kom. Soos die artikel egter nou lees het daar seker 'n verskraling ingesluip. Dit lees nou dat die kerkraad saam met die klassikale deputate "die goeie kerklike getuienis ten opsigte van leer, lewe en ampsbediening en van losmaking moet kontroleer". Die bedoeling van die oorspronklike artikel, soos blyk uit die woorde "goedkeuring" en/of "approbasie", het egter veel dieper gegaan.

Die Klassis moes ook oordeel of die beroepingswerk en ook al die voorwaardes aan dié eise van die Skrif, belydenis en K.O. voldoen. Daar toe is meer nodig as die stukke voorgeskryf in art. 5 - hoewel dit wat voorgeskryf is, seker in normale omstandighede die allerbelangrikste is.

Om die approbasie van die klassis te verkry moet die beroepe predikant voorlê:

1. die beroepsbrief met die byvoegsel en die verklaring dat hy die beroep aanvaar;
2. die akte van ontslag waarby ingesluit is "die goeie kerklike getuienis ten opsigte van leer, lewe en ampsbediening en van losmaking" van die kerk waar hy laaste gedien het.

In die praktyk kom die kerkraad en die klassikale deputate kort voor die bevestiging byeen om die stukke te kontroleer. Dit word haastig afgehandel asof dit 'n blote formaliteit is. Teen hierdie praktyk is daar ernstige besware.

Dit het al gebeur dat by die nagaan van die stukke, dit uit die byvoegsel by die beroepsbrief geblyk het dat die beroepe predikant van al

die wesenlike dele van die predikantswerk vrygestel is en dat aan hom n heel ander werk deur die kerkraad opgedra is. Die deputate van die Klassis kan die beroep nie goedkeur nie en derhalwe kan die bevestiging wat n uur later moes plaasvind nie deurgaen nie tensy die opdragte aan die predikant nie verander word nie. In die geval kon dit wel gebeur en kon die bevestiging deurgaen.

Die vraag is egter: wat sou gebeur het as die kerkraad nie die advies van die deputate aanvaar het nie?

Die vergadering moet dus op n tyd gehou word wat genoegsame geleentheid bied om voor die bevestiging desnoods n klassis te kan byeenroep in geval die kerkraad en deputate nie kan ooreenkom nie.

In dieselfde verband duik daar nog n probleem op. Soos die artikel nou lui is dit deputate van die klassis wat kontroleer (en approbeer) Veronderstel nou dat die klassis later nie die optrede van sy deputate goedkeur nie, sou die bevestiging dan ongeldig wees? Die oorspronklike artikel het bepaal dat die Klassis die beroep moet goedkeur.

Die Sinode van Middelburg 1904, het met die oog op landsomstandighede en die feit dat n bevestiging te lank vertraag kan word as die volle klassis (destyds die Algemene vergadering) vir die approbasie moet byeenkom, bepaal dat by die losmaking en bevestiging "sal daar deputate wees namens die klassis... Hierdie kommissie moet kennis gee van die afloop van die vergadering aan die kerkraad van die korresponderende gemeente van die klassis."

Dit blyk asof die mag van beslissing deur die klassis aan die deputate gedelegeer is. Vandaar dat hulle n kommissie genoem is. Hierdie reëling wat volgens sommige in stryd is met die Geref. Kerkreg, is net so opgeneem in die redaksie van art. 5 in 1964. Die bedoeling was egter nog nooit om mag aan persone te deleger nie maar om sake te vergemaklik. Die deputate moet aan die Klassis rapporteer. Tog is die probleem dat wanneer die werk van die deputate beoordeel word het die klassis met die voldonge feit dat die beroep reeds geapprobeer is en dat die bevestiging reeds plaasgevind het, te doen. (Die praktyk is in navolging van die Geref. Kerk in Nederland se beslissing van 1905).

Rutgers verklaar in sy Adviese dat so n gebruik die beginsel van die kollegietisme en hierargie inloods. n Klassis kan nie sy mag op so n wyse aan persone delegeer nie. (Dit geld ook onder artikels soos 4, 11, 12 ens.)

Daar moet dus tenminste eers gewag word dat die deputate hulle rapport aan die klassis lewer en die klassis tot n beslissing kon kom voordat tot die bevestiging oorgegaan word tensy die vergadering van die kerkraad met deputate van naburige kerke as n Klassis Contracta beskou word.

6. Reiskoste

Die roepende kerk is verantwoordelik vir die reiskoste van die deputate in hierdie verband volgens besluit Middelburg 1904. Dit hou vanselfsprekend in dat die roepende kerk ook verantwoordelik is vir die koste van n klassis wat net vir die approbasie van die beroep moet byeenkom, wanneer die roepende kerkraad en die deputate van die klassis nie kan ooreenkom nie.

7. Die bevestiging. vgl. art 4 p. 21 e.v.

Insoverre dit gaan oor die bevestiging van iemand wat reeds in die diens is, sê die Roomse Kerk dat dit onnodig is. Wie eenmaal tot die amp gewy is, kan dit nie verloor nie. Die Gereformeerdes het daarteenoor nog altyd geleer dat die amp aan die plaaslike kerk verbind is. Wanneer die band met die plaaslike kerk verbreek word deur vertrek hou die amp ook op. Die beroepe dienaar word opnuut in die diens gestel deur die kerk waarheen hy vertrek. Vandaar so n vertrek ook onderhewig is aan die beroeping, approbasie van bevestiging.

8. Die Konsulent

Sowel art. 4 as 5 ken aan die konsulent as deputaat van die klassis in n vakante kerk n belangrike plek toe. Waar daar net een dienaar van die Woord is en hy vertrek het word dit aan die konsulent deur die klassis opgedra om die vakante kerk in die beroepingswerk by te staan. Sy taak is omskrywe deur die Sinode van 1952 (art. 134 en 218). Dit kom daarop neer dat hy die vergaderinge van die kerkraad,

waarop oor die beroeping gehandel word soos die stel van die voorwaardes, en die stel van 'n groslys of dubbelgetal waaruit die gemeente een moet kies, sal lei. Verder is dit sy taak om die verkiesing te lei; toe te sien dat die beroepsbrief met byvoegsel opgestel en geteken word; in alles i.v.m. die ontvangs en bevestiging van die kerkraad by te staan.

Hierdie take kan ook deur 'n ander bedienaar van die Woord verrig word op versoek van die kerkraad, maar dan moet dit in oorleg en met toestemming van die konsulent wees. Indien 'n ander predikant in oorleg met die konsulent die leiding neem is dit oorbodig dat die konsulent ook nog teenwoordig moet wees.

Wat die ander dienswerk in die kerk tydens die vakature betref het dit al gewoontereg geword dat die klassis deur die konsulent ook in die opsig hulp aan die vakante kerk verleen. Hy lewer dan die hulpdiens na oorleg tussen die kerkraad van die vakante kerk en sy kerk. Die hulpdiens bestaan hoofsaaklik uit Woord en Sakramentsbediening en die leiding van die kerkraadsvergaderings. Tydens 'n langdurige vakature kan dit selfs nodig wees dat die konsulent versoek word om sekere pastorale pligte op hom te neem.

9. Antwoord op 'n beroep

Die K.O. bevat geen voorskrif oor die tyd wat moet verloop voor 'n antwoord op 'n beroep gegee moet word nie. Die roepende kerkraad moet dit reël en die reëling meedeel in die byvoegsel by die beroepsbrief. Dit het ook al gewoontereg geword dat 'n predikant binne drie en 'n proponent binne ses weke moet antwoord.

10. Beroeping, losmaking en bevestiging van Professore aan die Teologiese Skool. (Kyk artikel 18).

ARTIKEL 6

In artikel 6 gaan dit nog om die beroeping van 'n bedienaar van die Woord, maar nou onder besondere omstandighede.

In hierdie sondige wêreld is daar omstandighede wat dit vir die kerk in sy bestaan besonder moeilik maak. Dit is dan byna asof dit onmoontlik is om die kerk in te rig of te regeer ooreenkomstig die bevel van Christus.

Eerder as om die gelowiges aan hulle lot oor te laat in sulke omstandighede, het die Heilige Gees die kerk gelei om in die K.O. so voorsiening te maak dat die bediening van die Woord ook onder die aller moeilikste omstandighede amptelik kan voortgaan. Art. 6 en ook 7 moet teen dié agtergrond gelees word.

Histories het artikel 6 sy oorsprong in die voortsetting van die Roomse gebruik (wat weer uit 'n verkeerde kerk en ampsbegrip ontstaan het) deur Prins Willem van Oranje na die bevryding in 1572, om hofpredikers aan te stel. Hy is hierin deur die adel en ryk landhere nagevolg. Aan die Skriftuurlike eise vir die instelling van die diens van die Woord is glad nie voldoen nie. Die Prins en die here het na eie goeddenke predikante aangestel en aan hulle willekeurige opdragte gegee.

Die kerke het daarteen in verset gekom maar tog is die omstandighede wat die behoorlike instituering van 'n kerk bemoeilik het in aanmerking geneem. Die Sinode van Dordrecht 1578 het nie die benoeming van hofpredikers belet nie, maar bepaal dat daar ouderlinge en diakens uit die hofpersoneel verkies moes word en dat daar so enigszins 'n kerk wat 'n predikant kan beroep, wat deur die patroon aangestel kan word geformeer sou word. Toe daar behalwe die hofpredikers ook nog geestelike versorgers vir hospitale en ander inrigtings benoem is, het dit geblyk dat die oplossing van 1578 nie deug nie. Die Middelburg 1581 het toe bepaal dat bedienaars van die Woord wat onder beskermhere of in gestigte diens aanvaar, moet deur die kerk waaronder die hof of inrigting sorteer, beroep word in oorleg met die beskermheer of bestuur. Die beskermheer of bestuur stel dan instruksies op vir so 'n bedienaar van die Woord, maar dit mag nooit in stryd wees met die K.O. nie en die predikant bly altyd onderworpe aan die K.O.

Hier is inderwaarheid so ver gegaan as wat maar moontlik is. Met die omstandighede word rekening gehou en daar word selfs aan persone en owerhede buite die kerkraad om seggenskap gegee in sake wat net die kerk aangaan, met die voorbehoud dat die wesenlike van die amp en die kerkrogering nie aangetas word nie.

Dit spreek vanself dat die artikel net gevalle op die oog het waar daar op geen ander manier behoorlik voorsien kan word in die diens van die Woord nie.

Vandag word die artikel toegepas in die benoeming van leërkapelane. En juis omdat dit 'n uitsondering is wat afgedwing word deur omstandighede in die sondige wêreld, moet daar enersyds met nougesetheid toegesien word dat die Gereformeerde jongmense in militêre diens wat moeilik by plaaslike kerke versorg word deur die amptelike bediening van die Woord en andersyds dat die amptelike karakter van die diens gehandhaaf bly.

Dit kan ook gebeur dat onder art. 6 'n predikant vir die amptelike diens in die Gereformeerde kinderinrigtings of oue Tehuise benoem word. Dan word hy beroep deur die plaaslike kerk, met opdrag om die amptelike diens van die Woord en wat daarmee saamhang, in die inrigting waar te neem ooreenkomstig die bepalinge van die bestuur wat hom ook aanstel. Voorwaarde bly egter dat die predikant besig sal wees met wat in die K.O. aan hom opgedra is, in onderworpenheid aan die Kerkorde, dit is ook aan die kerkraad.

Dit spreek natuurlik vanself dat die diensaanvaarding onder beskermhere of die besture van inrigtings altyd die versorging van Gereformeerde lidmate op die oog het.

ARTIKEL 7

Art. 7 kan die antwoord genoem word op die vraag wat vanself sydelings na vore gekom het toe in art. 4 begin is met die bepalings oor die wettige beroeping en toelating tot die diens van die Woord.

Die vraag is: Hoe ver strek die roeping en toelating? Gee dit aan

die geroepene n persoonlike reg tot die amp wat hy na eie goeddunke kan uitoefen.

Die Roomse sê ja: die Priesterwyding laat die gewyde persoonlik oor die amp beskik; die mag om die heilige dinge te bedien kleef dan aan sy persoon. Roomse Priesters het gedurende die middeleeue dan ook oral rondgetrek en hulle dienste aangebied.

In art. 4 en 5 word reeds implisiet geantwoord dat die roeping en toelating alleen geld vir die plaaslike kerk wat roep en toelaat, maar omdat die klassis daarin meewerk kan so n bedienaar van die Woord ook op versoek (dus deur n tydelike roeping, op grond van die meewerking aan sy beroeping en toelating in die kerk wat hy dien) hulpdiens in n ander kerk (in die kerkverband) lewer.

Die geroepe bedienaar van die Woord het, behoudens die uitsondering, net n opdrag om uit te voer in die kerk wat hom geroep het. Eers die roeping deur n ander kerk en die losmaking van die kerk wat hy gedien het, gee ampsbevoegdheid in die ander kerk. Maar dan ook met verlies van die ampsbevoegdheid in die kerk wat voorheen gedien is. (Natuurlik uitgesonderd die hulpdiens hier bo genoem, waarin die beginsel van geen ampsbevoegdheid in n bepaalde kerk sonder n wettige roeping deur die kerk tog nog gehandhaaf word.)

In art. 6 word die beginsel deurgetrek onder besondere omstandighede. Gelowiges in n inrigting of in n samelewing (vgl. Hof van Willem I) wat nie as afsonderlike kerk geïnstitueer kan word nie en deel is van n plaaslike kerk maar nie saam met die medegelowiges die Woord=bediening kan geniet nie, kan nie anders as deur iemand bedien word wat "toegelaat is volgens die voorgaande artikels; en hy is ook net soos die ander aan die kerkorde onderworpe". In die omstandighede moet die plaaslike kerk, in wie se resort die groep lidmate val, iemand beroep om hulle te bedien.

In artikel 7 word nou afsluitend eksplisiet uitgespreek dat die amp van die bedienaar van die Woord altyd aan die plaaslike kerk verbonde is. Die ou Dordtse redaksie laat die beginsel, deur die negatiewe formulering baie sterker uitkom as die huidige. "Niemand sal tot die diens van die Woord beroep word nie, sonder dat hy in n bepaalde

plek gestel word nie." M.a.w. niemand kan predikant wees as hy dit nie van die bepaalde plaaslike kerk is nie. Die oomblik as 'n predikant die band met die bepaalde kerk wat hy dien breek, sonder om 'n ander beroep (art. 5) op te volg is hy nie meer predikant nie. Daarom mag 'n professor of onderwyser of koerantredakteur of enige ander persoon wat voorheen predikant was, maar wat nie meer onderworpe is aan die roeping in 'n bepaalde kerk en op die bepaalde plek gevestig is nie, nie meer preek of enige amptelike werk verrig nie. 'n Predikant kan nie na goeddunke rondswerf nie. Met die roeping gaan die binding aan die bepaalde kerk wat roep, gepaard. Daarom moet die geroepene hom ook op die bepaalde plek vestig. Die herder hoort by die kudde, hy moet tussen hulle woon.

Daar is net een uitsondering: "tensy hy gestuur word om elders kerke te vergader."

Dat die uitsonderlike geval kan voorkom waar die predikant deur 'n bepaalde kerk beroep is maar hom nie op die bepaalde plek kon vestig nie, ^{wys} reeds aan die begin van die N.T. kerkgeskiedenis duidelik toe Paulus en Barnabas deur die Antiocheense Kerk geroep en gestuur is om kerke onder die heidene te vergader. (Handelinge 13:1-4). Tydens die Reformasie moes die gelowiges uit die valse (Roomse) kerk onder ontroue herders uitgelei word. Ook moes die verstrooide gelowiges in die vervolging as kerke georganiseer en bedien word terwyl hulle self nie bedienaars kan beroep of onderhou nie. Toe daar boonop predikante - o.a. die beroemde ds. Moded - begin rondpreek en geweier het om hulle op 'n bepaalde plek te vestig, het die kerke in 1581 bepaal dat predikante hulle op 'n bepaalde plek moet vestig of anders deur 'n bepaalde kerk beroep en dan uitgestuur word om kerke te vergader.

Ook sendelinge word kragtens die artikel uitgestuur om onder die heidene kerke te vergader.

Die wat so gestuur word, moet egter steeds deur 'n bepaalde kerk beroep wees al is hulle nie op die bepaalde plek gevestig nie.

Niemand anders as die plaaslike kerk kan beroep en stuur nie. Vgl. Handelinge 13. Soms is in die verlede in Nederland deur die Klassis

of Sinodes predikante beroep en in diens gestel en uitgestuur as sendelinge. Dit stry egter met die beginsel in art. 4 - 7. n Klassis of Sinode is nie n kerk wat kan beroep nie. Wanneer een kerk alleen nie in die vermoë is om n sendeling uit te stuur nie kan die kerke wat in die klassis of Sinode vergader is dit wel gesamentlik doen. Maar dan vorm hulle n kombinasie van kerke wat beroep en stuur en doen dit nie as klassis of Sinode nie. Bouwman is van gedagte dat n klassis of Sinode wel kan roep en stuur in die sin dat di dan die gekombineerde kerke is wat roep en stuur. Hy verwar egter n klassis (Sinode) so met n kombinasie. Vgl. die Sinode 1939 i.s. n kombinasieberoep, art. 43, bylae 8, by 4 K.O.)

Samevattend kan gesê word dat n artikel of die beginsel, waarvan reeds in die voorgaande artikels uitgegaan is, eksplisiet neergelê word dat die roeping altyd van n bepaalde plaaslike kerk uitgaan wat weer bepalend is vir die arbeidskring sowel as woonplek van die geroepene.

James Bauerman, (Heruitgawe 1974) The Church of Christ p. 314 e.v. en veral p. 318, kom egter tot n heeltemal ander konklusie op grond van die eenheid van die plaaslike kerke in Christus. Dit gaan nie soseer om die plaaslike kerk as om die sigbare kerk oor die ganse aarde nie, maar ook n eenheidsregering, waar prakties moontlik, noodsaaklik. Mens word nie soseer deur die doop lid van die plaaslike as die katolieke kerk nie en wie as bedienaar van die Woord toegelaat word vir n plaaslike kerk "becomes, in virtue of his ordination, a minister of the visible Church throughout the whole world, qualified and entitled to Preach the Gospel, not merely within the bounds of the single congregation over which he is so set as overseer, but also any other congregation where Providence may order his lot." Elke pastor het ook n verantwoordelikheid teenoor lidmate van alle ander kerke (gemeentes) - teenoor die hele sigbare kerk.

Elke predikant "is qualified and authorized to use his gifts in that way wherever the edification of the members of the Church can be promoted by it". n Predikant is dan weer predikant van die kerk - en dan die kerk - gesien as een grootheid oor die hele wêreld - as van die plaaslike kerk.

Dit is ook die heersende opvatting in die Ned. Geref. Kringe. Hy hoef dus nie juis van n plaaslike kerk verband te wees nie. Vandaar

die moontlikheid van 'n predikant sonder 'n (plaaslike) kerk. Hy is predikant, maar nie verbonde aan enige kerk nie.

ARTIKEL 8

Artikel 8 gryp terug na artikel 4 om weereens te beklemtoon dat om "tot die diens van die Woord toegelaat" te word, studie noodsaaklik is. Langs die weg van studie word die bekwaamheid verkry om die diens te verrig. Die vermoë om te studeer en die toenemende bekwaamheid as gevolg van die studie is 'n deel van die uitwendige bevestiging van die inwendige roeping.

Die kerke het ten spyte van die eis tot studie tog van die begin af erken dat die Heilige Gees nie gebind is aan die weg van studie om die wat Hy roep, bekwaam te maak nie. Deels het die praktyk tydens die reformasie daaraan herinner dat Hy wat roep vrymagtig is om te bekwaam sonder om die gewone weg van studie in ag te neem. Hy skenk ook buitengewone gawes; gawes wat instaat stel tot die veeleisende diens, veral in 'n tyd waarin daar nie geleentheid vir studie of 'n inrigting waar gestudeer kan word, is nie. Die kerke het dan van die begin af die eis vir studie gestel maar ook in art. 8 die buitengewone weg vir ongestudeerdes tot die diens van die Woord oopgelaat. (vgl. o.a. Harderwyk 1599, Utrecht 1620, 1888, 1889, Rotterdam 1887).

Voorwaarde was egter van die begin af en so is dit in art. 8 vasgelê - dat die buitengewone wyse waarop die Gees hom wat Hy wil roep bekwaam gemaak het, duidelik gesien kan word. Daar moet "sekerheid" wees "van sy buitengewone gawes." Almal moet dus kan sien dat die persoon die gawes besit. Hy is opvallend in die gemeente.

Die gawes wat hom opvallend maak word dan uitdruklik in die artikel genoem. (Na "buitengewone gawes" behoort eintlik 'n dubbelpunt geplaas te word).

1. Godsaligheid: dit moet vir almal duidelik wees dat hy "die vrees van die Here ken" (vgl. II Kor. 5:11). Hy is reeds vergevorder in die verborge omgang met God sowel as in die heiligmaking. Uit sy gewone gedrag (sy wandel) blyk dit dat

hy die Here vrees.

Hier betaan skugterheid in die oordeel. Geen wêreldse maatstawwe kan voorgeskryf of aangelê word om die godsaligheid vas te stel of te meet nie. Dit sou aanleiding kan gee tot 'n uitwendige vroom=doenery. Hier sal die werk van die Heilige Gees in die persoon moet onderken word omdat dit as Sy werk vanself oortuig. Vandaar dat die K.O. laat volg

2. Ootmoedigheid en ingetoënheid. Omdat daar die vrees van die Here is, is daar ook nederigheid. 'n Houding van ek-is-wat-ek-is deur die genade van die Here; 'n houding wat getuig dat die oue mens gekruisig word. Daar is ingetoënheid geen selfverheffing; self=aanbieding in selfoorskating nie. Prof. van der Vyver praat van "Hy moet gebalanseerd en selfbeheersd wees, dus die teenoorgestelde van voor op die wa"... 'n Persoon met buitengewone gawes het die kinderlike gesindheid waarvan Jesus spreek as Hy sê "julle moet soos die kindertjies word" (vgl. Matth. 18:3). Die liefde van Christus en geen eiewaan of sug na eie voordeel nie, dring so iemand om hom vir die diens van die Woord aan te meld.

3. Daarby kom 'n goeie verstand. Hy moet bekwaam wees om 'n ander te leer (2 Tim. 2:2). Hy moet self die Heilige Skrif verstaan en 'n insig daarin hê om dit aan ander te kan uitleë.

4. Daarom is dit vanselfsprekend dat 'n onderskeidingsvermoë noodsaaklik is. 'n Helder oordeel en insig moet getuig van 'n buitengewone geestelike volwassenheid. Die persoon is dan in besit van geestesvermoëns "deur die gewoonte geoefen om goed van kwaad te onderskei." (Hebr. 5:14).

5. Welsprekendheid. Die Woord moet verkondig word. Die aanleg om wel goed te kan praat, gedagtes helder te formuleer en ordelik uit te spreek sodat ander kan verstaan, moet opvallend wees.

2. So 'n persoon moet hom dan aanmeld by sy kerkraad wat hom aanbeveel by die klassis vir die eksamen. Vanselfsprekend moet die kerk in wie se midde die persoon opvallend is die nodige, duidelike getuienis gee aangaande die besondere gawes. Dan moet die klassis, blykens die besluit van die Sinode 1970 oor beroepbaarstelling sy oordeel aan die Part. Sinode voorlê wat verder sal ondersoek of daar sprake is van buitengewone gawes. Daarna eksamineer die Part. Sinode hom. Die eksamen moet die hele veld, behalwe die ou tale dek wat gewoonlik in die praeporatoireksamen gedek word.

Natuurlik sal geen wetenskaplike besonderhede verwag kan word nie. Groot wysheid is nodig by die ondersoek om reg te laat geskied aan die broeder met besondere gawes. So maklik kan deur n spel van geleerdheid in die vrae die ware kennis van die ondervraagde bedek word in plaas van dit na vore te bring.

3. Slaag hy die eksamen moet hy eers n proeftyd ondergaan waarin hy ook sy gawes enigsinds kan oefen met die oog op die bediening. Die Partikuliere Sinode dra dan aan n klassis op, of aan die Klassis in die resort daarvan om "hom vir n tyd lank private preekproewe" te laat lewer. Prakties meen dit dat hy onder sorg van n kerkraad gep word en dat ander kerke in die klassisse hom toelaat om ook voor hulle op te tree. Dit word genoem "private preekproewe" om daarmee aan te dui dat sy optrede nie diens van die Woord is nie, maar net n geleentheid om te oortuig van sy gawe en om dit te oefen.

Die optrede van ons derdejaar studente voor kerke word ook deur die artikel gedek, hoewel dit studerendes raak. (vgl. Acta 1964 p.69). Meuleman en De Wolff: Korte verklaring van die Kerkenordening, verklaar verkeerdelik n "oefentyd... waarin de Candidaat mag proponeeren... en als hij daarna voldoende zal bevonden zijn, wordt hij beroepbaar gesteld." Die artikel kan nie anders gelees word as dat die optrede nog n deel van die eksamen - praeporatoir - is nie. Want eers na die proeftyd, wat volgens Bouwman I 1928, oor n jaar of selfs 2 jaar kan strek; handel die (Klassis) Part. Sinode met hom "soos die (Klassis) Part. Sinode stigtelik oordeel." Met ander woorde eers na die preekproewe, wat vir n tyd lank duur, beslis die Part. Sinode of hy beroepbaar gestel kan word. Die eksamen verloop dus bietjie anders as by gestudeerdes. By e.g. word alles meteen afgehandel, na ondervraging in die onderskeie vakke word n proefpreek gelewer en dan val die beslissing. Volgens art. 8 geskied die ondervraging eers daarna verdaag die Part. Sinode en die kandidaat lewer oor n tydperk sy proefpreke en dan kom die Sinode weer byeen vir die finale beslissing. Eers dan as hy beroepbaar gestel word is daar sprake van proponering: optrede tot bekendstelling van veral preekgawes met die oog op n beroep.

ARTIKEL 9

In Artikel 9 gaan dit nog steeds oor die toelating tot die diens van die Woord. In hierdie sondige wêreld is daar baie dinge om mee rekening te hou. Die satan wil steeds die sorg van die Here vir sy kerk omskep in 'n verwoestingsdaad - en hy besef dat die bediening van die Woord die hart van die kerk is. Gaan dit met die bediening van die Woord verkeerd, het hy die kerk in sy mag.

Daar moet altyd gewaak word teen indringers in die diens. Veral in tye van verwarring soos gedurende die begin jare van die reformatie - en vandag vanweë die swak kerk en ampsbesef - sien satan sy kans om valse bedienaars van die Woord te laat insluip. Daarteen word in Art. 9 gewaak.

Die ou redaksie het gelui "Nuwelinge, mispriesters, monnikke en persone wat een of ander sekte verlaat het, sal nie tot die diens toegelaat word nie,... " Dit gaan dus veral oor persone wat voorheen in die diens was, maar nie in die Gereformeerde Kerk nie. Tydens die reformatie het baie priesters en monnikke hulle diens net so wou voortsit in die gereformeerde kerke. Die geeste moes egter op die proef gestel word of hulle uit God of uit die antikrus was (vgl. 1 Joh. 4:1 e.v.) "Moenie haastig iemand die hande oplê nie..." (Nim. 5:22). Daar moes seker gemaak word of dit nie maar net om den brode of ander vleeslike motiewe was dat so 'n priester of minnik met die reformatie meegegaan het nie.

In art. 9 word dus erken dat iemand wat in 'n vervalde of dwalende kerk 'n bedienaar van die Woord was tydens 'n reformatie van die kerk wel die roeping kan hê en kan voortsit in die ware kerk, maar dan eers na 'n behoorlike proeftyd. In normale tye sal die weg ook oop wees, hoewel die prosedure, waarvolgens so een wat tot beter insigte gekom het en die valse of dwalende kerk verlaat sy diens kan voortsit in die Gereformeerde kerk, effe anders is as tydens 'n "massale" reformatie. Vandag sal elkeen op meriete toegelaat word. Met 'n Roomse Priester en een of ander pastoor sal anders gehandel word as 'n Ned. Geref. of 'n Hervormde predikant.

Van 'n Priester en Pastoor, wat tot die Gereformeerde belydenis gekom het en aansoek doen om verder as dienaar van die Woord op te tree sal na onweerlegbare blyke van opregtheid in belydenis en wandel

vereis word om 'n volledige opleiding te ondergaan om dan langs die weg van artikel 4 toegelaat te word.

In die praktyk is van 'n sekere Ned. Geref. predikant wat aansoek tot die diens van die Woord in die Geref. Kerk gedoen het gedurende die einde veertiger jare, verwag dat hy aanvullend moes studeer o.a. in kerkreg en kerkregering tot bevrediging van die Teologiese Senaat. Daarna is aan hom kandidaatstatus verleen na 'n proeftyd in 'n paar kerke onder leiding van 'n predikant en kerkraad. Eers na die proeftyd is hy geëksamineer en beroepbaar gestel.

Die huidige redaksie van art. 9 lui: "Predikers wat uit ander kerke of een of ander sekte aansluit, sal nie tot die kerkdienste toegelaat word nie, behalwe met"

Die deputate vir die revisie van die K.O. wat op die Sinode 1964 rapporteer, motiveer hierdie verandering soos volg: "Die artikel, gesien sy verband met voorgaande en volgende artikels, handel oor bedienaars van die Woord. Daarom die duideliker en meer gemoderniseerde formulering met "predikers".

Hierdie motivering is egter nie heeltemal juis nie. Die formulering in die ou artikel het wel "predikers" in die oog, maar nie net "predikers" nie. Die nuwelinge, waarmee die ou redaksie begin sluit aan by die (neiphutos) in 1 Tim. 3:6. Hier sien dit op iemand wat pas uit die heidendom oorgekom het; "iemand pas geplant in Gods tuin," dus een wat pas bekeer is en self nog baie moet leer. So een is nog nie bevoegd om die kerk van die Here voor te gaan as opsiener en Herder en leraar nie. Vgl. C. Bouma op 1 Tim. 3:6 in "Kommentaar op het Nieuw Testament" H.A. van Bottenburg 1942, pp. 135/6 De Kerkorde het dit dus wel in art. 9 oor mense wat 'predikers' wil word maar hulle hoef dit nie voorheen in elke geval te gewees het nie. Dit kan ook 'n persoon wees wat eers 'n heiden was of Rooms of enige ander belydenis gehad het en gedoen het. Indien so iemand dadelik sou aansoek doen om bedienaar van die Woord te word, moet ook groot versigtigheid betrag word.

Artikel 9 kry deesdae meer en meer betekenis omdat die kerk en ampsbegrip so langsaam hand begin vervaag en daarmee verdwyn die versigtigheid. Nuwelinge wat deur hulle persoonlike erns aanvanklik 'n

goeie indruk maak kan vandag maklik so 'n plek kry in die kerk en dan tot groot skade, as die versigtigheid nie betrag word nie. Dit kan gebeur - soos wel in die teenoorgestelde rigting die laaste jare gebeur het - dat 'n afgesette predikant met groot emosie 'n voorgegewe veronregting elders voorhou en homself aanbied as onskuldig wat nou eers sien waar die ware kerk is; persoonlike griewe, 'n bedekte ontvlugting van die tug of ander wêreldse motiewe kan egter 'n baie vroom masker weggesteek word.

Waaksaamheid betaam die opsieners veral waar dit om die bediening van die Woord gaan.

Kanselruil tussen kerke wat nie in verband met mekaar leef nie is dus uitgesluit.

ARTIKEL 10

Vanaf artikel 3 tot 9 gaan dit oor die wettige beroeping, toelating en bevestiging van 'n bedienaar van die Woord.

In artikel 10 - 14 is daar sprake van verskillende grade van losmaking uit die diens in die bepaalde kerk waar die bedienaar geroep, toegelaat en bevestig is.

Artikel 10 reël die losmaking van 'n bedienaar van die Woord wat die kerk wat hy dien wil verlaat om op 'n ander plek (dit wil sê 'n ander kerk "(of gemeente) 'n beroep op te volg."

Die artikel veronderstel dan dat, na die voorbeeld in die N.T. toe die apostel Paulus na 'n tyd van diens in 'n plaaslike kerk weggeroep is deur die Gees om elders te dien, dit Christus tog kon behaag om die bedienaar elders heen te laat beroep. Hoewel die bedienaar van die Woord sonder tydsbepaling beroep is en die roeping om die bepaalde kerk te dien dus lewenslank kan wees, kan hy die kerk tog verlaat om elders te dien op bevel van die Here van die Kerk.

Maar dan ook alleen op Sy bevel. Hy mag nie na eie oordeel en vir eie voordeel handel nie.

In art 10 word dan gereël hoe hy met eer van die kerk wat hy dien losgemaak kan word om elders in 'n kerk te gaan dien na 'n wettige beroep ooreenkomstig art. 5

Indien 'n bedienaar van die Woord na elders beroep word kan hy die beroep nie opvolg"sonder bewilliging van die kerkraad met die diakens" en die "toestemming van die Klassis" nie.

Christus het hom geroep en verbind dan die kerk wat hy dien deur die stem van die gemeente onder leiding van die kerkraad. Hy kan alleen onthef en losgemaak word van die roeping ter plaatse deur hulle wat Christus gebruik om in sy naam te roep.

Eintlik moes die artikel lees dat die gemeente onder leiding van die kerkraad tot die losmaking moet bewillig. Dit sou 'n prinsipiële suiwerder formulering wees.

Die huidige redaksie uit die 16e en 17e eeu is egter nie sonder rede behou nie. Waar die kerkraad die leiding moet neem en verantwoordelik is vir die ordelike verloop van sake (d.w.s. moet sorg dat alles in die kerk ooreenkomstig die voorskrifte van Christus moet verloop) en waar hulle deur die huisbesoek op hoogte is van die belange van die gemeente en hulle verhouding met die predikant, en waar die diakens ook kragtens hulle amp so intiem met die gemeente saamleef dat dit veronderstel kan word dat hulle ook bekend sal wees met die plek wat die predikant in die gemeente inneem daar is die redaksie behou wat wil voorkom dat sondige neigings die oorhand kry as in 'n al te groot vergadering van die gemeente so 'n delikate saak bespreek moet word. Dit verkort egter nog nie die reg van die gemeente om hulle gevoelens in die saak aan die kerkraad met die diakens bekend te maak nie.

Volgens die voorskrifte in art. 10 begrepe moet 'n predikant wat 'n beroep kry

1. dit aan die kerkraad bekend maak,
 - 1.1 hulle advies vra oor wat hom te doen staan voordat hy besluit,
 - 1.2 nadat hy besluit het sy beslissing aan die kerkraad meedeel en indien hy die beroep wil opvolg vra dat hy eervol losgemaak word.
 - 1.3 Die kerkraad met die diakens oordeel dan of die belange van die kerk nie te veel skade sal ly as die predikant vertrek nie. Die belang van die kerk waar hy dien en van

in soverre dit bekend is, moet oorweeg word.

Die kerkraad met die diakens (die sogenaamde breë kerkraad) moet vir hulleself duidelikheid kry wat die wil van Christus met die beroep is. Dit is nie noodwendig dat Hy - soos soms beweer word - wil hê dat die predikant moet vertrek nie. Dit kan n beproewing wees vir n bedienaar wat onder moeilike omstandighede arbei en dreig om slap te word. Onder die beroep kan hy weer tot die besef kom van wat sy taak is en dat hy dit terplaats moet volbring. Die gevaar bestaan selfs dat n kerk uit onbehoorlike motiewe n predikant beroep. Hulle het dalk n gerug gehoor dat die broeder n lae traktement kry en beroep hom nou teen n hoër traktement om hom weg te lok. Of hy is ongelukkig en sal n beroep aanneem, ens. ens. Die vraag ontstaan of so n beroep wel van Christus is - verder dat elke beroep biddend oorweeg moet word in die lig van alle omstandighede.

Gemaksug, vreesagtigheid, kleinmoedigheid ens. kan n predikant ook soms laat sug om so gou moontlik uit n "moeilike" gemeente te kan pad gee. "In so n geval gryp hy die geleentheid met die eerste beroep aan. Die gevaar is so werklik dat die Sinode 1945, (art 89a) besluit het dat dit nie wenslik is "dat n leraar wat nog geen twee jaar in sy gemeente werkzaam is nie, beroep sal word, aangesien die koste bediening in stryd is met die belange van die gemeente." Ook het die Sinode 1879 (art. 1133) in dieselfde gees besluit dat as n predikant wel binne n jaar weer uit n gemeente vertrek "dan zal de roepende gemeente de onkosten teruggeven die door de gemeente om hom te verkrijgen, gemaakt waren." - die besluit geld tans nog.

2. Nadat die kerkraad met die diakens die losmaking bewillig het moet die beslissing van die predikant en bewilliging van die kerkraad ook aan die klassis voorgelê word en toestemming vir die vertrek gevra word.

Die klassis het belang by die saak omdat die kerke in die buurt opme-
kaar aangewys is. Daarom moet die klassis toesien

- 2.1 dat die bewilliging om die beroep op te volg ordelik geskied het en dat die predikant nie bv. uit verkeerde motiewe deur die kerkraad en diakens gedwing word om teen sy sin te vertrek nie.
- 2.2 Waar daar reeds in die buurt baie vakatures is, daar nie n al te groot bedieningsnood deur die vertrek van die broeder sal ontstaan nie. As die belange van die kerke in die buurt dit verg kan die klassis sy toestemming weier. Natuurlik mag dit nie gebeur voordat noukeurig op al die redes gelet is wat die predikant dwing om die beroep te aanvaar en die kerkraad daarin laat bewillig het nie.

Dit kan dan selfs wees dat as alles in aanmerking geneem word die klassis wel toestemming tot die vertrek gee, tenspyte van die bedieningsnood wat sal ontstaan.

- 2.3 Net soos in die geval van art. 5 het die sinode besluit om die toestemming om n beroep op te volg aan n klassis kontrakta, bestaande uit 2 deputate uit 2 naburige kerkrade met die konsulent op te dra. Die reiskoste van die deputate moet deur die kerk wat beroep het gedra word.

Wat die tyd van die vergadering van die kerkraad saam met die deputate betref geld dieselfde as wat in art. 5 in die verband gesê is.

3. Indien n kerkraad die opvolging van n beroep nie bewillig nie of n klassis (kontrakta) toestemming tot vertrek weier en die predikant tog meen dat hy moet gaan, is die weg van appél vir hom oop.

4. Wanneer n predikant n beroep kry is dit n saak van groot erns. En as én die predikant én die kerkraad én die gemeente én die klassis hulle voor die aangesig van die Here stel word gewoonlik tot n eenstemige beslissing gekom. Waar sondige motiewe en begeertes by een van die partye die botoon voer kom daar botsings wat gewoonlik tot skade van die Naam van die Here, en van kerk en van die predikant is.

5. Die predikant mag eers aan die roepende kerk kennis gee dat hy die beroep opvolg nadat hy die bewilliging van die kerkraad met die diakens en die toestemming van die klassis verkry het. Dit is onordelik, soos reeds gebeur het, dat n predikant kennis gee dat hy die beroep aanneem en dan weer ontheffing van sy gegewe woorde vra omdat die klassis toestemming weier.

6. Tenslotte moet aan die predikant wat vertrek n amptelike akte van losmaking meegegee word om ooreenkomstig artikel 5 aan die kerkraad en die deputate van die klassis met sy bevestiging voor te lê. Die akte moet n getuienis aangaande die predikant se leer en lewe tydens sy dienstyed bevat en dat hy eervol losgemaak is .

Dit is die beste om die akte in triplikaat uit te reik: een aan die predikant; een te stuur aan die korresponderende kerkraad van die klassis en een vir die kerkraad self. In die losmakingsakte moet duidelik gestipuleer word dat die losmaking in werking tree sodra die predikant in die ander kerk bevestig is. Indien die tydsverloop tussen die afskeid en die bevestiging langer as n week is - as die predikant bv. eers met verlof gaan - moet daar ooreengekom word dat die kerkraad die predikant vir die hele periode voor die bevestiging nog vir sy rekening hou.

ARTIKEL 11

Die verantwoordelikheid van n beroepe bedienaar van die Woord teenoor die kerk wat hom beroep het, word in Artikel 10 beklemtoon.

Hy mag die kerk nie in die steek laat nie.

In art. 11 word weer die verantwoordelikheid van die kerk teenoor die bedienaar van die Woord benadruk.

Hulle mag hom nie in die steek laat nie. Die kerk moet hom intendeel "met behoorlike onderhoud" versorg.

1. Wat is nou behoorlike versorging? Daarmee is al veel gesê: miskien in sommige gevalle te veel. Waar n bedienaar van die Woord die kerkraad gedurig op die verpligting om hom behoorlik te versorg wys, ontaard die verhouding tussen hom en die kerk baie gou in die van n huurling teenoor sy werkgewer en hulle loer op mekaar om te sien watter voordeel die een op die ander kan haal.

Oor die algemeen word bedienaars van die Woord so versorg dat hulle n eerbare bestaan kan voer. Vir sommige is die "oudag" soms n

probleem omdat die onderhoud tydens die jare van bediening nie só was dat ook kon weggesit word met die oog op die kwade dag nie. Dan vind hy hom en sy gesin meteens dakloos by aftrede en die gewone emeritusversorging maak nie vir 'n woning voorsiening nie.

Kerkrade sal aan die saak van 'n woning vir die bedienaar van die Woord by emeritering ernstig aandag moet gee.

Om ook swakker kerke instaat te stel om hulle bedienaars van die Woord behoorlik te versorg, is al aan die hand gegee dat 'n "sentrale kas" gestig word, waaruit alle kerke dan put om hulle bedienaars van die Woord volgens 'n vasgestelde skaal te versorg.

Die Sinode Potchefstroom 1949 het die plan tereg van die hand gewys. Hoewel so 'n skema dalk geregverdig kan word deur die redenasie dat die kerke so aan mekaar hulp betoon in die saak van die versorging, blyk dit tog by nadere oordenking dat die beginsel van die selfstandigheid en verantwoordelikheid van die plaaslike kerk hier so in die gedrang kom dat die praktyk eindelik die beginsel kan verdring. Die voorstel neig al te veel na en word in die praktyk meestal die kollegialistiese denkbeeld dat die predikante in diens "van die Kerk" is en net toegewys is aan onderafdelings van die kerk (gemeentes). Die kerk (prakties dan = die sinode) is dan verantwoordelik vir die onderhoud van die predikant.

Die skriftuurlike kerkbegrip sluit so 'n reëling uit. Die plaaslike kerk is 'n komplette openbaring van die liggaam van Christus - die universele kerk - en volkome selfstandig en verantwoordelik vir sy eie organisasie. Natuurlik sluit dit nie uit dat die kerke mekaar daarin kan en ook moet bystaan nie. Die een moet op die ander ag gee.

In die geval van die versorging van die bedienaar van die Woord moet die kerke ook op mekaar ag gee dat hulle behoorlik versorg word en kan word.

Wat behoorlik is moet elke kerk in verantwoordelikheid voor God vir homself vasstel.

n Klassis kan wel oordeel of dit behoorlik is in n bepaalde geval. Maar dit kan nie vooraf enige basis of sg. leidraad vir die kerke meêrlê nie. Dit sou óf die hurling-werkgewer-verhouding bevorder óf die kollegialistiese kerkbegrip voed óf selfs n hiërargiese tendens laat ontstaan in die sin dat die kerke wat finansiëel sterk is (of andersom) en in die meerderheid is in die klassis, die ander in die saak kan oorheers.

Wat vir kerk A behoorlik is, kan vir kerk B oordadig en vir kerk C te karig wees. Daar is soveel faktore wat in ag geneem moet word, bv. die lewensduurte in die besondere omgewing waar die kerk geleë is; die vereistes wat t.o.v. die maatskaplike lewe aan die bedienaar van die Woord gestel word; die lewenspeil van die lidmate, die verpligtinge wat hy het t.o.v. sy huisgesin, studieskuld ens. ens.

Hierdie dinge verskil van plek tot plek en van predikant tot predikant

Elke kerkraad moet egter, al is die ander vereistes ook hoe minimaal, sorg dat wat absoluut nodig is vir die bestaan, soos: n dak oor die kop, ook in die oudag, voedsel, kleding, mediese versorging en voorsiening vir die opvoeding van sy kinders, voorsien word.

n Bedienaar van die Woord moet sonder sorge oor die daaglikse behoeftes kan leef om só al sy aandag en kragte aan die diens van die Here en aan die gemeente te kan lewer. (2 Tim. 2:4)

n Kerk moet dus eers vasstel of hulle n bedienaar behoorlik kan versorg, voordat tot n beroep oorgegaan word.

As die kerk te swak is moet eers seker gemaak word of hulp van die genabuurde kerke gekry kan word en watter hulp op staat gemaak kan word.

Gewoonlik kan die hulp twee vorme aanneem. 1. n Paar kerke staan mekaar by en vorm n kombinasie met die oog op beroep en 2. sustentassie word deur die gesamentlike kerke gelewer.

1.1 In die geval van kombinasie beroepe verwys ek na die Sinodale advies 1939, Acta art. 43 (Bylaag by art. 4 K.O.).

Wanneer twee of meer kerke met mekaar kombineer om 'n bedienaar van die Woord te bekom en te versorg, moet altyd ingedagte gehou word dat dit, hoewel 'n behoorlike ooreenkoms gesluit word, geen blote sake transaksie is nie. Dit is kerke wat smag na die bediening van die Woord en wat te swak is om dit self te bekostig en nou dra hulle mekaar se laste sodat hulle dit kan bekostig. Selfs al kan kerk A dit bekostig maar kerk B kan nie, kan en moet kerk A met B 'n kombinasie aangaan as dit enigsinds moontlik is uit die drang van die liefde vir B. So word dan aan kerk B barmhartigheid bewys, sonder dat kerk B se selfstandigheid en verantwoordelikheid opgehef word. In die ooreenkoms wat gemaak word word die verpligtinge na vermoë en die regte na behoeftes, so billik moontlik aan elke kerk in die kombinasie toegewys. Die Gees van Christus verhoed dat presies uitgewerk word dat die predikant kry van A soveel, daarom moet presies volgens die bydraes sy dienste verdeel word. Natuurlik meen dit nie dat kerk A met 500 lede wat met kerk B 100 lede, gekombineer is, net op presies dieselfde regte as kerk B kan aanspraak maak nie. Kerk A se behoeftes is anders en meer en neem meer tyd in beslag as kerk B s'n; daarom moet in die verdeling van werk rekening gehou word.

Daar moet onthou word: die kerke is nie sakevennote wat oor die dienste van 'n werknemer beding nie; hulle is kerke wat in die gesindheid van Christus deur onderlinge hulpbetoon, hulle kan verbly in die diens van die Woord, gelewer word deur die gesant van Christus wat hulle gesamentlik bevoorreg is om te kan onderhou.

Verder moet teen hiërargie gewaak word. Die sterker kerk mag die swakkere nooit in 'so 'n kombinasie oorheers nie. Die gekombineerde kerkraadsvergaderinge moet altyd so gelei word dat elke sweem van oorheersing deur oorstemming afgeweer word. Beslissings op so 'n gekombineerde vergadering moet altyd met instemming van al die betrokke kerke geneem word. Daar moet dus kerkgewys en nie persoonlik gestem word nie.

Die bedienaar van die Woord moet steeds waak in so 'n geval dat hy nie die belange van een kerk bo die van die ander stel nie. Daar mag deur sy optrede nie eers die geringste idee ontstaan dat hy dié een kerk teen 'n ander in die kombinasie wil afspeel nie. Dit kan bv. gebeur dat die predikant aan die swakkere kerk B te kenne gee dat kerk A graag sy traktament sou wou verhoog, maar nou is dit kerk B wat in die weg staan omdat hulle nie wil (kan) bypas nie!

1.2 Sustentasie

Wanneer sustentasie aangevra word om 'n predikant behoorlik te kan onderhou moet dit werklik noodsaaklik wees. 'n Kerk mag bv. nie 'n duur kerkgebou oprig en al die inkomstes daarvoor benut en dan vir die bedienaar van die Woord se onderhoud sustentasie aanvra nie. In so 'n geval moes daar maar eers gewag gewees het met die bouery en gesorg word dat die diens van die Woord sy voortgang het. Die kerk wat om sustentasie aansoek doen moet voorts sorg dat hulle aansoek in ooreenstemming is met die bepalings van die betrokke meerdere vergadering. Hoewel vanselfsprekend, is dit tog nodig dat benadruk word dat daar by sulke aansoeke met groot openheid, stiptheid en waarheid gehandel word.

2. Wie versorg?

Natuurlik die Kerk en nie die owerheid nie. Vgl. vir die verwoestende gevolge in die kerk as die owerheid die beurs dra die geskiedenis van die kerk in S.A. 1652-1862. Na die reformasie het die kerk in die saak van die onderhoud van die bedienaar van die Woord die spoor byster geraak toe die owerheid op die "kerkgoedere" beslag gelê en die daaruit, op versoek van die kerke, die bedienaars van die Woord versorg het. Speedig, onder invloed van die erastianisme, het dit 'n beginsel geword dat die owerheid vir die onderhoud verantwoordelik is.

In S.A. het dit voorts in die O.V.S.-Republiek sowel as O.R.K. gebeur dat kerke staatsteun ontvang het. Dit was egter skenkings van die owerheid aan onder andere die Gereformeerde Kerke, Petrusburg, Boshof, Fauresmith, Reddersburg en Bloemfontein wat onder moeilike finansiële toestande aanvaar is, met die uitdruklike voorbehoud dat die owerheid nie daarmee 'n seggenskap in die kerkregering verwerf nie. As beginsel in die verband kan dan ook tereg gehandhaaf word dat Christus die enigste Hoof van sy kerk is en dat elke skenking, bydrae of voordeel wat die kerk mag toeval maar aan die beginsel geweld aandoen, nie aanvaar mag word nie (vgl. Verder Bouwman hieroor).

Die kerk is deur Christus belas met die versorging van die bedienaar van die Woord. Vgl. Gal. 6:6: "Maar laat hom wat in die Woord onderrig ontvang, meedeel van alle goeie dinge aan hom wat onderwys gee."

Die ouderlinge moet toesien dat die kerk die verpligting na kom en daarom is die kerkraad ook die kanaal waardeur die gelowiges die bedienaar van die Woord versorg. Vandaar: "Die kerkraad wat die kerk verteenwoordig, ..." Die bedienaar van die Woord mag hom nie met die sake van die lewensonderhoud bemoei nie; daarvoor moet die kerkraad sorg deur 'n behoorlike onderhoud te bied. Die arbeider is sy loon waardig. "So het die Here ook vir die wat die Evangelie verkondig, bepaal dat hulle van die Evangelie moet lewe." 1 Kor. 9:14. Vgl. Verder 2 Tim. 2:4, 5 en 6; Filippense 4:10 e.v.; Matth. 10:10; 1 Kor. 9:7-14; 1 Tim. 5:17 en 18; 2 Thess. 3:7 - 9 en Gal. 6:6.

2.1 Byverdienste

Die bedienaar van die Woord is 'n gesant van Christus wat versorg word sodat hy alle aandag en kragte aan sy diens kan wy. Daarom is dit sonde as 'n predikant wat behoorlik versorg word, hom tog nog besig hou met allerlei geldmaakskemas. Gewoonlik ly 'n gemeente 'n geweldige geestelike skade as die predikant daarop uit is om geld te maak.

Dit moet u as toekomstige predikante nou al weet: as u wil ryk word of in weelde wil leef kies nou en nie 'n dag later nie, 'n ander beroep! As u 'n geroepe dienskneg van Christus is kan en mag u nie ook 'n voltydse boer, sakeman, spekulant of wat ook al wees nie. U moet u ver hou van die dinge.

Wie onvergenoegd is met sy versorging deur Christus en vir homself beter wil sorg, loop 'n groot smart tegemoet.

2.2 Die versorging is 'n saak wat met groot wysheid en teerheid deur beide die wat versorg en hy wat versorg word, hanteer moet word. 'n Wyse en kundige wyksouderling wat die vertroue van die predikant wegdra en 'n predikant wat weet om vergenoegd te wees, is tot groot seën in 'n gemeente.

Die bedienaar van die Woord moet altyd onthou: Christus versorg my deur sy kerk en ek moet Hom dankbaar wees.

Die kerk moet onthou: Christus beveel ons om sy dienskneg te versorg

en wee ons as ons ontrou is.

Indien n kerkraad faal om hulle plig na te kom moet die bedienaar van die Woord se gedrag in die gemeente so wees dat hy selfs in die nalatigheid teenoor sy persoon, vrymoediglik met die Woord van die Here kon vermaan oor die versuim (Vgl. vir die gesindheid waarin en wyse waarop so n vermaning moet geskied bv. Filippense 4:10-19; 1 Kor. 9:1-27).

2.3 Die wyse van insameling

Die wyse waarop die kerkraad die middele tot versorging moet bekom lewer nogal probleme. Die een uiterste is om die nodige te vind deur wat Van Dellen en Monsma noem; "Moneymaking schemes..." "Ope kollektelyste" wat deur stad en land gedra word; basaars, raaikompetisies en die soort metodes is, indien dit nie sonde is nie, dan tog die kerk van die Here onwaardig. Elke lidmaat is verplig om na vermoë by te dra in verantwoordelikheid teenoor die Here. Vgl. veral Haggai 1: 1-11 en Maleági 1:1-14; Handeling 5:1-11.

Bydraes moet vrywillig maar nie eiewillig wees nie.

Die kerkraad moet reël hoe die bydraes afgedra moet word. Die beginse is dat elkeen moet bydra en hulle bydrae by die kerkraad afdra.

Dit is verder n saak van die kerkraad om dit op die mees verantwoorde manier te laat geskied. Die gedagte dat dit verkeerd sou wees dat die diakens die bydraes moet insamel en dat die beginsel juis vereis dat die bydraes by die erediens afgedra moet word, is n groot misverstand. n praktiese metode word so tot n beginsel verhef.

Die beswaar dat dit ook nie die eintlike werk van die diakens is nie gaan ook nie op nie. Wie se eintlike werk is dit dan anders? Dit kan tog nie die ouderlinge s'n wees nie. Hulle regeer immers en is ook nie kollektante nie! Deur die eeue heen het die kerk, onder leiding van die Heilige Gees, dit egter goed gevind om die taak om die bydraes in te samel, benewens hulle "eintlike" werk, ook oor die diakens op te dra. En vandag se "prinsipiële" besware rus op denk=kontruksies en geen Skrifgronde nie.

Dit bly nog maar die beste metode van insameling en ook 'n metode waardeur die diaken se "eintlike" werk bevorder word.

3. "... of hulle uit hulle diens ontslaan..."

Hierdie tweede deel van art 11 klink vreemd. Dienaars van die Woord is immers lewenslank aan die kerk verbind en dit is vanselfsprekend dat die kerk hulle lewenslank versorg.

Die Heilige Gees het die kerke deur die eeue egter so gelei, dat daar by die opstel van die artikel terdeë rekening gehou is met die feit dat die kerk nog in 'n sondige wêreld is en self nog sonde het. (Vgl. 1 Joh. 1).

Net soos artikel 10 wil verhoed dat die predikant sommer wegloop, net so wil artikel 11 verhoed dat 'n kerkraad sommer sy verantwoordelikheid om die predikant te onderhou, afskud.

Dit mag egter wees dat 'n kerk onvoorsiens so veragter op finansiële gebied dat hulle nie meer by magte is, selfs met aansienlike hulp, om 'n predikant te onderhou nie. Dan mag die kerkraad nie sommer skouers optrek en aan die predikant sê: gaan heen in vrede en word versadig en warm nie! Daar moet met advies en goedkeuring van die klassis en deputate van die Part. Sinode gehandel word.

Dit kan ook wees dat die lidmate weier om by te dra tot die onderhoud van die predikant omdat die verhouding tussen hulle en hom nie reg is nie.

Dit kan ook wees dat die predikant se roepingstroue arbeid, veral in die prediking, so indruis teen die sin van 'n kerk, wat al ver gevorderd het op weg na wêreldgelykvormigheid, dat daar so 'n gespanne verhouding ontstaan dat dit onmoontlik geword het om met die bediening voort te gaan.

Dit kan ook wees dat 'n predikant deur sy optrede eerder die gemeente afbreek as opbou, sonder om hom aan 'n presies - vas penbare - openbare sonde skuldig te maak of selfs sonder dat daar sprake is van een of ander aanwysbare sonde wat die diens beklad.

In dergelike gevalle - daar kan meer wees as bogenoemde voorbeelde - moet die kerkraad saam met die klassis en die deputate van die Partikuliere Sinode, eers vasstel wat die oorsaak is van die onvrugbare diens van die predikant. Is dit 'n aanwysbare openbare sonde, moet art. 79 in werking kom.

Indien daar karaktergebreke is, wat tog ook sonde is, wat egter nie optrede onder art. 79 regverdig nie, moet so 'n predikant ernstig vermaan word. As dit nie help nie, moet geoordeel word of die broeder wel die nodige ampsgawes het om te kan voortgaan met die bediening - indien nie moet hy losgemaak word van die kerk en ernstig aangeraai word om oor te gaan tot 'n ander staat van die lewe. In elke geval sal aan die kerke op 'n kiese manier kennis gegee moet word waarom hy losgemaak word en dat daar twyfel is oor sy vermoë om met stigting te kan dien.

Kry hy dan binne 'n redelike tyd, wat nader bepaal moet word, geen beroep nie, moet dit as 'n voldonge feit aanvaar word dat hy tot 'n ander staat van die lewe oorgaan.

Is dit egter van die begin af duidelik dat daar geen of min blaam op die predikant geplaas kan word vir die gespanne verhoudinge en loop dit uit op 'n breuk tussen predikant en kerk, moet aan so 'n predikant baie ruim tyd gegun word om 'n ander beroep te vind. Hy is immers uit die diens van die kerk vanweë sy getrouheid! In so 'n geval moet die losgemaakte predikant sterk aanbeveel word by ander kerke, deur die klassis en deputate van die Part. Sinode.

Wanneer 'n predikant kragtens art. 11 van 'n kerk losgemaak word is die losmaking vanselfsprekend nie absoluut aan die begin nie. Hy bly nog verbonde aan die kerk en die kerk moet nog toesig hou oor sy leer en lewe en hom onderhou totdat hy 'n beroep kry. Al is hy onthef van die aktiewe dienswerk in die kerk, word hy egter eers ooreenkomstig art. 5 losgemaak van die kerk waaraan hy verbonde was, nadat hy in 'n ander kerk bevestig is.

Vanselfsprekend sal die verbreking van die band tussen 'n bedienaar van die Woord en die kerk wat hom beroep het, ooreenkomstig art. 11, 'n seldsaamheid bly. Art. 11 mag nooit gebruik word omdat die kerk

opsien teen n tugproses nie. Ook nie om bloot ontslae te raak van n predikant wat in alles onberispelik is, maar tog nie oor so n aangename persoonlikheid of bogemiddelde ampskawes beskik nie. Daar moet gewaak word dat die artikel nie misbruik word om maklik van die predikant ontslae te raak om een of ander onbenullige rede nie.

ARTIKEL 12

"Die bedoeling in art 12 is om te bepaal hoe n bedienaar onder uitsonderlike omstandighede sy amp eervol mag neerlê..." (Acta Potestatis 1964, p.100, pt. 2).

In die vorige artikels is telkemale veronderstel dat n bedienaar van die Woord lewenslank in die diens betrek is.

Die vraag is nou of die veronderstelling op n beginsel rus en of dit maar net die vrug van die praktyk is. Gee die Skrif enige aanduidings dat die diens lewenslank is, of is dit maar so om praktiese redes soos: die hele voorbereiding deur opleiding daaraan verbonde?

In artikel 12 word uitgegaan van die beginsel dat n bedienaar van die Woord lewenslank aan die kerkdienst verbonde is. Daar word gesê dat hy nie mag oorgaan tot n ander staat van die lewe nie, behalwe om gewichtige redes ...

Rus hierdie beginsel op die Skrif?

Wanneer Jesus die Christus met sy openbare prediking begin kom Hy twee vissers teen "En Hy sê vir hulle: Kom agter My aan, en Ek sal julle vissers van mense maak." Matth. 4:19.

Hier het ons die eerste aanduiding dat Jesus Hom in sy Messiaanse arbeid ook van mense sou bedien. Vir hierdie diens eis Hy al hulle tyd en al hulle kragte, en so verstaan Petrus en Andreas, en bietjie later Johannes en Jakobus, dit ook. "En hulle het dadelik die nette laat staan en Hom gevolg." Hulle laat vaar hulle gewone

beroep, wat moes dien tot hulle lewensonderhoud, en gee hulle self volkome in die diens van Christus, terwyl hulle hul geheel aan sy sorg toevertrou. Vgl. Matt. 4:21 en 22 met Markus 1:20 waar bygevoeg word " en hulle hethul vader Sebedeüs met gehuurde mense in die skuit laat staan en Hom gevolg. Vgl. verder: Matth. 9:9.

Wanneer Jesus die skare in bewoënheid aanskou "omdat hulle moeg en uitgeput was, soos skape wat geen herder het nie" sê Hy "Bid dan die Here van die oes, dat Hy arbeiders in sy oes mag uitstuur." Dit gaan dus nie om 'n tydelike onderbreking van 'n aardse beroep nie, maar om 'n lewenslange opdrag om die oes in te samel. Die volle oes sal eers as die laaste basuingeskal gehoor word, ingesamel wees. Matth. 24:14.

Die lewenstaak eis al sy tyd en kragte op sodat hy ook moet lewe deur die vervulling daarvan. Dit word baie duidelik in Matth. 10:7-42. Veral verse 9 en 10 "... want die arbeider is sy voedsel werd." Ook in Markus 3:13 en 14 word die permanensie van die twaalf se opdrag beklemtoon. Voorts is dit duidelik uit Handeling 9, waar die roeping van Saulus beskryf word dat hy altyd tot beskikking van die Here moet wees. (Handeling 9:6). Die Heilige Gees laat Paulus ook beelde gebruik om die karakter van die diens van die woord te beskryf wat alle twyfel uit die weg ruim of die diens lewenslang al dan nie is nie. Hy vra in 1 Kor. 9:6 en 7 "Of het net ek en Barnabas geen reg om die hande-arbeid na te laat nie? Wie dien ooit as soldaat op eie koste? Wie plant 'n wingerd en eet nie van sy vrug nie? Of wie pas 'n kudde op en geniet nie van die melk van die kudde nie..?" Vgl. ook verse 9-13 en veral vers 14: "So het die Here ook vir die wat die Evangelie verkondig bepaal dat hulle van die evangelie moet lewe." Die hele lewensbestaan is betrek op die evangelie. Dit is 'n lewenstaak om bedienaar van die Woord te wees. Vgl. ten oorvloede nog Efesiërs 4:10-16. Daar word absoluut beslag gelê op die persoon en lewe van die een wat tot hierdie bediening geroep word.

Die hoofsaak in art. 12 is dus dat "n bedienaar van die Woord wat eenmaal wettig beroep is, lewenslang aan die kerkdiens verbonde is", en hy mag dit nie verlaat nie. "As reël word deur die K.O. aangenem dat die bedoelde oorgang nie geoorloof is nie." (Rapport oor art. 12, 13 en 14, aan Sinode Bloemfontein 1939, Acta p. 76).

Hy mag nie, dit sou ontrou wees "behalwe om gewigtige redes."

Hier vind ons weer die versigtigheid waarmee die Heilige Gees die vaders bedeel het by die formulering van die K.O. God bly soewerein, ook in sy roeping van 'n bedienaar van die Woord. Hy kan sy kneg van die verdere diens ontslaan.

Dit is egter die uitsondering. Die Here toon dat sy dienskneg se werk voltooi is deur gewigtige oorsake.

Die probleem is om vas te stel wat as sulke gewigtige oorsake of redes geld.

- Dit kan wees: (1) Fisiese oorsake. 'n Bedienaar van die Woord kan onbekwaam word vir die diens deur 'n fisiese gebrek wat intree, maar wat hom nie vir 'n ander werk onbekwaam maak nie. Hier sal versigtig geoordeel moet word en vasgestel moet word of hy nie vanweë sy onbekwaamheid moet emeriteer nie. Kry hy 'n ander werk moet hy aansoek doen om oor te gaan tot 'n ander staat van die lewe.
2. Na 'n tyd kan dit blyk dat hy nie oor die gawe van volharding wat nodig is vir die verhewe diens, beskik nie. Die gemeente mag dan nie onder sy onbekwaamheid ly nie. Die vraag is egter of hy nie in so 'n geval onder art. 11 sy ontslag moet kry en dan aangeraai moet word om oor te gaan tot 'n ander lewenstaak.
3. Die derde gewigtige rede kan wees die aandrang van elders by die bedienaar van die Woord om 'n ander noodsaaklike taak te gaan verrig ten bate van kerk of volk. Hy soek dan nie 'n ander betrekking nie, hy word dan feitlik teen wil en dank daarin gedwing.

Die oordeel oor die gewigtigheid van elkeen van die redes berus nie by die bedienaar van die Woord alleen nie. Hy is verbonde aan die kerk en die kerk moet saam met hom oordeel. Die oordeel geskied deur die kerkraad en die klassis met advies van die deputate van die Partikuliere Sinode.

Wanneer 'n bedienaar van die Woord sy versoek om oor te gaan tot "n ander staat van die lewe" aan die kerkraad rig moet hy hulle oortuig van die noodsaaklikheid daarvan. Hy moet aantoon dat hy nie self die betrekking gesoek het nie en bewys dat dit noodsaaklik is dat

Julius hy die werk moet gaan doen, alvorens die vergadering hom daartoe verlof kan gee en hom oorvol kan ontslaan.

Deur die Sinode van Bloemfontein 1939 (Acta bls. 75 en 80) en Aliwal Noord 1942 (Acta bls. 115/6) is besluit dat iemand wat oorgaan tot 'n ander staat van die lewe wel die naam en die eer van 'n bedienaar van die Woord kan behou indien dit 'n geestelike strekking het en ten bate van die evangelie is - soos om parlamentslid te word en die Christelike politiek te beoefen. Dit kan ook as dit ten bate van die kerk self is - bv. om sekretaris penningmeester van die Administratiewe Buro te word, of wanneer die betrekking in direkte verband met die bediening van die Woord gebring kan word, soos om Redakteur van die Kerkblad te wees.

Potchefstroom 1964 het hierdie besluite egter herroep "omdat dit strydig is met die gees en rigting van die Kerkorde, nl. dat die diens wat 'n persoon, waartoe hy middelik deur God geroep en bevestig is, sy amp bepaal. Sodra hy daarbuite tree, vervel sy amp en hy word eervol losgemaak, indien sy verandering deur die kerkraad en klassis met advies van die deputate van die Partikuliere Sinode, as "necessitas" beoordeel word. Die bedoeling in artikel 12 is om te bepaal hoe 'n dienaar in uitsonderlike omstandighede sy amp eervol mag neerlê en nie hoe hy dit kan behou nie! (Acta 64, p.100).

Wanneer 'n bedienaar van die Woord oorgaan tot 'n ander staat van die lewe onder die oordeel van die kerkraad en klassis, met die deputate van die Partikuliere Sinode verlaat hy sy diens troueloos en dit moet so aangeteken en afgekondig word. Eintlik is daar in so iemand wat die diens troueloos verlaat het, geen weg terug na die bediening nie. Hy sal alleen onder buitengewone omstandighede weer in die diens toegelaat kan word. Dieselfde geld van 'n persoon wat wel die oordeel van die kerkraad ens. gevra het, maar dat geoordeel is dat hulle nie van die noodsaaklikheid oortuig is nie en hy dan tensynte van die oordeel, bly aandring op sy ontslag en dit neem. Hierby kan ook gevoeg word die geval waar 'n bedienaar vra om oor te gaan na 'n ander staat van die lewe omdat hy nie meer die roeping gevoel nie. Hy moet dan ontslag kry, maar dan moet dit so aange-teken en bekend gemaak word. Ook vir hom sal die weg terug byna onmoontlik wees.

Die Kerkorde bepaal nie 'n weg vir iemand wat onder art. 12 oorgegaan het tot 'n ander staat van die lewe, om weer na die bediening terug te keer nie.

Daar kan egter in die praktyk 'n geval voorkom waar 'n bedienaar van die Woord net vir 'n tyd 'n ander taak moet gaan verrig maar die duur van die noodsaaklike onderbreking kan nie vooraf nader bepaal word as dat dit 'n geruime tyd sal wees nie. So iemand kan nie onder artikel 14 verlof kry nie, en moet dan vir 'n tyd oorgaan tot 'n ander staat van die lewe. As die taak afgehandel is kan en moet hy terug keer na die diens.

Potchefstroom 1973 bepaal dat iemand wat wil terugkeer tot die diens van die Woord hom na die kerkraad moet wend waar hy woon vir 'n oordeel en aanbeveling by die kerk en klassis waar hy uit die amp is, met die oog op 'n aanbeveling by die Partikuliere Sinode (in wie se ressort laasgenoemde kerk en klassis resorteer) vir sy beroepbaarstelling. (Acta 1973, p.318).

'n Bedienaar van die Woord wat skuldig is onder art. 79 en 80, maar berou betoon en ontslag vra mag nie onder art. 12 eervol uit die diens tree nie. Hy moet onder art. 79, 80 ontslag kry as hy dit vr omdat hy besef dat hy nie met die diens kan voortgaan nie. Vanself sprekend sal so 'n ontslag in feite as afsetting gereken moet word by 'n eventuele aansoek "om herstel in die amp".

Artikel twaalf stel eintlik die mag nie voorop met 'n tensy of behalwe as die uitsondering.

ARTIKEL 13

Artikel 12 word beheers deur die beginsel dat die bedienaar van die Woord lewenslank "aan die kerkdiens verbonde is."

In artikel 13 word op die beginsel voortgebou. Selfs as die bedienaar van die Woord oud of sieklik geword het of deur een of ander oorsaak (buite sy beheer) onbekwaam vir die diens geword het, bly die band tussen hom en die kerk wat hom beroep het nog stewig vas. Hulle moet hom dan ook nog eer as bedienaar van die Woord en "hom in sy nood=druf eervol versorg."

Aansoek om emeritering

1. Wanneer n bedienaar van die Woord onbekwaam word, vanweë die gemelde oorsake, vir die vervulling van sy pligte moet hy hom tot sy kerkraad wend en vra om van sy verpligtinge onthef te word.

Die kerkraad ondersoek dan die redes wat hy aanvoer en indien dit geldig bevind word lê hulle dit aan die Klassis voor wat dan met advies van die deputate van die Partikuliere Sinode finaal oordeel of hy daarvan onthef kan word.

Die kerkraad gee aan die bedienaar van die Woord wat so onthef word van sy verpligtinge n akte van emeritering mede onderteken deur die betrokke deputate. (Emeritus: oorspronklik n term wat gebruik is om n Romeinse soldaat wat sy tyd uitgedien het, aan te dui.)

2. Gevolge van emeritering

Let daarop: die bedienaar van die Woord wat onbekwaam geword het, word onthef van sy verpligtinge, maar nie ontslaan uit die diens nie. Hy behou die naam en die eer, dit wil sê: die bevoegdheid tot die diens van die Woord alhoewel hy vrygestel is van die verpligting om die bevoegdheid te gebruik tot gereelde diens. Hy ontvang dus die eer wat n bedienaar van die Goddelike Woord toekom, al is hy dit nie meer metterdaad nie. Hy het ook nog dieselfde reg as waarvan gepraat is in art. 11, op versorging deur die kerkraad.

3. Wat is nou sy posisie in die kerk?

Prof. J.D. du Toit sluit in sy diktaat by Bouwman (1934 I p.477), Rutgers (Adwezen) en Jansen 1917, (Van de Diensten p. 362) aan wat sê dat hy nog reg het om kerkraadsvergaderinge by te woon en deel te neem aan die beraad en beslissinge en selfs om as voorsitter op te tree. Dit kom daarop neer dat 'n emerituspredikant die reg het om nog soos voorheen sy ampspligte uit te oefen, maar nie die verpligting daartoe het nie. Indien die opvatting reg is sou dit meen dat so 'n emerituspredikant veral as hy nog oor 'n mate van krag beskik - 'n onbestendige en selfs verwarrende invloed in die kerk kan uitoefen deur willekeurig op sy regte aanspraak te maak tot skade van die kerk. Dit sou o.a. beteken dat hy die werk van sy opvolger kan dwarsboom deur sy leiding op kerkraadsvergaderinge teen te staan, hom in 'n besondere rigting te probeer stuur, preekbeurte te eis ens. ens.

Die uitspraak van Potchefstroom 1967, acta p. 59, gaan tereg in teen hierdie opvatting as dit verklaar "Geen kerk het egter die reg om op sulke dienste van sy emerituspredikant aanspraak te maak nie ... net so min as wat die geëmeriteerde spesiale ampsvoorregte besit waarvolgens hy kan eis om sulke dienste te verrig."

Hy het geen aanspraak om die bevoegdheid tot die bediening in praktyk te bring nie. Hy het die bevoegdheid maar nie die reg om weer die ampspligte uit te oefen nie tensy hy daartoe deur 'n kerkraad uitgenooi word en as sy kragte dit toelaat. Met ander woorde 'n emerituspredikant het geen reg meer om 'n kerkraadsvergadering by te woon, eredienste te hou of enige ander ampsplig uit te oefen tensy hy daartoe uitgenooi word deur 'n kerkraad nie.

4. Wat word onder ouderdom verstaan?

Potchefstroom 1961, Acta art. 164, p. 227, aanvaar 'n aanbeveling van die deputate van beheer van die E.P.P.W. en W. fonds om te verklaar: ouderdom in art. 13 K.O. "as synde 65 jaar en ouer te wees." Dus: al is 'n bedienaar van die Woord op 65 jaar nog ten volle bekwaam om die diens te verrig kan hy tog op grond van onbekwaamheid weens ouderdom emeriteer. In die praktyk het dit reeds baie probleme opgelewer.

So n geëmeriteerde kan bv. n ander werk aanvaar teen n goeie salaris. Beteken dit nou dat hy moet oorgaan tot n ander staat van die lewe (art. 12) en/of verbeur hy nou sy versorging deur die kerk? Dergelike probleme is deur Klassis Pretoria-Oos op die tafel van die Sinode Potchefstroom 1976 gelê en dit is verwys na die deputate vir die E.P.P.W en W.-fonds om aan die volgende sinode (1979 D.V.) n advies in hierdie verband voor te lê.

n Ander praktiese probleem by die toepassing van art. 13 K.O. in die lig van die verklaring dat ouderdom beteken 65 jaar of ouer te wees, is dat daar nou n eensydige handeling van die predikant kan wees. Wie oordeel nou of hy moet emeriteer op 65 of nie? In die praktyk kom dit daarop neer dat die predikant alleen daaroor beslis. Dit is goed dat daar weer op die verklaring van wat ouderdom is, ingegaan sal word.

Dit lyk tog of reglementering hier oorbodig en selfs nadelig is. Elke predikant en kerkraad moet én afsonderlik én gesamentlik voor die aangesig van die Here die saak uitmaak.

Wanneer die onbekwaamheid - selfs op n betreklike jong leeftyd deur siekte veroorsaak word moet die aansoek gepaard gaan met die nodige deskundige (mediese) getuienis dien aangaande. Dit kan wees dat die siekte hom net vir die bediening van die Woord onbekwaam maak, maar dat hy nog heeltemal instaat is om n ander beroep uit te oefen en so in sy eie onderhoud te voorsien. In so n geval mag die kerkraad nie surmier versorging aan hom weier nie, maar daar moet sterk by hom aangedring word om oor te gaan tot n ander staat van die lewe. Solank as wat hy nog nie n eerbare werk kan kry nie, is die kerkraad verplig om hom onder art. 13 K.O. as bedienaar van die Woord te onderhou.

6. Vertrek uit die kerk wat hom geëmeriteer het

Indien n emeritus-predikant uit die kerk waar hy geëmeriteer is vertrek na n ander, bly die band tussen hom met sy gesin, en sy kerk nog bestaan. Die kerk waarheen hy verhuis ontvang en versorg hom en sy gesin net as lidmate, maar vir hulle lewensonderhoud bly hulle afhanklik van die kerk wat hom beroep en geëmeriteer het. Hy bly

ook wat sy ampsbevoegdheid betref afhanklik van die kerk. In die geval van tug moet die kerkraad waar hy woon die saak in die hande gee van die kerkraad aan wie hy as bedienaar van die Woord verbonde is. Hulle handel dan in oorleg met die kerkraad waar hy woon (vgl. Potchefstroom 1970, p. 428/9).

Hoewel so 'n verhuising van 'n emeritus-predikant deesdae algemeen voorkom, bly dit 'n abnormale toedrag van sake dat iemand wat nog kragtens sy amp verbonde is aan een kerk, lid word van 'n ander. Die vraag is nog of daar nie 'n ander reëling in so 'n geval getref moet word nie. Dit lyk tog nie korrek dat hy gewoonweg lid van die kerk is waar hy woon en nogtans onder toesig van 'n ander kerk is nie.

7. Weduwees en Wese

Wat die versorging van die weduwee en wese van 'n bedienaar van die Woord of 'n emeritus betref, is daar noukeurige bepalinge in die reglement vir die E.P.P.W. & W.-fonds.

By die behandeling van art. 20 word daar ook weer op teruggekom.

8. Verkiesing tot ouderling

Dit het ook gebeur dat 'n emeritus-predikant, wat nog in staat is om herderlike werk te doen, tot ouderling verkies en bevestig word. Op 'n vraag oor die praktyk het Potchefstroom 1967 geantwoord dat hy nie in 'n ander amp bevestig kan word sonder om uit sy amp as bedienaar van die Woord te tree nie. Dit is "strydig om die naam en eer van een amp te dra en 'n ander amp te beklee..."

Dit beteken nie dat hy geen herderlike werk mag doen, waar hy nog in 'n wyk met vrug kan dien nie. Die gemeente kan hom daartoe aanwys in 'n verkiesing en as hy die roeping aanvaar kan hy die diens verrig kragtens sy amp as bedienaar van die Woord. Indien hy daartoe verkies word, nadat hy verhuis het sal die aanvaarding van die diens in die gemeente waar hy woon seker nader gereel moet word met die kerkraad aan wie hy verbonde is as bedienaar van die Woord. Hieroor is daar seker nadere besinning dringend nodig.

9. Die versorging

"Die kerk wat hy gedien het" moet die emeritus-predikant "in sy nood" druf eervol versorg." Dieselfde regte en pligte waarvan in die verband in art. 11 melding gemaak is, geld op grond van die Skrif ook hier.

Die plaaslike kerk waaraan die bedienaar van die Woord verbonde is wanneer hy onbekwaam word om te dien, is verantwoordelik vir sy versorging, ongeag die duur van sy diens in die besondere kerk. Al het hy voorheen vir 30 jaar in ander kerk gedien en die kerk waar hy onbekwaam geword het net 6 maande, bly die laaste kerk nog vir hom verantwoordelik.

Dié feit sowel as die werklikheid dat die meeste kerke nie weer in bedienaar van die Woord sal kan beroep as hulle ten volle verantwoordelik is vir die versorging van in emeritus-bedienaar van die Woord nie, maak dat art. 13 nooit letterlik in die praktyk toegepas kon word nie. Prinsipiël is die artikel onaanvegbaar en kan in die praktyk wel deur enkele sterk kerke toegepas word, maar die geskiedenis het getoon dat die beginsel van die verantwoordelikheid van die plaaslike kerk ook vir sy emeritus-predikant, wel gehandhaaf moet en kan word, maar nie noodwendig op dieselfde wyse as in art. 11 in die geval van die predikant wat nog in volle diens is nie.

In Nederland het die toepassing van die artikel in droewige geskiedenis. Eers - voor die negentiende eeuse reformatie - het die predikante by gebrek aan die behoorlike nakoming deur kerkrade van die verpligtinge in art. 13 opgelê, tot die dood toe - in een geval selfs toe hy reeds 90 jaar was - in die diens gebly, al kon hulle die werk al jare nie meer behartig nie. Later het die Geref. Kerk van 1834 en 1886 mekaar bygestaan om art. 13 te kon toepas. Eers het die Kerk van die Afskeiding dit gesamentlik op in vrywillige basis gedoen en later het hulle - en daarin is hulle gevolg deur die Gereformeerde Kerken van 1892 - kerke wat nie hulle emeritus-predikant kon versorg nie, hulpbehoewend verklaar en dan het die klassis so in kerk te hulp gekom met kollektes. Kon selfs met die hulp van die klassis die verpligting nog nie nagekom word nie, is die hulp van die Partikuliere Sinode ingeroep. Deur sustentasie kon die emeritus predikant dan

versorg word en die gewone bediening van die Woord, deur weer n beroep uit te bring, ook nog voortgaan. Vgl. H. Bouwman 1934, I, pp. 478 e.v.

Die Geref. Kerk in S.A. het reeds sedert 1873 die weg van onderlinge hulpverlening in die uitvoering van art. 13, gevolg. In die "Voorbericht" van die Handeling, Burgersdorp 1873, skryf ds. D. Postma dat van de voornamen zaken die besproken zijn" was "De ... , alsmede een gemeenschappelijk dragen der lasten tot eene geregelde uitvoering van art. 13 onzer kerkorde ter verzorging van zwakke predikanten, derzelve weduwen en weezen." Die huishoudelike reglement vir die bestuur van die fonds praat van "het ondersteuningsfonds tot eene geregelde uitvoering van art. 13 ..." (Bylae 5, p. 57, acta 1873). Vgl. ook artikel 52, acta 1873)

Wat het die Sinode verstaan onder die "gemeenschappelijk dragen" en die "ondersteuningsfonds"? Blykens die Reglement voor een ondersteuningsfonds" (Acta 1873, art. 52 p.17), het die ondersteuning betrekking op die predikante. "Het doel van dit fonds is volgens art. 13 der Kerkorde, de predikanten, die door ouderdom en ziekte onbekwaam worden voor den dienst, te ondersteunen ..." (art. 1). Dit is n ondersteuningsfonds omdat geëmeriteerde predikante daaruit ondersteun word "tot het in werking brengen van art. 13 der Dordsche Kerkorde van 1618 en 1619." En die artikel bepaal dat die kerk wat hy (laaste) gedien het, hom moet versorg. Die fonds ter ondersteuning van die predikante moes dus die kerke instaat stel om hulle verpligtinge ooreenkomstig artikel 13 na te kom. In die lig gesien is dit duidelik wat ds. Postma in die "Voorbericht" onder "gemeenschappelijk dragen" verstaan het: die plaaslike kerke het saam gespan om mekaar in staat te stel om die artikel na te kom. Deur n vasgestelde bydrae tot die fonds het elke kerkraad gesorg dat sy predikant by eventuele emeritering van n vaste jaarlikse uitkering verseker sou wees. (Vgl. artikels 2 - 4 van die Reglement. Interessant is dat die predikante self ook moes bydra tot die fonds. N.B. De Synode wenscht opgemerkt te hebben, dat zij heeft bepaald, dat ook de leeraren als aanzienlijke bedien der gemeente mede bydragen voor de behoeften van dien stand."

Dat die fonds gedien het as manier om art. 13 kerkorde "in werking te bring" en dat die bydrae tot en uit betaling uit die fonds beskou is as die nakoming van die vereistes wat die artikel stel, is tot met Potchefstroom 1961, algemeen aanvaar. Potchefstroom 1961 verklaar egter dat die fonds n "hulpfonds" is in die sin van n sustentasie=fonds (Acta. p. 226). Die praktyk van die Geref. Kerken in Nederland is so oorgedra ter verklaring van n heel ander praktyk. Teen hierdie interpretasie dien n beswaar op die sinode Potchefstroom 1964 wat dan ook uitspreek dat die fonds geen hulpfonds in die sin van n sustentasiefonds is nie, maar wel n hulpfonds in die sin dat die kerke mekaar daardeur bystaan om die emeriti-predikante in hulle nooddryf eervol te versorg, ooreenkomstig art. 13.

Dit sluit egter nie uit dat die kerkraad moet vasstel of die bedrag wat uit die gesamentlike fonds uitgekeer word, wel aan die behoeftes van sy emeritus-predikant of sy weduwee en wese voldoen nie. Die versorging van die emeriti en hulle afhanklikes bly nog die volle verantwoordelikheid van die kerk wat hy gedien het, al staan al die kerke mekaar by in die nakoming van die plig.

ARTIKEL 14

Wanneer n bedienaar van die Woord heeltemaal onbekwaam word vir die diens, moet die kerk wat hy gedien het, "hom in sy nooddruf eervol versorg," Art. 13

Daar kan egter ook omstandighede ontwikkel wat dit noodsaaklik maak dat n predikant "sy diens vir n tydlank moet onderbreek". Hier gaan dit dus om iemand wat net vir n tyd nie sy diens kan verrig nie en daarom nie ooreenkomstig art. 12 of art. 13 behandel kan word nie.

Hy kan dit bv. nodig ag om verder te studeer, om hom sodoende beter te bekwaam vir sy diens. Dit kan ook gebeur dat hy liggaamlik en/of geestelik so afgetakel raak dat hy op mediese advies vir n jaar of selfs langer sy diens moet onderbreek om weer te herstel.

Gedurende die Reformasie moes predikante dikwels hulle gemeentes vir

n tyd verlaat omdat die vervolgings die diens onmoontlik gemaak het.

In al dergelike gevalle is die verwagting dat die predikant na korter of langer tyd weer sy diens sal hervat. Meestal is dit na n bepaalde tyd. Tog kan daar omstandighede wees waarin nie presies vasgestel kan word hoelank die onderbreking kan duur nie. n Jong predikant moet bv. sy diens weens siekte vir n tyd onderbreek. Menslik gesproke kan hy herstel, maar hoelank dit sal neem voordat hy weer in staat sal wees om te werk, kan nie dadelik vasgestel word nie. Dan moet hy wel die nodige verlof kry, maar as dit bv. jare duur, sonder dat daar uitsig op herstel kom, moet ooreenkomstig art. 12 of 13 gehandel word.

Die onderbreking kan ook noodsaaklik word deur n opdrag wat die predikant kry om bv. mee te werk in n kommissie wat hom vir ses maande n jaar of selfs twee jaar besig sal hou. In so n geval moet die kerkraad en klassis, voordat verlof toegestaan word, eers oordeel of dit noodsaaklik is dat daar op die predikant se tyd en kragte deur sodanige arbeid, beslag gelê word. Daar moet altyd onthou word dat die roeping tot Woordbediening voorop staan en dit kan nie sommer ligtelik op die agtergrond gedwing word nie, selfs nie eers vir n tyd lank nie. Die taak wat die onderbreking noodsaak moet van ernstige aard wees en die bydrae wat die bedienaar van die Woord in die verband kan lewer moet duidelik aangetoon word.

Wanneer die diens vir n presies-bepaalde tyd is, lewer die reëling daarvan nie probleme nie. As dit wel tydelik is, maar die tydsduur nie presies vooraf vasgestel kan word nie, word die saak moeilik. In die verband kan verwys word na ds. v.d. Westhuizen wat van die Kerkraad van Gobabis verlof ontvang het om n opdrag tot vertaling van die Bybel in die Boesmantaal, uit te voer. Dat die arbeid net vir n tyd is, is duidelik, maar hoe lank dit gaan duur is nie so duidelik nie. n Tweede voorbeeld van n onderbreking wat vir n "onbepaalde -bepaalde tyd" kan wees is die van n bedienaar van die Woord wat opdrag kry om die onderrig van n propedeutiese vak aan die P.U. vir C.H.O. te behartig wanneer en vir solank daar nie n ander geskikte persoon gevind kan word om dit te doen nie. (vgl. Potchefstroom 1976, Acta p. 91/2). Die probleem in dergelike gevalle

is dat die predikant onderworpe bly aan die beroeping van "daardie kerk", en dus nadat hulle taak afgehandel is na die kerk moet terug keer, terwyl daar reeds iemand in hulle plek beroep is. Die "onbepaaldheid" van die "bepaalde tyd" en die belange van die gemeente verplig die gemeente om iemand te beroep om die werk te doen.

Die vraag is nou: wat gebeur as hy terugkom? Kan die gemeente ook sy dienste "bekostig", gaan hy gewoonweg voort met die werk naas die ander predikant. Meestal sal die kerk hom dan nie meer kan dra nie - sy versorging is intussen behartig deur die liggaam wat hom die tydelike opdrag gegee het. Al weg is dan dat hy by sy eventuele terugkeer deur sy kerkraad vir 'n beroep aanbeveel word.

Met die oog op die moontlikheid dat so 'n predikant nie dadelik 'n beroep kan kry nie, sal in die ooreenkoms, waarin sy versorging vir die tyd van diensonderbreking gereël word, vir sy versorging in die wag tyd voorsiening gemaak moet word.

Vanweë hierdie onsekere posisie waarin so 'n predikant kan kom in geval van 'n 'onbepaalde-bepaalde' onderbreking en ook vanweë die gevaar van misbruik wat van die artikel gemaak kan word in so 'n geval sal dit seker net in hoogs uitsonderlike gevalle soos hierbo genoem kan toegestaan word.

Die predikant besluit nie alleen oor die noodsaaklikheid van die onderbreking nie. Die kerkraad moet met advies van die klassis daaroor oordeel. Gedurende die onderbreking bly hy ten volle verbond aan sy kerk en moet die kerkraad ook i.v.m. sy lewensonderhoud 'n reëling met hom tref. Wanneer die onderbreking vir 'n bepaalde tyd is, kan dit tog gebeur dat omstandighede so verander dat die kerk so 'n predikant, voordat die tyd verstreke is moet terugroep. Is dit vir 'n onbepaalde tyd, mag dit ook wees dat die kerkraad die predikant terug roep selfs voordat hyself meen dat sy taak afgehandel is. Die kerkraad en Klassis moet in elk geval ook by die toestemming tot diensonderbreking in die laaste geval (tydelike nakoming van 'n ander opdrag) altyd die belange van die kerk en klassis in ag neem.

ARTIKEL 15

In artikel 14 word verder voortgebou op art. 3. Om die diens van die Woord uit te oefen is nodig dat iemand "wettig daartoe beroep en toegelaat is". Die daarop volgende artikels impliseer duidelik dat die roeping alleen deurmiddel van die kerk kom - die kerk wat alleen plaaslik geïnstitueer kan wees. In art. 7 word dan ook eksplisiet bepaal dat 'n bedienaar van die Woord deur 'n bepaalde kerk beroep word en dat hy "op die bepaalde plek gevestig" moet wees.

Daar is egter uitsonderinge, soos die waarvoor art. 7 voorsiening maak, en ook artt. 11 en 14. In art. 7, 11 en 14 is die posisie van die bedienaar van die Woord gereël wat wel nie gevestig is op die plek waar hy beroep is nie of wat sy diens onderbreek, maar tog verbonde is aan 'n kerkraad.

'n Nadere reëling vir hulle optrede in ander kerke, sowel as vir elke ander bedienaar van die Woord wat in 'n ander kerk as sy eie optree, word in art. 15 voorsiening gemaak.

In art. 15 word ook vir hierdie reëling nog uitgegaan van die beginsel dat dit vir niemand geoorloof is om die diens van die Woord en sakramente uit te oefen sonder dat hy wettig daartoe beroep en toegelaat is nie (art. 3).

Wanneer hy beroep is, is dit deur en vir die plaaslike kerk. Wil hy - die inisiatief kan ook van hom uitgaan - in 'n ander kerk optree, het hy nie die reg daartoe nie tensy dat "die kerkraad van daardie kerk" daartoe instem. Daar moet tenminste 'n "tydelike" roeping wees. Die kerkraad hou wag oor die preekstoel en kan alleen kragtens die eenheid in leer, diens en tug, diegene toelaat om te preek wat elders wettig daartoe geroep en toegelaat is en deur hulle bewilliging ook vir die geleentheid of geleenthede die roeping om die Woord en sakramente in die besondere kerk te bedien, ontvang het.

Die bedienaar van die Woord het nie 'n vanselfsprekende reg om in elke kerk in die kerkverband te preek omdat hy predikant in die kerk of kerkverband is nie. Die reg sou hy hê as die kollegiale kerkbegrip reg.

was - die plaaslike kerk vorm saam 'n genootskap en die predikante is in die eerste plek verbonde aan die genootskap en net toegewys aan 'n plaaslike kerk.

Hierdie kerkbegrip beheers Bannerman (The Church of Christ) se opvatting oor die posisie van die predikant. Ook ds. D. Postma gaan uit van die standpunt as hy aan die kerkraad van Reddersburg skryf "Alhoewel ik niet lidmaat ben van deze plaatselijke gemeente, maar wel van de Geref. Kerk en wel een leraar in dezelve ..." (Kurs. van my, P/V 8/2 bls 342).

Alleen wanneer 'n kerkraad daarin bewillig kan 'n predikant van elders in die kerk voorgaan in die diens van die Woord of alleen wanneer die kerkraad so 'n predikant uitnooi tot die diens van die Woord. Die kerkraad bepaal in elke geval óf daar gepreek moet word en deur wie.

In die geval van predikante wat nie in vaste diens is nie (artt. 11, 13 en 14) wil preek waar nog geen kerkraad ingestel is nie - hier en daar - moet die klassis of 'n Part. Sinode toestemming tot so-iemand se optrede gee.

ARTIKEL 16

Die roepingsgedagte beheers artt. 3 - 15. Christus maak van die diens van mense gebruik om sy kerk te regeer.

Art. 16 het nog steeds die roeping ten grondslag. Dit waarvoor die bedienaar van die Woord geroep is word in hoofsaak gegee. Dit is opmerklik dat nie in besonderhede gedaal word nie, maar net gekonsentreer word op die drieërlei aspek van die taak van die bedienaar van die Woord. Dit kom ooreen met die aard van die Kerkorde wat ten doel het om in alles net te bind aan die wil van die Hoof van die kerk. Dit is nie die letter nie, maar wat die Heilige Gees bedoel het met die voorskrif wat as agtergrond dien vir die artikel, wat van belang is. Vandaar dat net die kern van die taak van die bedienaar van die Woord duidelik gestel word, sonder om daarmee besonderhede soos die kategetiese onderrig, siekebesoek en huisbesoek van

die diens uit te sluit. Dit gaan in die artikel om die feit dat net die Koningswoord in die kerk gehoor moet word.

Die amp van die bedienaars van die Woord is..." Amp van: Ambag, beteken hier: die taak of werk wat deur die geroepe dienskneg van Jesus Christus verrig word. (Vgl. in die betekenis reeds die O.T. o.a. 1 Kron. 6:31. vgl. ook H. Bouwman Geref. Kerkrecht I, p.485). Amp is dus gelyk aan diens.

Die bedienaar van die Woord is deur Christus geroep

1. "Om in die gebed ... te volhard, ..." (Hand. 6:4)

Let daarop dat die gebed in die artikel, net soos in handeling 6:4, voorop staan.

1.1 Calvyn wys in sy kommentaar op die gedeelte daarop dat die volhardende gebed voorwaarde vir die diens is. So kon Moses alleen as leier volhard deur die gebed. Ook die apostel Paulus maak gedurig melding van sy gedurige gebede om te kan volhard in die hoë roeping; die bedienaars van die Woord sal te vergeefs ploeg, saai, en natlei ooreenkomstig 1 Kor. 3:7 e.v. as die Here nie laat groei nie. Dit help nie om met groot inspanning te arbeid as die Here nie sy seën daarop gee nie; die arbeid moet deur die gebed gedra word.

Die bedienaar van die Woord moet homself steeds, met die oog gevestig op Jesus wat Homself gedurig afgesonder het om te bid veral in Getsemanie, voor die aangesig van die Here stel om die hoë roeping te kan vervul. (Vgl. 2 Kor. 2:16 en 2 Kor. 4:7). Niemand is tot die diens bekwaam as Hy wat roep hom nie bekwaam maak nie.

Die volhardende gebed is dus eerstens nodig met die oog op die bedienaar van die Woord self. Die kerkorde skryf hier eintlik aan hom ootmoed voor; hy moet wees soos die kindertjies (Vgl. Matth. 18:3). Hy moet aanhou bid; gedurig die oë opslaan na die berge van waar sy hulp sal kom ps. 121.

1.2 Die volhardende gebed is egter ook nodig namens en ten behoewe van die gemeente.

Jesus beveel: "Bid en vir julle sal gegee word..." Matth. 7:7. Dit is 'n opdrag oor alle gelowiges. Die gelowiges is egter swak en weet dikwels nie wat om te bid nie of die beproewing is so geweldig dat die gebedsvermoë totaal verstomp. Die Heilige Gees kom ons

swakhede dan te hulp en tree self vir ons in met onuitspreeklike sugtinge (Rom. 8:26). Hy kom sy kinders ook te hulp deur opdrag te gee aan sy diensknegte om namens en vir hulle te bid (vgl. Jak. 5:14; 1 Tim. 2:1, 2; Efésiërs 3:14 - 19).

Ook die O.T. Profete bid namens en vir die volk, vgl. bv. Nehemia 1:4 - 11; Daniël 9; Jesaja 62:6 en 7.

Die bedienaar van die Woord moet vir die volk van God bid soos Christus self aan die regterhand van die Vader vir ons bid (1 Joh. 2:1). Hierdie gebede geskied in elke eerediens, by siekbedde, in die katekisasie, met huisbesoek en oral waar die bedienaar van die Woord daartoe geroep word om namens en vir die gemeente te bid. Met die gebede moet aangehou word. Daar mag nie gerus word om die Here aan sy beloftes te herinner nie (Jes. 62).

By die verrigting van die taak moet gewaak word vir

1. n Ydele herhaling van woorde, n "mooi biddery" om aandag te trek (Matth. 6:5 e.v.)
2. n Preek af te steek of die preek weer op te som.
3. Platvloerse gemeensaamheid vgl. H.K. Sondag 46 antw. 121.

Met die gebed-veral ook die gebed namens en vir die gemeente of enkele gelowige betree die bedienaar heilige grond. Skugterheid, eerbied, ootmoed, en nedrigheid betaam hom voor die grote God. Maar ook moet hy vervul wees met tedere erbarming en medelyde ten behoeve van die gelowiges. Hy moet hom met die gemeente en enkele gelowige kan vereenselwig as hy bid en dank!

Dit vereis voorbereiding deur n man vol van die Heilige Gees. Hoe arm is baie kanselgebede nie juis omdat nie geworstel word om te kan bid nie.

2. "Die amp van die bedienaars van die Woord is om in die gebede en die Woord te volhard, die sakramente te bedien, ..." vgl. N.G.B. art. 30.

- 2.1 Die Hoof van die kerk moet deur die diens van die wat Hy geroep

het self in die gemeente gestalte kry. Die dienskneg dring homself dus nie op die voorgrond nie, maar hou aan om, tydig en ontydig, net die Woord van sy Sender deur te gee. Soos die O.T. profeet laat hy ook hoor: só sê die Here HERE! Hy is maar apostel (gestuurde) gesant, slaaf van Christus. (Vgl. Matth. 28:19; 2 Kor. 5:20; 1 Petrus 1:10 - 12; 2 Tim. 4:2 - 5).

Hy moet die Woord bedien. Dit beteken dat hy dit moet voorsit soos wat die huisvrou goedvoorbereide voedsel op tafel bring. (vgl. Meulink en de Wolff, p.53). Hy moet arbei in Woord en leer (1 Tim. 5:17). Die Skrif moet biddend ondersoek word; deur ywerige studie moet hy die inhoud van die Woord leer ken en deur gebed die taal van die Heilige Gees leer. Hy moet die gemeente laat hoor wat die Gees vir die gemeente sê. (Openb. 2:29). Die Woord moet reg gesny word (2 Tim. 2:15), sodat die gelowiges toegerus kan word vir hulle dienswerk (Ef. 4:12).

Die Woord moet uitgelê, en toegepas word, sodat niemand onkundig kan wees oor wat die Here spreek deur die Seun nie (vgl. Hebr. 1:1).

Die Woord moet in die openbaar (in die erediens) en aan die huise (huisbesoek, insluitend sieke besoek en nodige persoonlike besoeke) bedien word (Hand. 20:20). 'n Predikant wat nie huisbesoek doen nie is ontrou aan sy opdrag. Dit sluit ook in die bediening aan die kinders (Kategese, vgl. Josua 4:6 e.v.; Matth. 19:13, 15).

Uit bostaande is dit duidelik dat die diens van die Woord alle kragte en gawes te alle tye van hom wat tot die diens geroep is, verg. Dit is dan 'n groot misstand - byna kan gesê word misdad - as 'n bedienaar van die Woord nie studeer nie, maar al sy tyd as "sosiale werker" verkwis. Daarteen moet veral vandag gewaak word terwyl die sukses aldan nie van 'n predikant se werk gemeet word aan dit wat hy aan struktuur-verbetering en sosiale opheffingswerk doen. Die eintlike werk - die volharding in die gebed en bediening van die Woord - kom al hoe meer op die agtergrond en daarmee word die kerk ten gronde gerig. 'n Bedienaar van die Woord wat sy diens laat opgaan in maatskaplike werk, ook die prediking so laat ontaard in moralisering, het baie te verantwoord! Hy volhard nie in die diens van die Woord nie maar wil die hoorders wat traag geword het om te hoor (Hebr. 5:11)

en die gesonde leer nie verdra nie, omdat hulle in hulle gehoor gestreel wil wees (vgl. 2 Tim. 4:3). Hy vervul nie sy bediening nie.

2.2 Die Woord wat so bedien word moet deur die bediening van die sakramente (in die erediens vgl. artt. 56 en 64 K.O.) beseël word. (vgl. Matth. 28:19, 1 Kor. 11:23 en H.K. Sondag XXV). Woord en Sakrament hoort bymekaar - Die sakramente mag net in die erediens as seël op die Woord bedien word.

3. Die amp van bedienaars van die Woord is "... om goed ag te gee op hulle medebroeders, op die ouderlinge, op die diakens sowel as die gemeente, ..."

3.1 Die bedienaars van die Woord is ook herders, opsieners, regeerders (vgl. 1 Tim. 5:17) en 1 Petrus 5:1-3). Hulle moet ook ag gee op hulleself en op die kudde waaroor die Heilige Gees hulle aangestel het. (Hand. 20:28). Hulle moet net soos alle gelowiges ook op mekaar en op die ouderlinge en die diakens ag gee. (Gal. 6:2 en Hebr. 10:24; 1 Tim. 3:15 (aan Tim. word opdrag gegee om toe te sien dat elke ampsdraer hom reg moet gedra). Die bedienaars van die Woord (as daar meer as een in die gemeente dien) moet goed ag gee op mekaar en mekaar vermaan, vertroos, bemoedig, bestraf uit die Woord, Ook moet hulle dit doen t.o.v. die ouderlinge en diakens (vgl. art. 81 K.O.) en die gemeente (Handelinge 20:28). Hier word nog net die persoonlike optrede van die bedienaar van die Woord teenoor sy medebroeders, ouderlinge, diakens en die gelowiges voorgeskryf. Hy moet hom op hoogte stel of elkeen waardig die roeping wandel waarmee hy (hulle) geroep is. (Vgl. Ef. 4:1).

Hy moet die onordelikes vermaan, die kleirmoediges bemoedig, die swakkes ondersteun; teenoor almal lankmoedig wees (vgl. 1 Thess. 5:14 en 15). Dit moet geskied in die prediking sowel as in die persoonlike optrede teenoor elkeen met die Woord.

3.2 "... en eindelik om saam met die ouderlinge die kerklike dissipline uit te oefen en te sorg dat alles betaamlik en ordelik plaasvind"

Die persoonlike optrede van die bedienaar van die Woord in die kerkregering dien slegs tot vermaning, bemoediging, bestraffing ens.

deur die diens van die Woord in die openbaar, aan die huise in gesinsverband of onder vier oë."

Indien daar dissipline uitgeoefen moet word in geval van verharding in die sonde; as iemand dus deur definitiewe optrede - n daad weer teruggebring moet word, mag hy nie meer alleen optree nie (Vgl. Art. 71 - 81). Dan moet hy (hulle) saam met die ouderlinge handel. (Vgl. Matth. 18:17; Spreuke 11:14 en 15:22; vgl. verder art. 37 vir die gesamentlike regering van bedienaars van die Woord en ouderlinge as kerkraad).

ARTIKEL 17

In die vorige artikel is die diens van n bedienaar van die Woord omllyn.

Tans gaan dit oor die werkverdeling, waar meer as een bedienaar van die Woord aan n kerk verbonde is. Die beginselagtergrond is hier nog steeds dat Christus Self die gesag oor sy kerk voer. Hy dra sy gesag aan niemand oor nie. Die ampsdraers is alleen sy dienaars, gesante, wat sy voorskrifte moet nakom. Elke ampsdraer is in diens van Christus (Vgl. 1 Kor. 3:5). Almal is gelyk in die diens, met dieselfde verpligtinge en dieselfde regte. Hulle is gelyklik dienaars van die Here, die Koning van die kerk.

Die artikel waak teen die hierargië, wat so eie is aan die sondige menslike aard. Die dissipels wou al die een oor die ander heers. Matth. 18:1; vgl. verder Markus 9:34 en 35; 1 Kor. 4:1; 1 Petr. 5:1; 2 Kor. 5:20; en N.G.B. Art. 31.

In die artikel word, ooreenkomstig die beginsel van gelykheid onder dienaars, bepaal dat daar

1. "... in hulle dienspligte ... volgens die oordeel van die kerkraad ... soveel moontlik gelykheid bestaan..."

Elke predikant moet dus as reël net soveel diens lewer as die ander oor die volle linie van dit wat by die diens tuishoort. Preekbeurte,

katkisasie, huisbesoek, sieke besoek ens. moet eweredig verdeel word. Volgens Voetuis (Pal. Ecclesiastica II) sluit om dienaar te wees, al die vermelde werksaamhede in. 'n Predikant mag nie bv. beroep word om net te preek of net hospitaal besoek te doen of katkisasie te hou nie. Elke predikant moet as reël besig wees in al die dele van die diens. Alleen in uitsonderlike gevalle, bv. by ouderdom, liggaamlike verswakking, wat nog nie emeritering regverdig nie, kan 'n bedienaar van sommige dele van sy diens vrygestel word.

Maar soveel moontlik moet elke predikant in die betrokke kerk gelyklik besig wees in die diens - d.w.s. met prediking, huisbesoek, katkisasie ens.

In die praktyk kom dit daarop neer dat, met die oog op die herderlike werk, aan elkeen van die bedienaars van die Woord 'n eweredige deel van die gemeente toegewys word.

Indien daar meer as een samekomsplek per sondag is, sal ook aan elkeen opgedra word om in die eredienste, wat gehou word in die deel wat aan hom toevertrou is, voor te gaan. Ingeval van net een samekoms sal hulle om die beurt moet preek.

Ook sal kerkraadsvergaderinge om die beurt gelei word terwyl hulle ook om die beurt deur die kerkraad na meerdere vergaderinge gestuur sal word.

Kragtens dieselfde gelykheidsbeginsel mag 'n bedienaar van die Woord nie 2 keer agtereenvolgens voorsitter van 'n meerdere vergadering wees nie.

Die kerkraad moet in sulke gevalle, waar meer as een bedienaar van die Woord aan 'n kerk verbonde is, sorg vir 'n noukeurige verdeling van werksaamhede en voorts dat elke predikant hom stip daaraan hou en dat die een nie in die diens van 'n ander indring nie. Dit kan so maklik gebeur dat ontevredenes in die gemeente poog om een bedienaar van die Woord teen die ander af te speel. Satan lê steeds op die loer en gryp elke moontlikheid tot verleiding aan.

2. "... sowel as in ander opsigte..."

Die gelykheid moet in elke opsig betrag word. Traktering, behuising, verloftoesegging, emeritaatversorging ens. moet gelyk wees. Die= selfde of gelyke ampseer moet aan elkeen betoon word. Dit sluit egter nie uit dat n onderskeiding in gawes nie erken mag word nie (vgl. 1 Tim. 5:17). Ook nie dat jongeres die oueres in die diens nie hoef te eer as hulle seniors nie. Tog bly dit eis dat elkeen sy ampseer kry wat hom toekom kragtens sy amp. Al is daar dan om bogemelde redes n graad verskil in agting, bv. as gevolg van groot wysheid, besondere offervaardigheid en trou, bly die gelykheid nog daarin dat elkeen na die maat wat hom toekom eer ontvang.

Wat die traktering ens. betref beteken dit ook nie dat elkeen eenders behandel moet word nie. Elke bedienaar van die Woord moet na die vermoë van die kerk en sy behoeftes eerbaar versorg word. Een wat bv. pas in die diens bevestig is, nog sonder n gesin word gelyk met n kollega wat al 20 jaar diens en n groot gesin het behandel, deur n kleiner bedrag te ontvang.

3. "Volgens die oordeel van die kerkraad en, indien nodig, van die klassis..."

Soms is dit moeilik om vas te stel wat n gelyke verdeling van werk sou wees. Moet n ou dienaar langs n jonge presies dieselfde kwantiteit werk kry? Of hoe verdeel mens die werk presies gelykop as daar bv. in n kerk n oumensdorpie of oue tehuis, n jeugsentrum en n paar skool en/of universiteitskoshuise is? Veral as hulle in die natuurlike area van n toegewese deel van n predikant val. Om per kop of per gesin te deel kan beteken dat die broeder wat dan net met die ou mense te doen het nooit katekisasie hoef te hou nie. Of die broeder met n hospitaal in sy wyk sal baie meer siekebesoek moet doen ens. ens.!

Die kerkraad het wysheid nodig om in die werksverdeling die gelykheidsbeginsel te handhaaf. In geval van onvermoë of selfs onenigheid in die verband moet die kerkraad die klassis se hulp inroep - liever te gou as te laat. Dit geld delikate verhoudinge in die kerk.

Die harmonieuse samewerking tussen die predikante in dieselfde kerk is tot groot seën; maar as dit in die verhoudinge misloop kan dit verwoestende gevolge in die betrokke kerk hê.

4. "Dit moet ook in die geval van die ouderlinge en die diakens onderhou word."

Dit spreek vanself dat hier ook gelet moet word op vermoë en moontlik=hede. 'n Betreklike bejaarde ouderling kan nog goeie diens lewer, maar bv. nie meer in 'n wyk met soveel besoekpunte as wat 'n jonger man kan behartig nie. Of in 'n stadsgedeelte is nie baie lidmate nie en daar is nie meer as een ouderling te vinde nie, dan moet so 'n broeder noodwendig baie meer besoekpunte behartig as een in 'n gebied waar meer kragte beskikbaar is.

Dieselfde geld vir diakens. Daar moet egter in elke geval gesorg word dat elke ouderling die volle diens van 'n ouderling en elke diaker die volle diens van 'n diaken verrig. Daar moet wesenlike gelykheid in die diens bly.

ARTIKEL 18

Die ou redaksie van die Artikel het gelui: "Die amp van Doktore of Professore in die Teologie ...". Reeds Calvyn het die Doktore-amp as 'n vierde kerklike amp naas die van die bedienaars van die Woord, ouderlinge en diakens, aangedui. Hulle amp was om die skrif uit te lê, Institusie IV; 3, 4 en volgens sy uitleg van Ef. 4:11, ook om bedienaars van die Woord op te lei en die ware leer te verdedig. Die Nederlandse kerke van die reformasie het hierdie opvatting met Calvyn gedeel. Die doktore-amp het by die vlugteling kerke 'n belangrike plek ingeneem in die sg. profesieë, veral met die oog op die opleiding van predikante. Op die wyse het die doktore-amp van die begin af duidelike trekke van wat later by professore in die teologie teruggevind is, vertoon. Bouwman verklaar dan ook dat Calvyn die doktore met die professore vereenselwig het. (1923 p. 495).

Nadat die universiteit te Leiden in 1575 opgerig en die opleiding

en die verdediging van die waarheid aan die professore in die teologie toevertrou is, het die doktore amp as 'n selfstandige amp op die agtergrond te staan gekom. Die professore het veral sedert 1586 die plek van die doktore ingeneem. (Vgl. H. Bavinck: Het Doctoren Ambt. Kampen 1899).

Die huidige redaksie maak net melding van die professore. Let egter daarop dat daar by kom: "aan die teologiese skool". Agter hierdie byvoeging skuil die groot beginselvraag van by wie die opleiding tuis hoort, waaromheen vanaf die einde van die vorige eeu tot min of meer in die veertiger jare van die twintigste eeu die groot stryd in die Gereformeerde Kerken in Nederland gewoed het. Dr. A. Kuyper op voetspoor van Voetuis, en die ondersteuners van die V.U. Amsterdam het uitgegaan van die gedagte dat die opleiding by die universiteit tuishoort; hoewel daar tog 'n ooreenkoms tussen die universiteit en die kerk moet wees veral met die oog op die benoeming van die professore. Hierdie standpunt is tewens reeds deur die Geref. Kerke sedert 1581 ingeneem toe dit begin bleik het dat daar by die Universiteit van Leiden vreemde leringe verkondig is.

Teenoor hierdie rigting het gestaan die wat die opleiding as 'n taak van die kerk beskou. Die kerk moet toesien dat daar bedienaars van die Woord opgelei word. Die Teologiese Hoëskool te Kampen, gestig deur die Christelike Gereformeerde Kerk en oorgeneem deur die Verenigde Kerke in 1892, was die vrug van die rigting. Hierdie standpunt is ook reeds vroeg in die reformatoriese kringe gehuldig. Reeds Wesel 1568 wou dat die opleiding deur die kerke ter hand geneem moes word. Die huidige redaksie van ons artikel 18 sluit by die rigting aan; vandaar die byvoeging: "aan die Teologiese Skool".

Hierdie uitgangspunt is o.a. van ouds af gegrond op 2 Tim. 2:2 en kan ook gegrond word op die normatiewe voorbeeld van Jesus wat self sy apostels opgelei het.

Die taak van die professore in die teologie val volgens art. 18 uiteen in drie dele:

1. Hulle moet bedienaars van die Woord oplei. Hulle moet aan

die jong manne wat hulle inwendig geroepe voel tot die diens van die Woord en wat sover vasgestel kan word "getroue manne (is) wat bekwaam sal wees om ook ander te leer", die apostoliese leer toevertrou (vgl. veral Ef. 4:12 - toegespits op opleiding). Die manne moet gelei word om die Heilige Skrifte te ken "wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus ."

Die opleiding het dus eerstens die "gewisse kennis" van "alles wat God in sy Woord geopenbaar het" in die oog, waarvan sprake is in H.K. Sondag VII. Die opleiding moet voorts van so 'n aard wees dat daar ook by die studente 'n toename in die "vaste vertroue" op die beloftes van die Woord sal wees by die vermeerdering van die kennis.

Om aan die roeping te kan voldoen moet 'n professor aan die Teologiese Skool nie alleen 'n grondige kennis van die Skrif hê nie, maar hy moet ook vol wees van die Heilige Gees en die studente voorgaan in die godsaligheid. Hy moet selfdeurdronge wees van die grootsheid van die roeping waarvoor hy die studente oplei. Tereg het die Sinode Potchefstroom 1973, op grond van 2 Tim. 2:2 herbevestig dat 'n professor alleen uit die geledere van die diensdoende predikante in die Geref. Kerk in S.A. beroep mag word. Voorts het die Sinode verklaar dat 'n professor aan die teologiese skool 'n predikant is wat afgesonder is deur die kerke wat in kerkverband leef, om die diens van die opleiding te behartig. Hy word onthef van die ander fasette van sy ampswerk as predikant, maar hou die bevoegdheid daartoe onder toesig van die plaaslike kerk. Eintlik is dit nie heeltemal reg om te praat van die ontheffing van die ander fasette van die ampswerk nie. In sekere sin word dit wel in die opleiding uitgeoefen,

Die professor aan die teologiese skool word beroep deur die kieskollege in naam van al die kerke. Hy word bevestig deur die kerk waar hy woon as predikant wat as professor in diens van al die kerke geroep is en die kerk oefen ook die tug oor hom uit.

Die kuratorium van die Teologiese Skool hou oor hom in naam van al die kerke toesig insoverre dit sy arbeid aan die Teologiese Skool betref. Indien hy aangekla word dat hy aan die skool in leer of lewe dwaal, oordeel die kuratorium daaroor en beslis oor sy verdere verbondenheid aan die skool. Oor sy verdere diens as predikant

oordeel die kerk waar hy woon egter op die gewone wyse, ooreenkomstig die betrokke artikels van die K.O.

Indien hy deur die kerkraad ooreenkomstig art. 79, 80 K.O. van sy diens geskors of afgesit word na 'n klag wat voortspruit uit sy optrede buite die Teologiese skool, is die kuratorium ook verplig om hom uit sy diens aan die skool te skors en/of af te sit. (Vgl. Acta 1973, p. 315/6).

2. Om "die Heilige Skrif uit te lê."

Die professore moet hulle veral toelê op die uitleg van die Skrif ten bate van die kerke.

3. Eindelik moet hulle "die suiwere leer teen kettery en dwalinge" verdedig. Hierdie opdrag verg geen nadere verklaring nie.

ARTIKEL 19

1. BEGINSELAGTERGROND

Die Kuratorium van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk in S.A. rapporteer aan die Sinode van Potchefstroom 1976: "Die beginsel vervat in artikel 19 K.O. is: Niemand wat die roeping voel om predikant te word, moet weens geldgebrek verhinder word om die studie te voltooi nie." (In: Handeling 1976, p.105). Volgens hierdie stelling word in artikel 19 net gereël dat waar nodig, d.i. aan "behoefte studente", steun gegee moet word. Dit lyk asof sowel Jansen (1917, p.493) as Meulink en de Wolff (1967, p.60) van dieselfde gedagte is.

So 'n verklaring van die artikel is egter eensydig. Art. 19 vorm eintlik die afsluiting van die gedeelte wat handel oor die diens van die Woord (Art. 3-19) met art. 20 en 21 as 'n laat gekome addendum by artikel 13. Die voorafgaande artikels sou egter van geen waarde gewees het as daar niemand was wat in diens gestel kan word nie. Artikel 19 bepaal dan in die eerste plek dat die kerke moet sorg dat daar genoeg kandidate vir die diens van die Woord sal wees. "Die kerke moet soveel nodig sorg dat daar studente in die Teologie is...".

Let daarop dat die akademiese standaard van die opleiding in die bepaling Teologie opgesluit is. Dit is asof sydelings gesê word: al is die toestand so dat daar nie genoeg studente spontaan aarmeld nie mag die nood wat mag ontstaan uit die kerke nie afgewend word deur 'n verlaging van standaarde nie. Dit moet hoog bly! Die vraag is of die verlaging van die Latynstandaard deur die Sinode van Potchefstroom 1979, nie in die lig gesien moet word nie. Latyn sou dan 'n struikelblok wees vir baie voornemende teologiese studente. Die kerke moet sorg dat genoeg jongmense, goed toegerus, beskikbaar sal wees om die diens van die Woord onafgebroke in elke kerk te laat voortgaan. Dit bly die eis!

Die beginsel agter art. 19 is dan dat die kerke moet sorg insoverre dit aan hulle opgedra is dat die "sewe sterre" (Openb. 1:20); die "getroue manne wat bekwaam sal wees om ook ander te leer" (2 Tim. 2: 2) nie van hulle plek in die kerke sal verdwyn sodat daar 'n honger en dors, nie aan brood en water nie maar om die Woorde van die Here te hoor, sal wees nie (vgl. Amos 3:11).

1. HOE MOET DIE KERKE NOU SORG?

Reeds in art. 3 is benadruk: God roep tot die diens. Mense kan nie bedienaars van die Woord maak nie." Tog lyk dit of art. 49 in stryd is met die waarheid. Indien art. 19 egter - soos dit moet - gelees word in die lig van die beginsel gestel in art. 3, kan daar geen sprake van 'n teenstrydigheid wees nie. God roep tot die diens en gebruik in die roeping die gemeente - hulle verkies (art. 4) dit is egter God wat deur hulle roep (vgl. Israel kies Saul, maar God maak hom Koning na sy wil). Hier gaan dit om God wat roep en sommige van die wat Hy wil roep ook deur bemiddeling van sy kerk inwendig bewus maak daarvan. Dit is: Hy kan ook die begeerte tot die amp deur die optrede van die kerk in die hart van die jong manne wat Hy wil roep, werk. Dit het gebeur met Samuel deur Hanna en Eli se bemoeiing (1 Samuel 1-3) en met Timotheus deur die opvoeding van sy moeder en grootmoeder en die leiding van Paulus wat hom aanspreek as "my geliefde kind" (2 Tim. 1:2 - 7).

Die opvoeding deur verbondsouers onder toesig van die ampte sowel as die kerklike onderrig in die verbondswaarhede is die weg waarlangs die kerk ook sorg dat daar genoeg studente in die Teologie is. Die gawes van hart en verstand word so ontwikkel; die vrees van die Here gekweek en opgemerk. Sulke begaafde jongmanne wat vroom en in die vrees van die Here wandel, moet dan ook vroeg reeds amptelik aangemoedig word om hulle vir die diens van die Woord te bekwaam. So word die begeerte na die diens aangewakker en die jongman bewus van die inwendige roeping. (Vgl. ook Utrecht 1888, by F.L. Bos 1950 - De Orde der Kerk).

3. DIE MIDDELE WAT NODIG IS VIR DIE STUDIE

Diegenes wat kragtens die inwendige roeping - waarvan hulle ook deur die bemoeiing van die kerk bewus geword het - "na 'n opsieners=amp verlang" (1 Tim. 3:1) het middele nodig om die lang en moeilike studie te voltooi.

Die Here voorsien na sy belofte ook die middele aan elkeen wat Hy

waarlik roep (vgl. Filip. 4:6 en 19). Dit gebeur op verskillende maniere. Hy voorsien

1. deur bemiddelde ouers (vgl. Joh. Jansen 1952, p.84: Korte verklaring der Kerk Orde). Ouers, wat 'n seun of seuns het wat innerlik geroepe voel tot die diens van die Woord, is kragtens die Verbond verplig om hulle studie te bekostig (vgl. ook derde doopvraag en die kerk moet toesien dat hulle hul verpligting nakom;
2. deur een of ander bemiddelde broeder of suster wat, onder die besef van hulle verantwoordelikheid en daartoe opgewek deur die kerk (mede brs. en strs persoonlik en opsieners), 'n student of studente ondersteun. Die Here het baie van die ouere predikante op hierdie manier gedurende die studiejare so laat versorg;
3. deur 'n plaaslike kerk wat 'n student of studente uit sy midde of op aanbeveling uit 'n ander kerk (met wie in verband geleef word) vir sy sorg neem, 'n praktyk wat in die Geref. Kerk in S.A. baie voorkom (vgl. ook Dordrecht 1578 in Bouwman 1928, p. 506 en 509); en
4. deur die kerke gesamentlik langs die weg van meerdere vergaderings (vgl. Vlissingen 1581 en Utrecht 1888, in F.L. Bos 1950). In S.A. het die Sinode van Middelburg 1904, art. 224 'n Kas ex bonis opgerig waaruit die studente ondersteun is. Later is die kas omskep in "Die Kas vir Teologiese Studente". 'n Reglement waarvolgens die ondersteuning gebied word is in opdrag van die Sinode deur die Kuratorium opgestel. Studente wat nog besig is met die propedeutiese studie wat aan die P.U. vir C.H.O. gedoen moet word (Potchefstroom 1958); sowel as studente wat reeds ingeskryf is vir die kandidaatstudie aan die Teologiese Skool, word ondersteun.

4. WIE ONDERSTEUN WORD

Uit bostaande is dit duidelik dat die stelling van die Kuratorium net betreklik waar is dat niemand wat die roeping tot die diens van die Woord gevoel deur geldgebrek verhinder moet word om die studie te voltooi nie. Dit is egter ook waar dat die kerke nie verplig is om in elke geval elke student wat homself geroepe aandier te ondersteun nie. Die kerke moet "soveel nodig sorg" - Die ondersteuning word ook bepaal deur die behoefte. As daar genoeg

studente is, kan dit n oorweging wees om n behoeftige student - al verklaar hy dat hy homself geroepe voel - af te wys. Verder is die gesamentlike kerke ook nie verplig om studente wat reeds óf deur bemiddelde ouers of weldoeners of n plaaslike kerk genoegsaam ondersteun word, ook nog te versorg nie. Dit is ook nie vanselfsprekend dat elkeen met dieselfde bedrag ondersteun moet word nie; die ondersteuning word deur die behoefte bepaal. (Reeds Middelburg 1581 en S. Gravenhage 1586 het bepaal dat die kerke moes sorg dat studente wat nie instaat is om die studiekoste te dek nie, ondersteun moes word ex bonis publicis, dit is uit die publieke goedere wat die owerhede uit die Roomse Kerk se boedel gekonfiskeer het. Die kerke het dit as hulle reg beskou dat die owerhede die inkomstes hulle ten goede laat kom. Die goedere was immers vir die kerk bestem. (Vgl. hieroor verder Bouwman 1928, p. 506.

Die moeilike kwessie van studente-huwelike moet ook hier ter sprake kom, want dit maak die onderhoudingsaspek meer gekompliseerd. Enersyds, so het die kuratore onlangs gewaarsku, moet studente nie gedurende hulle studiejare in die huwelik tree en sodoende n ondraaglike las op die kerke lê om hulle met hulle gesinne te versorg nie. Andersyds moet die vrou nie ligtelik die versorgster van die huis gemaak word, veral in geval van pare wat direk in die huwelik tree as studente nie.

Studente wat reeds n ander beroep gevolg het en hulle gesinslewe al gevestig het en dan weer terug kom om te studeer, val in n ander kategorie, maar tog moet ook in die geval waar die vrou nou die "broodwinner" word daar deeglik mee rekening gehou word. Maar veral die wat hulle huwelikslewe pas begin en waar die vrou die broodwinner is, moet deeglik rekening hou met die abnormale omstandigheid. Die jong student kan nie verwag dat die kerk sy gesin onderhou nie en as die vrou dit moet doen kan daaruit probleme gebore word.

Artikel 19 waak dan tenslotte op die wyse dat die preekstoel nie onbeset bly nie.

ARTIKEL 20

Vroeër het art. 20 die preekoefeninge van diegene wat onder art. 8 hulle voorberei vir die diens van die Woord, gereël. Tans word dit onder art. 8 gereël. Dit was ook die gewoonte om die preekoefeninge van Teologiese Studente onder die artikel te reël, vandaar dat die sinodebesluit (1885) waarin die sg. preekverlof gegee word tans in die bylae verskuif is na art. 19, waar dit streng genome nie tuis behoort nie.

Die huidige art. 20 is in 1964 ingevoeg en vorm 'n addendum by art. 13 K.O. Alles wat daar gesê is oor die noodsaak dat die kerke die predikante (insluitende professore, wat ook predikante is) wat emeriteer moet versorg, geld ook vir hulle weduwees en wese. Die versorging is ook nader gereël in die Reglement vir die E.P.P.W. en W.-Fonds (Bylae by art. 13 K.O., uitgawe 1978 bls. 49).

* * * * *

ARTIKEL 21

Die artikel kan gesien word as 'n algemene agtergrondstekening sowel as afsluiting van die artikels wat handel oor die opleiding. Voordat 'n student in die Teologie kan studeer (art. 19) het hy al 'n groot deel van studie en vorming agter die rug. Die opvoeding en onderwys, so het dit in die verklaring van art. 19 al aan die lig gekom, is vir die toekomstige predikant van die allergrootste belang. Maar die feit bring ook die belang wat die kerk in die algemeen het by die opvoeding en onderwys van verbondskinders, die kerkjeug, na vore. Die kerk het ook 'n roeping met betrekking tot die kinders wat deur die doop as lede van die liggaam van Christus aangemerkt is. Vandaar dat in art. 21 bepaal word: "Die kerkraade moet toesien dat die ouers die skoolonderrig aan hulle kinders in die vrees van die Here laat geskied."

Hierdie redaksie is deur die Sinode 1967 vasgestel. Dit moet nie beskou word as 'n vervanging van die Dordtse artikel, wat eintlik 'n weergawe van die van 'S.-Gravenhage 1586 is nie, maar, soos dit deur die deputate vir die hersiening van die K.O. in 1964 genoem is, 'n herformulering.

Die Dordtse Artikel het gelui: "De kerkeraden zullen alom toezien, dat er goede schoolmeesters zijn, die niet alleen de kinderen leren lezen, schrijven, spraken en vrije konsten maar ook de zelve in de cathechismus onderwijzen."

Na die letter kan dit beteken dat die kerkrade skole moet oprig en beheer. Tog was dit nooit so bedoel nie. (vgl. Joh. Jansen 1917. De Kerkenordening. Van de Diensten. p. 549; H.H. Kuyper se rapport aan die Sinode van 'S Gravenhage 1914). Antwerpen 1565 het reeds besluit: "De ouders zullen als herders van hun gezinnen om hun kinderen in de vreze des Heeren te vormen, vermaand worden om hen niet te zenden naar scholen of welke andere inrichtingen ook waarin zij zouden kunnen worden bedorven of gedrenkt met slechtheid van leven of leer ..."

Sedert die middeleeue is die skole óf deur die owerhede óf deur die Roomse Kerk opgerig en beheer. Die reformatore sluit by die bestaande toestand aan en gaan uit van die feit dat daar skole is wat van die owerhede uitgaan en dat hulle Rooms is. Daarom word aanvanklik sedert 1572 op kerklike vergaderinge gepraat van die reformasie van die skole. En as 'S Gravenhage art. 21 formuleer, word daarmee bedoel dat die kerke by die owerhede, wat die plek van die verdrewe Roomse owerhede ingeneem het, moet sorg dat daar Geref. onderwysers aangestel word wat aan die kinders 'n gereformeerde skoolopvoeding kan gee. (Vgl. Jansen 1917, p.560). Die bedoeling was nie dat die kerk skole moes oprig, onderwysers aanstel ens nie, maar dat die owerhede wat seggenskap oor die skole gehad het, dit moontlik moes maak vir ouers om hulle taak teenoor hulle kinders te vervul. Daar is in art. 21 nie gekies vir owerheidskole of kerkskole nie, maar net van die kerke verwag om toe te sien, deur aandrang by die owerhede, dat daar skole is waarheen gelowige ouers, coreenkomstig die besluit van Antwerpen 1565, hulle kinders kan stuur. Die Sinode van 1964 het so tereg besluit dat die artikel herformuleer moet word, om alle misverstand uit die weg te ruim.

Die nuwe formulering (1967) van art. 21 sluit direk by die Skrif aan (Ef. 6:4).

En vaders, moenie julle kinders vertoorn (prikkel) nie, maar voed hulle op in die tug en vermaning van die Here. Gesien in die lig

van Prediker 12.13 waar aan die "seun" gesê word dat "Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is : Vrees God en hou sy gebooie," val die skriftuurlike grondslag van die huidige redaksie op.

Die verbondsgeslag moet deur verbondsouers na die voorskrifte van die Here opgevoed word. Vgl. 2 Tim. 1:5 in die lig van 2 Tim. 3:14-17 en Kol. 3:20 en 21. Let verder ook op Deut. 4:10 en 6:7; sowel as Josua 4:21-24 en Rigters 2:10 e.v.

Die artikel sluit so ook aan by die doopsbelofte soos vervat in die antwoord op die derde doopvraag aan die ouers: "... beloof u en is dit u voorneme om hierdie kind, as dit tot sy verstand gekom het ... in die leer na u vermoë te onderrig of te laat onderrig..."

Die kerkrade moet toesien dat die belofte gestand gedoen word deur ouers as hulle hul kinders na die skool stuur. Dit hou in dat hulle die kinders na skole moet stuur waar die onderwys in die lig van Gods Woord geskied.

Dit hou verder in dat kerkrade vandag moet toesien dat in die lig van die reg wat ouers kragtens die wet het, gelowige ouers toesig moet hou dat die onderwys in die skole waarin hulle kinders hulle bevind, Christelik is.

Eindelik hou dit in dat kerkrade ouers op hulle plig moet wys om te sorg dat daar christelike skole opgerig word as daar nie sulke skole bestaan, waarheen hulle hul kinders kan stuur nie.

Dit was dan ook die agtergrond vir die hele C.N.O.-stryd in S.A. sedert 1901. Daar was wel verskil oor die vraag of die kerk of die ouers of die owerheid die skool moet stig, vgl. hier veral die C.N.O.-rapport op die sinodes sedert 1933. Eers is die stelsel van staatskole geheel verwerp en gekies vir vrye ouerskole, hoewel staatsondersteun, seker in navolging van die Geref. Kerken in Nederland. Later het die klem meer geval op groepskole - die owerhede moes aan elke groep ouers die skool wat by hulle pas, voorsien, so dan ook aan Christen ouers. Miskien het die Geref. Kerke hulle bevoegdheid oorskry toe n skoolpraktyk in fynbesonder=

hede uitgewerk is en daarmee ook gekies is vir 'n besondere skool=beleid wat deur die owerhede gevolg moes word. Die optrede het geneig - mede op grond van die letterlike betekenis wat die ou redaksie van art. 21 kan hê - tot 'n toestand waarin die kerk die staat wou voorskryf wat om te doen. Die gedagte was egter nog altyd oorheersend om die beginsel wat art. 21 beheers - en in die nuwe redaksie weer sterk op die voorgrond tree - dat die kerkraad moet toesien dat ouers hulle verbondsverpligtinge sal nakom ook as hulle hul kinders skool toe stuur, te handhaaf.

Uit die voorgaande blyk duidelik dat die artikel alleen die toesig van die Kerkraad op die ouers beoog. Kerkrade, sê Rutgers 1921 (Kerkelijke Adriezen I), het geen direkte toesig op die skole nie. Alleen wanneer daar 'n ooreenkoms tussen die kerke en die owerhede aangegaan is waarin die owerhede aan die kerke wel 'n seggenskap gee het die kerke 'n seggenskap in die skole. Anders het die kerke alleen 'n seggenskap oor die ouers wat, in ons geval in S.A., 'n toesigreg het oor die skole en daarom as lidmate aangespreek kan word oor die uitvoering van hierdie plig. Verder het die kerk ook seggenskap oor onderwysers alleen in soverre hulle lidmate is wie se leer en lewe onder die toesig van die kerkraad staan (vgl. Rutgers 1921, p.133 e.v.; ook Jansen 1917, p.555 e.v., en H.H. Kuyper in Jansen 1917 p. 560 e.v.

Die artikel het dus nie die verkerkliking van die skole op die oog nie, maar bepaal die taak van die kerkraad met betrekking tot die skoolopvoeding van verbondskinders; hulle moet toesien dat die opvoeding ook kragtens die verbondseise geskied. Dit sluit egter nie uit dat, in buitengewone tye en onder buitengewone omstandighede in geval van die onvermoë van ouers om self hulle verpligting na te kom, die kerke self skole kan oprig nie. (vgl. H. Bouwman I p.520). Dan sou dit selfs die plig van die kerk wees. Die kerkorde reël egter in artikel 21 die normale plig van die kerkraad in die aangeleentheid en reglementeer nie die oprigting en beheer van skole nie.

ARTIKEL 22

1. Inleidend

Met artikel 22 begin 'n nuwe onderdeel van die eerste deel van die K.O.; in die volgende vyf artikels word gehandel oor die diens van die ouderlinge en diakens terwyl in art. 28 samevattend die plig van predikante, ouderlinge en diakens met betrekking tot die owerheid, omskrywe word.

Die huidige artikel 22 toon 'n redaksionele wysiging wat meteen 'n prinsipiële regstelling was. Die regstelling is deur die sinode 1964 aangebring.

Oorspronklik is in art. 22 nog in navolging van die K.O. uit die 16e eeu (vgl. Meulink en De Wolff, 1967, p. 65/66) bepaal dat "Die Ouderlinge moet deur die oordeel van die kerkraad en die diakens verkies word volgens die reëling wat daarvoor plaaslik in gebruik... is." Volgens hierdie redaksie beteken dit dat dit finaliter die kerkraad en die diakens is wat kies, hoewel die gemeente ook 'n aandeel in die verkiesing kry. Jansen 1937 en 1952, met 'n beroep op Voetius, sowel as Meulink en de Wolff 1967, meen blykbaar dat dit prinsipiël die regte uitgangspunt is met betrekking tot die verkiesing van ouderlinge (ook predikante en diakens). Hulle aanvaar egter ook dat die kiesreg aan die kerk gegee is en dat dit van die begin af so deur die kerk aanvaar en toegepas is. Die kerkraad met diakens oefen dan net as organiese maar tog kleiner en meer verantwoordelike deel van die gemeente, die kiesreg uit. Hulle tree op as kieskollege. Die kiesmetode, dat 'n deel van die gemeent namens die hele gemeente intree, was nodig tydens die 16e eeu toe die kerk nog in so 'n vervalde staat was dat hulle vanweë onkunde en geestelike agterlikheid nie instaat was om hulle kiesreg uit te oefen. Toe toestande verbeter het, is wel groter medewerking aan die gemeente as geheel in die verkiesing gegee, maar die kieskollege-gedagte is tog in die artikel behou. Dit het volgens Jansen e.a. dan ook steeds die kiesreg van die gemeente verkort.

Die prinsipiële uitgangspunt van Jansen e.a. dat die kerkraad eintli finaliter kies, kon in die lig van hulle eie verklaring alleen so

opgevat word dat hoewel die gemeente kies, finaal, die kerkraad tog nog moet toesien dat die verkiesing wettig is, d.w.s. of die verkiesing ooreenkomstig die Skrif, belydenis en K.O. plaasgevind het. Indien 'n verkiesing nie wettig was nie, kan en moet die kerkraad weier om die verkiesing met bevestiging op te volg. Die kerkraad moet toesien dat die gemeente nie willekeurig optree tydens die verkiesing nie.

2. Die nuwe redaksie (1964)

Die redaksie van art. 22 is tereg gewysig om te lui: Die ouderlinge word deur die gemeente onder leiding van die kerkraad verkies...". Christus roep tot die diens ten behoeve van die kerk (gemeente) deur die kerk (gemeente). Die formulering verdryf die misverstand wat die ou redaksie, gesteun deur die onduidelike verklarings o.a. van Jansen en wat nog in die kerke leef, gewek het dat die gemeente eintlik deur hulle aandeel (stemming) net advies gee en dat dit eintlik die kerkraad is wat - hoewel meestal in opvolging van die advies - die ouderlinge verkies. Van hierdie gedagte moet afgesien word. Die kiesreg behoort aan die gemeente. (Vgl. o.a. Handeling 1:23; 6:2 en 3 en Art. 31 N.G.B.- Kyk vir 'n breedvoeriger uiteensetting van die kiesreg van die gemeente die verklaring van art. 4 K.O., Diktaat, Kerkregering Deel I).

3. Wie kies?

Hier word uitgegaan van die gedagte dat die kiesreg in die gemeente by die belydende manslidmate, wat nie onder sensuur is nie, berus. (Vgl. verklaring van art. 4 K.O.) Alleen wanneer 'n dooplid belydenis van geloof afgelê het kan hy as mondige lid met die verantwoordelikhede wat by die mondigheid pas, bekleed word. Sommige, soos Rutgers (Kerkelijke Adviezen p 143) en Bouwman (Geref. Kerkrecht I) meen dat dit wenslik is dat die kiesreg alleen aan manlike belydende lede van 23 jaar en daarbo toegeken moet word.

Wat die vroue kiesreg betref is daar al baie geskryf (Vgl. o.a. die rapport Sinode Arnhem 1930 by Jansen 1937). Benewens wat in die verklaringe van die K.O. deur Bouwman, Rutgers, Van Dellen en Monsma voorkom is daar ook gedurende die afgelope dekades besluite oor

die kwessie geneem o.a. deur die Geref. Kerken in Nederland, die Christelike Gereformeerde Kerke en die sg. Vrygemaakte Geref. Kerken in Nederland. Die Sinode Potchefstroom 1979 het deputate benoem om n volgende Sinode oor die aangeleentheid te adviseer.

4. Hoe kies die gemeente?

Die verkiesing word nie in die K.O. gereglementeer nie. Daar word eerstens gesorg dat die voorskrifte van Christus in die kerkregering eerbiedig word. In hierdie geval dat die gemeente kies.

Tog hou die K.O. - wat n samevatting is van die reëls, wat uit die Woord van God vasgestel is, waarvolgens Christus die gedrag van sy kerk (of huisgesin) reël, sodat elkeen kan weet hoe om hom in die huisgesin te gedra - rekening daarmee dat die verkeerde toepassing van die beginsel, die doel daarvan (nl. om in die naam van die Here ouderlinge aan te wys) kan verydel.

As die gemeente bv. hulle kiesreg volgens die vrye verkiesingsmetode uitoefen kan daar baie maklik ongewenste persone in die diens van die ouderlingskap indring. Onthou moet word dat die kerk uit verlostes wat nogtans sondaars is wat nog teen die ou mens moet stry, bestaan. Dit kan so maklik gebeur dat dit in so n vrye verkiesing draai om politieke verdelinge of selfs rondom die persoon van die predikant. Die verkiesing loop dan uit op n kragmeting van partye en is nie die ootmoedige aanwysing van manne in die diens van Christus, onder die leiding van die Heilige Gees nie.

Die Heilige Gees het die kerk by die samestelling van die K.O. so gelei dat daar, sonder reglementering, tog n weg aangewys is om hierdie en ander gevare die hoof te bied. Die kerkraad kan die beste sorg - en moet teweens sorg - dat alleen persone vir die verkiesing in aanmerking kom wat aan die vereistes voldoen, indien hulle van die begin af die leiding in die verkiesing neem. Dit kan gebeur deur

1. "aan die gemeentelêde geleentheid te gee om die aandag op geskikte persone te vestig." Dan is dit geen vrye verkiesing

nie en tog word die gemeente nie in sy kiesreg te kort gedoen nie.

Die gemeente is dan gebonde om, onder leiding van die kerkraad net uit te kyk na manne uit hulle midde wat "vol van die Heilige Gees en Wysheid" is (Hand. 6:3). Hulle lê hulle oordeel dat hierdie manne aan die vereistes voldoen eers voor diegene wat deur die Heilige Gees "as opsieners aangestel" is (Hand. 20:28) om te waak (vers 31) teen die wrede wolwe wat die kudde nie sal spaar nie (vers. 29) en wat verkeerde dinge praat "om die disiepele weg te trek agter hulle aan" (vers 30).

2. Hierna kan die verkiesing dan op twee maniere geskied.

2.1 Nadat gemeentelêde nou die aandag op geskikte persone gevestig het, roep die ouderlinge die diakens by hulle om saam met hulle vir die verkiesing die nodige aantal "ouderlinge aan die gemeente vir approbasie voor te dra..."

Gewoonlik word dit so verstaan asof die kerkraad en diakens maar weer as kieskollege optree en dat die gemeente uiters die reg van beswaar het in sover dit die verkiesing betref. Dit is egter 'n wanopvatting. Let daarop dat bepaal is: "om saam met die diakens vir die verkiesing ... voor te dra". Dus hulle is nog nie gekies nie, die gemeente moet nog kies. Maar in die geval bestaan die verkiesing dan daarin dat vir of teen die persoon of persone gestem word. Aan die beginsel dat die gemeente kies word dan in die geval alleen voldoen as die kerkraad en die diakens net soveel name as wat daar ouderlinge verkies moet word, aan die gemeente voorlê met die verklaring dat dit op die oomblik die enigste persone is wat aan die vereistes van die Skrif vir die ouderlingskap voldoen en beskikbaar is en dat die gemeente gevra word om vir of teen elkeen van die persone te stem.

So oefen die gemeente dan tog nog in approbasie die aktiewe kiesreg uit. Is die teenstemme teenoor 'n naam in die meerderheid beteken dit eenvoudig dat die persoon nie gekies is nie en daarmee is dit uit.

Word die apporbasiemetode egter so toegepas soos dit oor die algemeer:

gebeur nl. dat die wat voorgehou word klaar gekies is deur die kerkraad en diakens beteken dit dat as daar beswaar teen die voor=gelegde persoon is, dit n tugprosedure afgee. Met die gevolg dat daar in die reël geen beswaar, ingebring word nie al geval die persoon n groot deel van die gemeente nie.

Die apporbasie-metode word tans veral gebruik in gemeentes waar daar deur omstandighede n gedurige wisseling van ouderlinge plaasvind of in klein gemeentes wat nie n oorfloed van beskikbare kandidate het nie. Dit moet egter soveel moontlik vermy word en as dit gebruik word, sal die gevare daaraan verbonde, tot n groot mate uitgeskakel kan word deur die aktiewe stemreg - soos wat voorgeskryf in die artikel - ook in die geval van approbasie te handhaaf.

2.2 Die mees bevredigende en tewens die normale, Skrifverantwoorde=wyse om ouderlinge (predikante en diakens) te kies is "om tweetalle of n dubbele getal te stel waaruit die gemeente die nodige aantal kies." D.w.s as daar een ouderling gekies moet word stel die kerkraad en die diakens tenminste twee name aan die gemeente; as twee gekies moet word, word 4 of tenminste drie name ens. voorgelê.

Dit is ook gewens dat die tweetalle of dubbele getalle voor die tyd bekend gestel sal word, sodat die gemeente die nodige kennis aangaande die persone kan bekom. As die name egter eers op die verkiesingsvergadering voorgelê word, sal dit nie so n verkiesing ongeldig maak nie (vgl. Rutgers 1921, p.142).

3. Die wat verkies is se name word dan verskillende male afgekon= dig voordat hulle bevestig word. Daar moet voor die bevesti=ging plaasvind, ter nadere kontrole vanweë die erns van die diens van die ouderlingskap, nog geleentheid vir die indiening van besware gegee word. Die kerk is nog in die sondige wêreld en dit is nog sondige mense wat kies en verkies word. Prof. J.D. du Toit wys ook daarop dat die hele gemeente nie op (d.i. vir) dieselfde persoon gestem het nie. Iemand het dus die reg om beswaar in te bring (Diktaat, Kerkreg s.j.). Daar moet sover dit menslik moontlik is, seker gemaak word dat die ver= kiesing wettig is; d.w.s dat die regte persone op die regte wyse gekies word. Vandaar die bepaling dat die bevestiging

eers kan plaasvind "nadat hulle name verskillende male afgekondig is, ...".

Volgens Rutgers (1921, p.171) is dit vanselfsprekend dat die bevestiging uitgestel word indien daar beswaar teen 'n verkose persoon inkom, totdat daar uitsluitel oor is. Ingeval die kerkraad die beswaar nie handhaaf nie en daar in beroep na die klassis gegaan is en die klaer nog nie gelyk kry nie, en hom op die Part. Sinode beroep, kan dit nodig wees om tog met die bevestiging voort te gaan. Anders kan 'n klaer 'n bevestiging vir 'n onbepaalde tyd vertraag. Die kerkraad het dan in elk geval ook al reeds die stem van die klassis vir sy optrede.

Daar moet egter versigtig gehandel word in so 'n geval. Die erns van die besware en die invloed wat die vertraging op die gemeente sal hê, moet deeglik in ag geneem word (Vgl. Jansen 1937, p.97 en Van Dellen en Monsma, p.106 The Churchorder Commentary).

Wanneer daar in die verkiesing 'n staking van stemme voorkom moet eenmaal oorgestem word en as daar nog nie tot 'n beslissing gekom kan word nie, moet deurmiddel van die lot met aanroeping van die naam van die Here beslis word. (Sinode 1910, art. 176, vgl. Hand. 1:26; ook Rutgers 1921, p.155). Die aanbeveling van Rutgers en andere om te bepaal dat by staking van stemme die oudste in jare as verkies verklaar word, is vir my willekeurig. Sover ek kan vasstel berus die aanbeveling nie op deugdelike gronde nie; behalwe dat dit vroeër gewoonte was, word geen ander grond genoem nie.

5. Wie is verkiesbaar?

Die Heilige Gees skryf veral deur die apostel Paulus in 1 Tim. 3:1-7 en Titus 1:5-9 voor aan watter vereistes iemand wat vir die diens van die ouderlingskap in aanmerking kom, moet voldoen. Dit is veral vandag, onder al die klagtes van kerklike verval, maar ook met die oog op die geweldige aanslag wat van buite teen die kerk geloods word, van groot belang om die regte (ware) ouderlinge

te hê tot opbou van die kerk. Die welsyn van die kerk draai veral om die ouderlinge; die opsieners (vgl. Hand. 20:23)

Die ouderling moet

1. onberisperlik wees; d.w.s. daar moet geen aanmerking gemaak kan word op sy leer of lewe deur die gemeente nie. "Hy moet iemand wees op wie laster en aanklag geen vat het nie". (C. Bouma, 1942, De Kommentaar op het Nieuwe Testament. De Brieven van den Apostel Paulus aan Timotheus en Titus, p.131);
2. "die man van een vrou wees", d.w.s. nie skuldig wees aan bigamie en ook nie aan indirekte bigamie nie. Dus nie iemand wat na 'n ongeoorloofde egskeiding weer getrou het nie. In werklikheid is so een met twee vroue getroud aangesien sy egskeiding onwettig is voor die Here. 'n Man pleeg bv. owerspel en trou na sy egskeiding asgevolg van die owerspel, weer met 'n ander vrou, en betuig daarna berou op so 'n wyse dat die kerkraad dit aanvaar en hom van die tug onthef. Na 'n tyd word dan dikwels in die praktyk, vandag, geredeneer dat die man se berou so eg is en dat sy lewe nou so onbesproke is en sy kerklike meelewing so goed dat daar geen beswaar kan wees teen sy verkiesing tot die ouderlingskap nie. Hy is immers nie meer onder die tug nie;

Hierdie redenasie is nie net vals nie, maar gaan ook direk in teen die voorskrif van die Heilige Gees in 1 Tim. 3:2 en Titus 1:5; hy is nie 'n man van een vrou nie;

3. nugter wees. Hy moet hom nie net weerhou van oormatige wyngebruik (geen drinker) nie, (vgl. vers 3 en Titus 1:7) maar hy moet ook geestelik gebalanseerd wees; vry van hartstog en geestelike bedwelming wat sy oordeelsvermoë kan beïnvloed. As hy nie nugter is nie kan hy nie 'n goeie insig hê in dwalings en sondes in die kerk nie;
4. ingetoë wees, d.w.s. eerbaar in sy uiterlike houding, nie verwaand en aanstootlik nie;
5. gasvry wees;

6. bekwaam om te onderrig; d.w.s. hy moet nie alleen kennis van die woord van God hê nie maar ook in staat wees om die kennis oor te dra; hy moet tuis wees in die Skrifte;
7. geen vegter (bakleier) en geen strydlustige (twisgierige, rusiemaker) wees nie;
8. geen vuilgewinsoeker, dit is iemand wat sy eie voordeel ten alle koste najaag nie, en ook geen geldgierige; d.w.s een wat sy siel aan geld verpand het, wees nie;
9. een wees wat sy eie huis goed regeer en sy kinders met alle waardigheid in onderdanigheid hou (vers 4). Dit spreek vanself dat iemand wat sy eie huis nie kan regeer nie, nie in staat is om "vir die gemeente van God sorg" te dra nie. (vers 5). Die leiding en bestuur van sy gesin moet goed wees in die oë van die gemeente, eers dan kan daar 'n verwagting wees dat hy in staat sal wees om as opsiener die gemeente te dien (Vgl. Bouma 1942, p.134). Dit is veral belangrik dat sy kinders, deur sy optrede tot eerbied vir hom gedwing, hulle aan hom sal onderwerp. Hier is nie sprake van 'n dwingeland wat sy kinders met geweld onderdruk nie. Deur die opvoeding in die vrees van die Here (vgl. Ef. 6:4) word ook die vrees (eerbied) vir die vader verwek;
10. geen nuweling (Neophiet) d.i. pas bekeerde wees nie. ('n pas geplante boom). Ek meen daaruit kan ook afgelei word dat iemand wat pas ingetrek het in 'n gemeente en nog onbekend is, nie verkiesbaar is nie (vers 6);
11. "ook goeie getuigenis hê van buitelanders..." (vers 7). Sy waardige, christelike wandel, nie net in die gemeente nie maar ook in die samelewing, moet teen wil en dank agting afdwing. Hy moet die adel van die Christennaam waardig wees, vgl. Kol. 4:5; 1 Thess. 4:12 en 1 Petrus 4:15 en 16;
12. vashou aan die betroubare leer en instaat wees om ander te vermaan en teësprekers te weerlê (vgl. Titus 1:9);

13. ten slotte homself kan beheers (Titus 1:8); o.a. nie oplopend en gou om te oordeel wees nie.
14. Die Skrif stel nie met soveel woorde 'n ouderdomsgrens vir wie verkiesbaar is nie. Tog lê in die naam ouderling reeds die gedagte van rypheid in jare opgesluit. Verder kan uit die eis dat hy sy eie huis goed moet regeer en sy kinders in onderdanigheid moet hou, afgelei word dat iemand reeds die rypere jare van onderskeiding en wysheid moes bereik het voordat hy verkiesbaar is vir die ouderlingskap.

Bostaande vereistes vir die ouderlingskap is oorweldigend. Dit laat die versugting van Paulus met die oog op die las van die bediening: En wie is tothierdie dinge bekwaam? (2 Kor. 5:16) ook ons versugting word met die oog op die vraag na wie verkiesbaar is tot die diens. Niemand sou wees as Hy wat roep nie ook bekwaam maak (vgl. o.a. Exodus 3:12; en 4:10-17; 2 Kor. 4:7) deur sy Heilige Gees nie (vgl. Joh. 14:26). Daarom mag niemand hom ook willekeurig aan die roeping onttrek nie. Dit is die Here wat deur sy kerk roep en gehoorsaamheid betaam elkeen wat wettig geroep is. Alleen met opgaaf van gewigtige redes, waaroor die kerkraad moet oordeel, kan iemand van die roeping onthef word. (Vgl. Antwerpen 1563; Doornik 1563; Teurs 1563. Armentiers 1563 bepaal dat iemand wat die roeping afwys sonder wettige redes, vermaan moet word en daar moet by hom aangedring word en hy moet selfs gedreig word met die oordeel van God om die roeping op te volg.

Daar moet in die kerke noulettend toegesien word dat genoegsaam rekening gehou word met hierdie vereistes wat die Skrif stel vir die verkiesing van ouderlinge.

ARTIKEL 23

1. Ouderlinge is dienaars van Christus

Artikel 23 handel oor die amp van die ouderlinge. Ons het reeds in art. 2 daarop gewys dat die begrip amp geen persoonswaardigheid of hoogheid inhou nie. Dit dui alleen op 'n besondere taak wat deur Christus aan die wat Hy roep om in sy naam te spreek en te handel, opgedra is. Die woord amp kom dan ook van ambag; 'n sekere werk wat gedoen word. Vandaar dat amp in die kerkorde dieselfde beteken as diens. Die ouderlinge lewer diens aan Christus en (ten behoeve van) die gemeente. (Vgl. Matth. 4:19: "... en Ek sal julle vissers van mense maak").

Hulle is geen heersers oor die erfdeel van die Here met 'n eie waardigheid in of gesag uit hulleself nie. Vgl. I Petrus 5:1-4. Hulle is dienaars, slawe () van Christus. Hulle het alleen aanspraak op die erkenning, liefde en hoogste agting van die gemeente, as hulle in die Here arbeid. I Thess. 5:12,13.

Hulle is herders van die kudde wat deur die kosbare bloed van Jesus verkry is (1 Petr. 1:19). En die Heilige Gees het hulle oor die kudde aangestel en hulle bekwaam gemaak vir hulle werk Hand. 20:28.

Daarom geld die Woord van Jesus aan sy apostels ook vir die ouderlinge: "Wie na julle luister, luister na My en wie julle verwerp, verwerp My" (Lukas 10:16), vgl. ook Matth. 10:40).

Die gemeente word daarom ook beveel: "Wees gehoorsaam aan julle voorgangers en onderdanig want hulle waak vir julle siele as diegene wat rekenskap moet gee, sodat hulle dit met blydschap kan doen en nie al sugtende nie; want dit is vir julle nie nuttig nie." Heb. 13:17. (Vgl. verder ook Ef. 4:11 en 1 Petr. 4:2 en 3; 1 Tim. 5:17).

Alleen kragtens die roeping en die diens aan Christus en die gesag van die Woord wat hulle bring is aan die ouderlinge agting en onderwerping verskuldig.

2. Hulle diens

2.1 "Die amp van die ouderlinge is dit wat hulle gemeenskaplik saam met die bedienaar van die Woord moet doen soos in artikel 16 neergelê. En dit is om "die kerklike dissipline uit te oefen en te sorg dat alles betaamlik en ordelik plaasvind". Hulle taak is dus om saam met die bedienaar van die Woord die kerk te regeer (vgl. art. 1 oor die "betaamlik en ordelik" en verder art. 37 vir die gesamentlike regering as raad van die kerk).

Die ouderlinge moet sorg dat elkeen hom/haar in die huisgesin van God gedra soos dit behoort (vgl. 1 Tim. 3:15).

Hulle moet die voorskrifte vir die gedrag van die gelowiges uit die Woord naspour (vgl. 1 Kor. 14:40). Verder moet hulle die wat hulle nie na die Woord van die Here skik nie, tug. (Vgl. Esegïël 3:17 e.v.; 1 Kor. 5:1-8, Titus 3:10). Die heerskappy van Christus word so in sy gemeente deur die ouderlinge gerealiseer. (Vgl. Bouwman 1928, p. 549; sien verder artt. 71 en volgende).

2.2. Hulle diens (taak, amp) is verder "om toesig te hou dat bedienaar van die Woord, hulle mede-ouderlinge en diakens hulle ampte getrou bedien..."

Dit is 'n geweldige opdrag (vgl. Hand. 20:28-31). Die ouderlinge moet sorg dat die bedienaars van die Woord waardig die roeping waarmee hulle geroep is wandel (vgl. Ef. 4:1 en Filippens. 2:27, wat ook verband hou met die wandel van die besondere dienaars van Christus. Die volle aandag word in die artikel gevra vir die toesig op die ampsbediening. Dit sluit vanselfsprekend die toesig op die leer en lewe van die mededienaars in. Die persoon en die amp kan nie geskei word nie. Die dienskneg moet die diens waardig wees, al is dit só dat die skat in erdekruike is (2 Kor. 4:17). Die bediening mag nie beklad word nie (vgl. 1 Tim. 3:2 en 3, 1 Kor. 2:17 en 2 Kor. 6:3; 1 Tim. 5:19 en 20). Daarom moet die ouderlinge kundig wees in die Skrifte deur die gedurige biddende ondersoek daarvan. Hulle moet hulle oefen in die kennis van die Skrifte om so die gawe van onderskeiding te kan ontvang. Hoe anders sal hulle kan toesig hou, veral oor die prediking?

2.3 "Om huisbesoek te doen". (Vgl. Hand. 20:31). Die Heilige Gees noem die ouderlinge herders van die kudde wat Jesus Christus met sy eie bloed verkry het. Jesus Christus is die Goeie Herder en Hy eis dat die ouderlinge in hulle herderskap sy beeld as Goeie Herder moet laat sien (vgl. Joh. 10). Die aan wie Hy die herderskap gee moet elke skaap wat aan sy sorg toevertrou is ken, soos Hy hulle ken (vgl. 1 Thess. 4:14 en 15). Daar word van die herder vir elke skaap rekenskap geëis (vgl. 1 Kor. 3:9-23; Esegïël 3:17; in Jeremia 23:1 en volgende en Esegïël 34:6).

Die huisbesoek dien so tot stigting (opbou) van die gemeente (Ef. 4:11).

Getroue ouderlinge bou 'n lewendige, roepingstroue gemeente.

In die reël word die gemeente in wyke ingedeel om die ouderlinge se werk doelgerig en effektief te maak. Aan elkeen se sorg word dan bepaalde gesinne en 'n bepaalde getal enkellopers toegesê, soveel as wat hy wel persoonlik kan besoek op die gesette tye.

Dit sluit ook die gesinne van ampsdraers wat in sy wyk woon in. As hy self in sy wyk woon is hy ook verantwoordelik vir sy eie huisgesin. (Vgl. Sinode 1952, artt. 59, 131). Dit is egter gewens dat in die geval waar die ouderling in sy eie wyk woon, dat die kerkraad die sorg van die ouderling se gesin aan 'n genabuurde ouderling opdra.

Die wyksouderling moet met elkeen in die wyk se lewenswandel en -omstandighede vertrouwd wees, om elkeen persoonlik te kan aanspreek met die Woord van die Here tot vermaning: dit is tot vertroosting, bemoediging of bestraffing, na gelang dit nodig is. Die stryd teen die Satan, die wêreld en die eie vlees is vir die gelowiges dikwels oorweldigend. Hulle dreig om moed te verloor. Dan moet die ouderlinge hulle wys op, dus onderrig in die beloftes van die Here waarin die strydters verseker is van oorwinning. Daar kan ook slapheid wees in die stryd; die Skriflesing en bepeinsing kan nagelaat word, die gebed kan verflou en die heiligmaking kan alhoemeer ontbreek, alles dinge wat veragtering in die genade veroorsaak. Dan moet die ouderling nie skroom om die slapheid te bestraf nie (Vgl. o.a. Hebr. 5:11

en 12; 6:1 en 2; 12:4 en Jak . 1:6-8).

Die ouderlinge moet so onderlê wees in die Skrifte dat hulle die lidmate gedurig kan herinner aan die werklikhede van die verbond en aan die eise wat dit ook in die besondere tyds- en lewensomstandighede aan hulle stel.

2.4 Tyd van Huisbesoek

Die ouderlinge moet sowel voor as na nagmaal huisbesoek doen.

Met hierdie bepaling word die diens van die ouderling toegesmits op die nagmaal. Heeltemal tereg ook, want die gemeenskap met God in Christus en mekaar; die kerkwees van die kerk word verkondig in die viering van die Nagmaal en sigbaar afgeteken en beseël in die tekens van brood en wyn wat uitgedeel en genuttig word. Dit gaan immers in die kerk om hierdie gemeenskap (1 Joh. 1; Romeine 8:15 - 17; 1 Kor. 12:12 e.v.

Die nagmaal is die eksklusiewe maaltyd van Christus saam met sy gesin; n vooruitgryping op die bruilofsmaal van die Lam (Openb. 19:7-9). En dit is die taak van die ouderlinge om toe te sien dat die karakter van die sakrament behoue bly (vgl. 1 Kor. 11:17 e.v.), en dat die liggaam van Christus nie geskend word nie. Die indringers moet van die tafel en so uit die gemeente geweier word (vgl. Hand. 5:1-11 en 1 Kor. 5).

Nagmaal mag dus nie gevier word sonder die voorafgaande huisbesoek en die daaruit voortvloeiende verslagvergadering van ouderlinge nie. Dit is n bedenkbare praktyk om, ingevalle waar meer as vier keer per jaar nagmaal gevier word, sommige vieringe sonder die voorafgaande huisbesoek en verslagvergadering te laat plaasvind.

Die bepaling dat huisbesoek ook na die nagmaal gedoen moet word, sluit by die bostaande beginsel aan. Na die nagmaal moet verneem word of nagmaal gevier is en indien nie, waarom nie. As daar onverskilligheid op die spel is moet die ouderlinge vroegtydig optree.

2.5 Die ouderlinge moet "ook ander tot die Christelike godsdienst"
opwek.

Sommige lei hieruit af dat daar 'n spesiale ouderling vir evangelisasie moet of kan wees en dat die evangelisasie en sending aan die ouderlinge opgedra is. Dit sou egter beteken dat die amptelike prediking tot afvalliges en heidene nie meer die taak van 'n geroepe bedienaar van die Woord is nie, maar wel van die ouderlinge. Dit kan tog nie wees nie.

Oorspronklik spruit die bepaling uit die gedagte, tydens die reformatie, dat die Gereformeerde Kerk nou heersende kerk geword het in die plek van die Roomse. Daarom was dit die taak van die ouderlinge om elke burger wat nog nie gereformeerd was nie op te wek tot die gereformeerde godsdienst - die nie-gereformeerdes moes aangespreek word om dit wel te word. Later, gedurende die Doleansie in 1886 het die Gereformeerdes ook weer die artikel in die sin toegepas. Dit is as die taak van die ouderlinge gesien om die wat in die Hervormde Kerk agtergebly het op te wek om met die dolerendes mee te gaan. (Vgl. Bouwman I P532). Hulle doen dit egter nie omdat hulle die dolerende kerk as die heersende kerk gesien het nie, maar omdat hulle dit as die suiwere en ware kerk gesien het teenoor die afvallige (vervalsde) Hervormde Kerk. Hierdie opvatting hou egter nie rekening daarmee dat ouderlinge alleen toesig het op erkende lidmate van die kerk nie.

Indien daar gemeen word dat hulle ook oor ander seggenskap het kan die opvatting alleen gegrond wees in die volkskerkgedagte nl. dat almal wat deel is van die volk ook vanselfpsrekenend deel is van die kerk.

Indien die bepaling dus in die historiese sin daarvan verstaan word, het dit geen plek in die artikel nie.

Dit kan alleen behoue bly as daaronder verstaan word dat ook en veral die ouderlinge, net soos al die gelowiges, deur hulle eerbare wandel en die agting wat hulle afdwing, ander tot die Christelike godsdienst moet opwek (vgl. Matth. 5:13 e.v. en Sondag XXXII vr. 86; vgl. ook Bouwman I p.563 en Meulink en De wolff, p.70).

ARTIKEL 24

1. Verkiesing van Diakens

In artikel 24 word die diakenskap - deur die wyse waarop die diakens verkies moet word te bepaal - onderskei van die ouderlingskap. Terselfdertyd bring dieselfde artikel na vore dat die diakenskap nie te skei is van die ouderlingskap nie. Beide is gewortel in die diakonia: die diens aan Christus ten behoeve van die gemeente. Tot hierdie diens roep Christus ouderlinge sowel as diakens op dieselfde manier: deur die bemiddeling van die gemeente. Vandaar: "Wat gebruiklik is in die geval van die ouderlinge, moet ook onderhou word by die verkiesing, goedkeuring en bevestiging van die diakens. (Kyk art. 22).

2. Wie verkiesbaar is

In 1 Tim 3:8-12 word die vereistes waaraan 'n diaken moet voldoen opgesom. Hulle moet

1. Waardig wees (vers 8). Daar moet na hulle opgesien kan word; hulle gewone optrede moet eerbied afdwing.
2. Nie uit twee monde praat nie; nie tweetongig wees nie. 'n Diaken moet nie nou sus en dan so sê nie. Hy moet betroubaar wees; daar moet op hom staat gemaak kan word as een wat die waarheid lief het.
3. Hy moet geen vuilgewinsoeker wees nie; homself nie op 'n ongeoorloofde manier verryk nie.
4. 'n Diaken moet 'n man wees "wat die verborgenheid van die geloof in 'n rein gewete hou (vers 9). Dit moet blyk dat hy 'n ware gelowige is uit sy optrede. Hy huigel nie, maar is opreg. Hy moet vol wees van die Heilige Gees en wysheid (Hand. 6:3).
5. Hulle vroue moet ewe-eens waardig wees; agting afdwing. Geen kwaadspreeksters nie, nugter, betroubaar in alles (vers 11).

Sommige laat hierdie vers sien op vroulike diakens (ampsdraagsters) in die volle sin van die woord, vgl. o.a. Belser. Ander soos B. Weiss en Jeremias net soos Calvyn betwis dit egter en sê dat dit hier gaan om die vroue van die diakens. Dit sou immers vreemd wees as hier sommerso tussenin van vrouediakens gepraat word terwyl in

die vorige en volgende verse daar spesifiek sprake is van manlike diakens.

C. Bouman, in aansluiting by Joh. Jansen 1917, p.660, huldig weer die gedagte dat hier wel sprake is van diakonesse, maar dan in die sin van helpsters van die diakens. Hulle sou dan nie in die amp bevestig wees nie. Die opvatting vind steun in die feit dat die lidwoord by genaikós ontbreek. Paulus praat in die gedeelte van groepe van mense: opsieners, diakens en vroue wat 'n taak het om in die gemeente te vervul. Dat die vroue midde in die perikoop oor die diakens genoem word, regverdig die afleiding dat hulle hulpdiens aan die diakens gelewer het. Vandaar die weglating van die lidwoord. Vgl. ook Bouwman 1928 p.577, wat betoog dat daar moes gestaan het hulle vroue, as daar sprake was van die vroue van diakens. Wat Paulus bedoel in die vers is vir hom onseker. Volgens die Afrikaans Bybel met verklarende aantekeninge was dit vroue wat een of ander geestelike werk gedoen het. Vgl. ook Hommes: De Vrouw in de Kerk. Hy kom eintlik, na sy lang redenasie, ook niks verder as Calvyn nie, praat ook maar van diakonesse wat hulpdiens gelewer het en geen wesenlike amp beklee het nie.

Dat vroue wel hulpdiens gelewer het, ook in diakonale werk is origens duidelik uit die Skrif. Veral is hulle dienste by die versorging van siekes gebruik en selfs waar die ouderlinge en bedienaars van die Woord vroue onder sekere omstandighede nie kon bereik nie. Dit bly egter 'n vraag of Paulus die helpsters in 1 Tim. 3:11 in die oog het.

6. Die diaken moet 'n man van een vrou wees en sy kinders en eie huis goed regeer (vers. 12). Dit is dieselfde vereistes as wat aan 'n ouderling gestel word (vers. 4).

7. Hulle moet ook eers 'n proeftyd deurmaak (vers. 10). Daar moet nie oorhaastig te werk gegaan word nie. Voordat hy gekies en voordat hy bevestig word moet noukeurig ondersoek ingestel word of hy sal deug. Hy moet die toets kan deurstaan. Dit moet duidelik wees dat sy lewensgedrag in orde is en dat hy dus oor die nodige geestelike en sedelike eienskappe beskik. Die nadruk word teweens in die hele perikoop op eerlikheid en betroubaarheid gelê (vgl. Janse (vgl. Jansen 1917, P.651)).

Uit hierdie vereistes is dit duidelik dat iemand nie as diaken gekies mag word bloot omdat hy jonk en entoesiasties is nie, of om hom voor te berei vir die latere ouderlingskap nie. Die diakens moet net soos die ouderlinge beskik oor die nodige ampsgawes voordat hulle tot die veeleisende diens gekies kan word.

Indien daar nie op gelet word nie en voor die voet manne gekies word en hulle nie aan die eise beantwoord nie, geskied dit tot groot nadeel van die gemeente; eintlik ten koste van die gemeente.

* * * * *

ARTIKEL 25

1. Die diakens moet die armes versorg.

Die artikel wyk wat die formulering betref af van die ander waarin die amp omskryf word. In art. 23 word die inhoud van die ouderling=skap bv. positief, duidelik omskryf. In art. 25 het ons die vreemde verskynsel dat "Die eintlike amp van die diakens" omskryf word.

Die formulering wek die gedagte dat dit bekend is dat die diakens meer doen as wat hulle amp behels. Deur die nadruk te lê op die eintlike amp, word dit wat hulle bykomend doen nie afgekeur nie, maar daar word tegelyk gewaarsku teen die gevaar dat die bykomende werk die eintlike kan verdring; en dit mag nie gebeur nie.

Verklaarders van die K.O. gee nie besondere aandag aan die formulering van die artikel nie. Ek meen egter dat dit nie maar daar gelaat kan word nie, aandag moet gegee word aan die agtergrond waarteen die formulering gesien moet word. Ek meen om steun by H. Bouman (1907) te vind vir die verklaring dat kerkrade reeds tydens die re=formasie en daarna - seker ook op grond van die praktyk sedert die 2e eeu en veral vanaf die opkoms van die monargiese episkopaat; hoewel gebreek is met die Roomse praktyk assodanig - nog allerlei by=komende opdragte aan die diakens gegee het (Het Ambt der Diakenen p. 12 e.v., vgl. ook H. Bouwman 1928, p.565 e.v.). Ver al die hulp=diens by die nagmaalsviering (die aangee van die beker en skaal (bord en die vul van die bekere, voorsiening van brood, dek van tafels ens. en die beheer van die kerkgoedere het verbonde gebly aan die diakens=amp.

Sedert 1859 het hierdie dinge ook deel gebly van die opdrag aan die diakens. Die diakens was aanvanklik belas met die invordering van bydraes vir die instandhouding van die erediens sowel as die beheer daarvan.

Hoewel die diakens vandag nie meer prakties as finansiële kommissie dien nie, is dit nog algemene gebruik dat hulle belas is met die insameling van die kerklike bydraes en is hulle nog behulpzaam by nagmaalsvieringe. (Vgl. Acta, Reddersburg 1927, Meerderheids=rapport p.103).

Deur die formulering "Die eintlike amp..." word die praktyk gesank-sioneer, maar daar word tegelyk gewaarsku dat dit nie moet lei tot die verdringing van die eintlike amp van die diakens nie. (Vgl. ook Minderheidsrapport van M. Postma en C.J.H. de Wet en medeonder-teken deur die adviseurs J.D. du Toit en J.A. du Plessis, Acta Reddersburg 1927, p.107).

Tot met die verskyning van die boek van dr. F.H. von Meyenfeldt (1955) "De Diaken als Componist der Gemeenschap", is die armversoring in die Gereformeerde Kerk nog altyd as die eintlike amp van die diakens beskou; ten spyte van stemme wat opgegaan het om bv. ook die hulpdiens by die nagmaal en die behartiging en beheer van die kerklike finansies by hulle amp in gesluit te kry. (vgl. Meerderheidsrapport wat verwerp is - Acta Reddersburg, 1927).

Sedertdien is op voetspoor van Von Meyenfeldt, die klem verlê na die "diens tot opbou van die gemeenskap van die heiliges".

Die eintlike amp van die diakens is volgens die beskouing dan om die gemeenskap (Koinonia) in die gemeente te realiseer. Die diakens moet die gemeente bewus maak van "haar heilige roeping tot stichting van een nieuwe samenleving". (Von Meyenfeldt 1955, p.59). Veral moet hulle elkeen wat dreig om buite die gemeenskap van die heiligest staan te kom weer in die verband voeg (p.58). Alles wat verder dreig om die samelewing van die gelowiges te disintegreer soos rykdom, armoede, siekte, ouderdom, eensaamheid, moet opgehef word deur die diakens; hulle is die integrasiefaktor in die gemeente (p.53). Dr. K.S. van Wyk de Vries (+ 1964); Schopes van die Diaconaat en In die Skriflig, Jaargang 12, nr. 47, Sept. 1978 p.33; "Barmhartigheid, barmhartigheidsdiens, die diakonaat en die praktyk", sluit by hierdie gedagte aan. Hiervolgens sou dit ook die eintlike taak van die diakens wees om tehuise vir vereensaamdes (oud of jonk); vir siekes, verskwaktes, ens. op te rig, ongeag hulle eie vermoë. Ek meen ek konkludeer reg as ek sê dat volgens hierdie opvatting is dit die taak van die diaken om met elke gelowige (en ook ander volgens K.S. van W. de V.) gemeenskap te oefen deur te sorg vir 'n woning, losiesplek, versorging by verswaking ens. Die diaken moet sorg dat jongmense veral nie in die stad vereensaam nie. Hulle moet alle lyde probeer ophef.

Aansluitend hierby is die besluit van die Sinode Potchefstroom 1979 wat besware teen sekere gedeeltes van die bevestigingsformulier gelyk gegee het as sou dit "die diens van die diakens tot armversorging beperk." (Agenda Sinode 1979, p.56; vgl. vir besluit Acta 1979). Die deputate vir advies oor die beswaarskrif verklaar dat "doel en sin van die diakenamp is veel ruimer, nl. die liefdevolle gemeenskapsbeoefening met geloofsgenote wat konkreë tot opening kom (onder andere) in die gemeente se liefdegawes vir behoeftige lidmate" (Agenda 1979, p.57/58 e.v.) Acta 1979.

Die beswaar teen die formulering van art. 25 is nie gehandhaaf nie. Die Sinode verklaar dat die artikel nie die amp limitatief beperk nie. Dit spreek immers ook in weiere sin van "verder om die wat in nood is te besoek en te vertroos..." (Agenda 1979, p.58, vgl. ook Acta 1979, ter sake).

Hieruit kan afgelei word dat die Sinode die formulering: "Die eintlike amp..." so verklaar dat die fokus in die opdrag aan die diakens wel op die armversorging val, maar dan in die konteks van hulle opdrag tot die opbou van die gemeente wat hulle met die bedienaars van die Woord en ouderlinge gemeen het, vgl. o.a. Ef. 4:12. Hulle spits hulle dan konkreë op die armes - die wat uitgeskakel is met die gemeenskap van die heiliges soos blyk uit die gebrek aan bestaansmiddele. Die gelowiges word deur al drie ampte opgeskerp, ook om mekaar op te skerp tot die konkrete gemeenskap van die heiliges, maar die konkrete belewing van die gemeenskap van die heiliges deur die versorging van hulle wat in hierdie sondige bedeling in hulle bestaan tog vasgeloop het ten spyte van die opdrag tot die konkrete gemeenskapsbeoefening, is dan die eintlike taak van die diakens.

Ek meen dat die vaders met die formulering van art. 25 n besondere aanvoeling vir die sin van Handeling 6 e.v. verse openbaar het. Die grootsheid van die gemeenskapsbeoefening as vraag van die geloof (vgl. 1 Joh. 1:7) dien as agtergrond vir die begrip vir die instelling van die diakenamp. Waar in die sondebedeling die gemeenskapsbeoefening tog so gebrekkig is dat daar gelowiges is wat "in die daaglikse versorging oor die hoof gesien is" (Handeling 6:1) daar

gryp Christus vol erbarming as't ware nogeens in sodat sy kinders ten spyte van die gebrek aan volkome geloofsvrugte in die kerk in hierdie bedeling tog nie ten gronde gaan nie. Ek meen nog in Handeling 6 nog in enige tydperk van die kerkgeskiedenis het die Gees ooit die kerk so gelei dat die diakens alleen die hele las om die gemeenskap van die heiliges in die kerk te konkretiseer, moes dra nie. Die diakens se eintlike taak is nie, soos Von Meyenfeldt dit stel, om die nuwe samelewing daar te stel nie, maar wel om waar die nuwe samelewing (die kerk) nog te kort skiet in die versorging van alle lede, tog te sorg dat die oor die hoof gesien is versorg sal word. (Die "oor die hoof sien" hoef dan nie 'n aanduiding van 'n opsetlike roepingsversaking by die gemeente te wees nie, maar wel 'n herinnering daaraan dat die Koninkryk naby is - so naby dat 'n nuwe gemeenskap in onderwerpenheid aan God reeds bestaan (die kerk) maar nog moet kom in volkomenheid; die nuwe samelewing (as die kerk) is nog maar in beginsel die konkrete en so 'n heenwysing na die nuwe samelewing in Christus. Vgl. Openbaring 21:2-4).

Die eintlike diens van die diakens bly dan nog die armversorging deur middele, besoeke, trooswoorde uit die Heilige Skrif, waardeur die gemeenskap van die heiliges betoon word. Ook om hulle amp te vervul moet die diakens altyd in gedagte hou: "Die kerk is 'n vergadering van gelowiges wat kragtens die gemeenskap met mekaar in Christus, die roeping het om hulle goed tot eer van God en dus ook tot welsyn van die gelowiges aan te wend" (Bouwman 1907, p.69; vgl. Bouwman 1928, p.565).

2. Hoe sorg die diakens?

Die diakens moet "die liefdegawes... wat aan die armes gegee word, nougeset versamel."

Let op: Liefdegawes

Dus: geen opgelegde raming of hoofdelike aanslag nie. Maar elkeen moet gee namate die Here hulle in staat stel om te gee uit liefde vir die Here en sy kerk. Daar moet offervaardigheid wees - 'n bewoënhed oor die wat nie het nie en dankbaarheid dat die Here aan jou gee. En hoe kan die diaken hierdie gesindheid tot die gee van

liefde gawes anders opwek as deur o.a. 2 Kor. 8 voor te lees?

Omdat dit liefdegawes is wat uit die liefde vir die Here gegee word pas dit in die eerste plek om dit af te dra wanneer Hy ontmoet word in die erediens. Daar gee die gelowiges hulleself met al wat hulle het aan die Here. Vandaar dat die insameling "Op elke eerste dag van die week" moet plaasvind. (Vgl. 1 Kor. 16:2 en Heidelbergse Kat. Sondag VXXXIII). Vanselfsprekend kan dan by die insameling nie van straatkollekte of koerantfondse sprake wees nie.

Oor die vraagstuk van die plek van die kollekte vir armes in die erediens is al baie gehandel. Dit is egter 'n liturgiese kwessie waarop hier nie ingegaan word nie. Volstaan word met die vermelding van die besluit van die Sinode 1964 dat dit 'n middelmatige saak is (vgl. Acta 1964, p.477). Dit sluit egter nie uit dat daar ook by die huise kan ingesamel word nie. Bouwman, Jansen en ander verklaarders van die kerkorde beklemtoon egter dat dit nie die reël moet wees nie. Alleen in tye van nood en tekorte moet, nadat tot groter offervaardigheid in die erediens opgewek is en daar nog nie die nodige fondse vir armversorging beskikbaar is nie, die insameling by die huise gedoen word.

Natuurlik moet die diakens gereeld by die huise omgaan, as deel van die insameling, om die gelowiges op hoogte hou van die behoeftes en hulle aan te spoor in die Naam van Christus tot hulle roepingsvervulling. Ook is dit vanselfsprekend dat goedere nie in die erediens afgedra kan word nie. Dit sal by die huise gehaal of op 'n ander manier afgedra word.

Wat ingesamel is moet "met gesamentlike oorleg getrou en vlytig" uitgedeel word "volgens die eis van die behoefte". Natuurlik word in die vergadering net besluit wie tot water mate versorg word. Die gawes word by die huise deur die diakens afgedra. Die diakens het wysheid nodig vir hierdie taak. Daarom moet hulle manne vol van die Heilige Gees wees. Die gawes bestem vir die versorging van hulle wat daarin beproef word dat hulle hulself nie kan versorg of deur familie versorg kan word nie, mag nie bestee word aan ver-

kwisters (dronkaards, dobbelaars, of ligvaardige mense) nie. Luijaards moet aangesê word om te werk, anders kan hulle nie eet nie. Deur die regte weduwees en wese op die voorgrond te stel gee die formulier leiding oor wie versorg moet word.

Dit kan ook inhou dat deur bv. n eenmalige bedrag te voorsien of vir n kort rukkie n gesin te versorg, voorkom word dat n gesin permanent behoeftig word, al is hulle dit op die oomblik van versorging nog nie in die eng sin van die woord nie. Dink bv. aan n broodwinner wat genoeg verdien om sy gesin eerbaar te versorg. Hy word egter siek en tydens sy siekte word sy salaris opgeskort. (In die boubedryf het dit dikwels al gebeur). Nou kan nie gewag word totdat sy huis verkoop, sy spaargeld opgebruik is en toegelaat word dat noodsaaklike assuransiepremies onbetaald bly nie. Daar moet deur die diakens gesorg word dat die gesin nie tydens die siekte van die broodwinner ten gronde gaan nie.

Die versorging strek verder as die gemeente. Ook "aan ander" moet uitgedeel word. "Laat ons dan, terwyl ons geleentheid het, aan almal goed doen, maar die meeste aan die huisgenote van die geloof". (Gal. 6:10).

Die huisbesoek vorm n belangrike deel van die werk van die diaken. Sy huisbesoek moet egter anders ingerig wees as die van die ouderling en predikant. Hy is dienaar van Christus wat aan die wat in nood is met trooswoorde uit die Heilige Skrif moet toon dat Christus hulle nie in hulle nood vergeet nie. Dit wat die diaken bring is wel van die gemeente maar eintlik van Christus deur die gemeente. Christus skenk alles - na siel en liggaam - wat vir sy kinders ook in hierdie lewe, nodig is. Wie die koninkryk van die hemele ingegaan het word elke dag van alles wat nodig is voorsien (Matth. 6:33 en ook Romeine 8:32). Die besoek van die diaken moet so wees dat hy verdwyn en Christus voor die een wat versorg word staan.

Die diakens moet aan die kerkraad verslag doen - die ouderlinge is immers die opsiensers wat moet toesien dat ook die diakens hulle amp na behore vervul. (Vgl. art. 23). In die praktyk word hierdie verslag op die sg. breëkerkraad, vergadering van ouderlinge

saam met die diakens gegee.

Dit kan ook nodig wees om op versoek, aan die gemeente verslag te gee. Dit is seker noodsaaklik dat dit veral sal gebeur in tye van nood wanneer daar besondere eise aan die gemeente gestel word. (Kyk verder oor die amp van die diakens Acta, Reddersburg 1927, p.98-108).

ARTIKEL 26

Artikel 26 is weereers n artikel waarin na vore kom hoedat die Heilige Gees die kerk deur stryd heen - in die geval die stryd teen die owerheid oor die beskikkingsreg oor die vroeëre Roomse kerklike goedere - so gelei het dat op nugtere wyse met die werklikheid rekening gehou is dat die kerk nie van die wêreld is nie, maar dan tog wel daar in.

Die Koninkryk van die hemele het naby gekom (Matth. 3:2) en moet nog kom in volkommenheid. Ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en n nuwe aarde waarin geregtigheid woon. (2 Petr. 3:13). Nou leef ons nog op n vervloekte aarde waar die stryd om die daaglikse brood op die voorgrond staan. (Vgl. Gen. 3:17-19). En in hierdie stryd word die mensheid steeds gedwing om rekening te hou met die feit dat elkeen sy broeder se hoeder is.

Ook die onwedergebore mens - al is dit dan net terwille van selfbehoud - moet rekening hou met die bestaansnood van ander. Vandaar dat daar ook "ander liggame of instellings" is "wat aan die behoeftiges hulp verleen..."

Dit kan dan deur en deur wêreldse instellings wees met uitsluitlike menslike motiewe vir die hulpverlening.

Dit kan egter ook liggame of instellings wees wat deur die inisiatief van gelowiges opgerig is of dit kan wees dat dit deur die owerhede opgerig en instand gehou word.

ARTIKEL 28

1. Redaksie

In die 1931 uitgawe van die K.O. van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika word eerstens in art. 28 aan die owerhede voorgeskryf wat hulle plig is. "Dit is die plig van die Christelike owerhede om die heilige kerkdiens op alle maniere te bevorder en met hulle voorbeeld die onderdane daartoe op te wek; en om aan die Predikante Ouderlinge en Diakens in alle voorkomende moeilikheid hulp te bied en hulle volgens die vasgestelde orde te beskerm." Vervolgens word beveel dat die Predikante ens. as't ware 'n teëprestasie moet lewer "Ewe so is alle Predikante, Ouderlinge en Diakens verplig om by die hele gemeente getrou en ywerig in te skerp die gehoorsaamheid, liefde en eerbied wat hulle aan die owerhede verskuldig is. Alle kerklike persone moet deur hulle voorbeeld hierin die gemeente voorgaan en deur behoorlike agting en korrespondensie trag om die guns van die owerhede jeens die kerke op te wek en te behou, sodat, as elkeen wedyersyds sy verpligting nakom in die vrees van die Here, alle agterdog en wantroue voorkom mag word en eensgesindheid onderhou mag word in belang van die Kerke."

Hierdie artikel kom vir die eerste maal voor by Dordrecht 1618/1619. Onder die handelinge van die 161 ste sessie (Acta, Donner en van den Hoorn, p. 93²) word vermeld: "Is voorgelezen het Artikel van minnelijke Correspondentie, te houden tusschen de Christelijke Magistraten en de Kerkedienaren ..." Voorts is besluit om die Artikel by "de rest van de (Canones) artikelen der Kerke-ordeningen by te voegen, ...".

Hoe die besluit "in de wereld is gekomen, kan ik niet zeggen... Gee enkel gravamen gaf er aanleiding toe..." (H.E. Kuyper, Post-Acta p. 146). H. Bouwman het hom nooit oor die Artikel uitgelaat nie (vgl. sy Geref. Kerkrecht).

Blykens die redaksie en inhoud van die artikel is dit duidelik dat met die formulering 'n poging deur die Dordtse Vaders aangewend is "om de Overheid gunstig te stemmen tot approbatie van de Kerken ord

(Part. Acta p.146. Vgl. ook Joh. Jansen 1917, Van de Diensten, p.759). Volgens beide Kuyper en Jansen, hoort die artikel soos te Dordt geformuleer, in elke geval nie in die K.O. tuis nie. Dit is niks meer as 'n kontrak wat die toekomstige verhouding van die kerk en owerheid moes reël nie. Sou die owerheid die K.O. goedkeur, was dit vanselfsprekend aan die kontrak gebind. Waar dit uiteinde-lik nie goedgekeur is nie, druk dit tog nog die gevoel van die kerk uit oor hoe die verhouding gereël behoort te wees. (Jansen 1917, p.759).

Dit is so duidelik dat die eerste gedeelte, waarin die taak van die owerheid voorgeskryf word - al kom dit ooreen met art. 36 N.G.B. - nie in die K.O. tuishoort nie, maar wel in die belydenis. Prof. J.D. du Toit skryf ook in sy Kerkreg-diktaat dat die gedeelte "klink sonderling in die K.O."

Die Sinode 1967 het dan ook geoordeel dat die artikel soos deur Dordt geformuleer nie in die K.O. tuishoort nie. Die nuwe redaksie, soos tans gevind in art. 28, is toe geformuleer.

Daar was wel 'n aanbeveling om die artikel te laat lees: "Dit is die plig van alle Predikante...". Maar daar is tog gevoel om by wyse van inleiding en in aansluiting by art. 36 N.G.B., wel vergelykender- wys die stelling te maak aangaande die plig van die owerheid en dan voort te gaan met die voorskrif aan die ampsdraers.

Ook artikel 28, soos dit uit die geworstel met die redaksie daarvan blyk, het as agtergrond die feit dat die kerk nie van die wêreld is nie, maar tog wel in die wêreld. Met die owerheid, die instelling van God vir die ordelike reëling van die mensheidslewe op aarde, moet die kerk nie alleen rekening hou nie, dit moet dit ook eer as instelling van God en daarom gepaste gehoorsaamheid betoon.

2. Taak t.o.v. die owerheid

Die predikante, ouderlinge en diakens moet "die gehoorsaamheid en eerbied wat aan die owerheid verskuldig is, getrou en ywerig by die gemeente" inskerp.

Hier word dan ook nie net van christelike owerhede gepraat nie, net van die owerheid, soos die Heilige Gees dit deur die apostel Paulus stel. Die owerhede is deur God gegee "sodat ons n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid" (1 Tim. 2:2). Alles moet gedoen word om "die guns van die owerheid jeens die kerke op te wek en te behou in belang van die kerke" - dit egter altyd behoudens die verantwoording aan God. Daarom is bepaal dat hulle dit "moet trag (om) in die vrees van die Here, ..."

Korrespondensie is voorts nodig om die nodige reelings met die owerhede in belang van die kerk te tref. Die kerklike vergadering mot sorg dat die "kanale" na die owerhede oop bly om in voorkomende gevalle die nodige getuienis te lewer (bv. t.o.v. growwe volksondes of die sondige optrede van die owerhede). Die medewerking van die owerhede tot bv. die behoorlike bediening van lidmate in die leër, in die beskikking oor eiendomme ens. is nodig.

Art. 28 is een van die artikels wat baie min aandag kry. Tog word dit in die bestaan van die kerk in hierdie wêreld, veral vandag, al hoe noodsaakliker om die artikel uit te voer. Teenoor die anti-chirstelike wetteloosheid wat ons in ons bestaan alhoemeer kwel moet die ampsdraers tydig en ontydig die goddelike gebod van die gehoorsaamheid aan en eerbied vir die owerhede as instellings van God verkondig. Daarby moet elke ampsdraer ock in sy optrede in die gemeente deur eie voorbeeld die weg van gehoorsaamheid en eerbied aanwys. Tegelykertyd sal daar altyd ingedagte gehou moet word dat die guns van die owerhede nie teen elke prys gekoop kan word nie, bv. deur te swyg as sondes van die owerhede ten hemel skrei nie; dit moet altyd gesoek word net "in die vrees van die Here."

* * * * *